TR 75-25

# SKOOLVOORLIGTING IN DIE PRIMêRESKOOL MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DRUIPING VAN INTELLIGENTE LEERLINGE IN KAAPLAND

TESIS

ingelewer ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad van

MAGISTER IN OPVOEDKUNDE

aan die Universiteit van Rhodes

deur

JACOB PETRUS MARITZ

Januarie 1985

# INHOUDSOPGAWE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| HOOFSTUK EEN | DIE NOODSAAKLIKHEID VAN SKOOLVOORLIGTING IN DIE PRIMêRESKOOL | 1 |
| HOOFSTUK TWEE | DRUIPING IN DIE PRIMêRESKOOL | 15 |
| HOOFSTUK DRIE | IDENTIFISERING VAN FAKTORE WAT 'n ROL SPEEL IN DRUIPING BY WYSE VAN GEVALLE-STUDIES | 44 |
| HOOFSTUK VIER | GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS | 78 |
| ADDENDUM | | 88 |
| BRONNELYS | | 125 |

# HOOFSTUKONTLEDING


| HOOFSTUK 1 | Bladsy |
|---|---|
| 1 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN SKOOLVOORLIGTING IN DIE PRIMêRESKOOL | 1 |
| 1 1 Inleiding | 1 |
| 1 2 Skoolvoorligting in die primêreskool: Enkele gesigspunte | 1 |
| 1 2 1 Die aard van skoolvoorligting | 4 |
| 1 2 1 1 Korrektiewe en preventiewe aard van skoolvoorligting | 4 |
| 1 2 2 Die noodsaaklikheid van skoolvoorligting | 6 |
| 1 2 2 1 Studiehoudings en -gewoontes | 6 |
| 1 2 2 2 Onderprestasie | 7 |
| 1 2 2 3 Aanvangsonderwys | 7 |
| 1 2 2 4 Verskeidenheid van behoeftes | 8 |
| 1 2 2 5 Modernisme | 8 |
| 1 2 2 6 Skoolvoorligter | 9 |
| 1 2 3 Skoolvoorligtingspraktyk | 9 |
| 1 2 3 1 Individuelevoorligting | 10 |
| 1 2 3 1 1 Leerlinge | 10 |
| 1 2 3 1 2 Onderwysers | 11 |
| 1 2 3 1 3 Ouers | 11 |
| 1 2 3 2 Groepvoorligting | 12 |
| 1 3 Samevatting | 13 |
| HOOFSTUK 2 | 15 |
| 2 DRUIPING IN DIE PRIMêRESKOOL | 15 |
| 2 1 Faktore wat druiping beïnvloed | 15 |
| 2 1 1 Die kind en sy persoonsbeeld | 15 |
| 2 1 1 1 Intelligensie | 15 |
| 2 1 1 2 Emosionele faktore | 18 |
| 2 1 1 3 Sosiale faktore | 19 |

Bladsy

2 1 1 4 Selfbeeld van die leerling 20

2 1 1 5 Studiebenadering, motivering en leerstrategie 23

2 1 2 Die rol en invloed van die ouers 26

2 1 2 1 Ouerbetrokkenheid 26

2 1 2 2 Huislike omstandighede en toekomsverwagting 28

2 1 3 Die rol en die invloed van die skool t.o.v. druiping 30

2 1 3 1 Doelstellings van die skool 31

2 1 3 2 Tipe skole 33

2 1 3 3 Skoolgereedheid 34

2 1 3 4 Leerplanne 35

2 1 3 5 Evaluering 37

2 1 3 6 Die rol van die onderwyser 39

2 1 3 7 Gesindheid van die onderwyser 39

2 1 3 8 Didaktiese benadering van die onderwyser 41

2 2 Samevatting 43

HOOFSTUK 3 44

3 IDENTIFISERING VAN FAKTORE WAT 'n ROL SPEEL IN DRUIPING BY WYSE VAN GEVALLESTUDIES 44

3 1 Inleiding 44

3 2 Emosionele faktore 45

3 3 Sosiale faktore 48

3 4 Selfbeeld van leerlinge 53

3 5 Fisieke en gesondheidsfaktore 59

3 6 Intelligensie 60

3 7 Funksionele neurologiese probleme 64

3 7 1 Motoriese afwykings 64

3 7 2 Konsentrasie probleme 65

3 7 3 Geheue probleme 65

Bladsy

3 7 4 Afleibaarheid 65

3 8 Studiehoudings en -gewoontes 65

3 9 Die invloed van die onderwyser 69

3 10 Die invloed van die skool 71

3 10 1 Skoolgereedheid 71

3 10 2 Aantal skole bygewoon 74

3 11 Die invloed van die ouers 75

3 11 1 Huislike omstandighede 75

3 11 2 Ouerbetrokkenheid 77

3 12 Samevatting 77

HOOFSTUK 4 78

4 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 78

4 1 Gevolgtrekkings 78

4 1 1 Gevolgtrekkings uit die literatuurstudie en ondersoek 78

4 1 1 1 Gevolgtrekkings t.o.v. die invloed van die ouerhuis 79

4 1 1 2 Gevolgtrekkings t.o.v. die invloed van die skool en onderwysers 79

4 1 1 3 Gevolgtrekkings t.o.v. gemeenskapsbetrokkenheid 80

4 1 1 4 Gevolgtrekkings t.o.v. skolastiese behoeftes van die leerlinge 80

4 1 1 5 Gevolgtrekkings t.o.v. die emosionele ontwikkelingsvlak van die leerlinge 81

4 1 1 6 Gevolgtrekkings t.o.v. sosiale interaksie 81

4 1 1 7 Gevolgtrekkings t.o.v. die leerlinge se selfbeeld 82

4 1 2 Algemene gevolgtrekkings 82

4 2 Aanbevelings 82

4 2 1 Die pos van skoolvoorligter 83

4 2 1 1 Opleiding van die skoolvoorligter 83

4 2 1 2 Die taak van die skoolvoorligter 83

Bladsy

4 2 1 2 1 Berading en groepvoorligting 83

4 2 1 2 2 Konsultasie deur die skoolvoorligter 84

4 2 1 2 3 Koördinasie deur die skoolvoorligter 85

4 2 2 Skoolvoorligtingsmodel 85

4 2 2 1 Doelstellings van die skoolvoorligtingsmodel 85

4 2 2 1 1 Behoeftebepaling met die oog op struktuurskepping 85

4 2 2 1 2 Sensitiwiteitsopleiding van betrokkenes 86

4 2 2 1 3 Kinderleiding 86

4 2 2 1 4 Konsultasiedienste 86

4 2 2 1 5 Berading en groepvoorligting 86

4 2 2 1 6 Evaluering en navorsing 86

4 2 3 Skoolvoorligtingsprogram 87

4 3 Navorsing 87

4 4 Samevatting 87

DANKBETUIGINGS

Ek bedank graag my studieleier, Ken Dovey, wat met sy inspirasie en leiding tersiëre opvoeding tot sy reg laat kom.

# HOOFSTUK 1

## 1 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN SKOOLVOORLIGTING IN DIE PRIMêRESKOOL

### 1 1 Inleiding

Die doelstellings van onderwys in die primêreskool maak o.a. voorsiening vir al die behoeftes van leerlinge. Om die doel te bereik is dit noodsaaklik dat alle moontlike middele en dienste benut word. Skoolvoorligting maak 'n noodsaaklike deel uit van die spektrum van voorsiening. Skoolvoorligting is nie iets nuut wat van buite op die skool afgedruk word nie, maar vorm 'n integrale deel van gesonde onderwyspraktyk. Die gevaar bestaan dat skoolvoorligting sy invloed kan verloor ten koste van 'n meer akademiesgerigte leerplan. In die lig hiervan is dit nodig om te bepaal wat die aard en doel van skoolvoorligting in die primêreskool is.

### 1 2 Skoolvoorligting in die primêreskool: Enkele gesigspunte;

Uit die literatuur is dit duidelik dat daar 'n groot verskeidenheid standpunte en denkwyses t.o.v. skoolvoorligting bestaan. (Van Hoose et al, 1973; Nelson, 1972; Meeks, 1968; Patouilet, 1971). Die verskeidenheid dui nie op teenstrydighede nie, maar eerder op die beklemtoning van bepaalde gesigspunte soos uit 'n bepaalde hoek gesien. Skoolvoorligting dui op voorligting wat op skoolvlak tuis hoort. In die primêreskool gaan dit dus om voorligting aan leerlinge deur onderwysers en ander betrokkenes wat binne skoolverband bemoeienis maak met die kind. Volgens Meeks (1968) is skoolvoorligting kind-gerig en word skoolvoorligting omskryf as daardie deel van onderwys wat die leerling help om homself, sy omgewing en die eise daarvan, te verstaan om sodoende harmonie tussen sy leefwêreld en homself te bewerkstellig. Patouilet (1971) beskou skoolvoorligting as die maksimale ontwikkeling van die leerling se potensiaal om sy persoonlike geluk en

welsyn in die gemeenskap te bevorder. Volgens Nelson (1972) is daar vier basiese elemente in alle definisies van skoolvoorligting.
Hy vat dit as volg saam:

- Skoolvoorligting sluit hulpverlening in.
- Skoolvoorligting is persoonsgerig.
- Skoolvoorligting streef die uitbreiding van selfkennis na.
- Skoolvoorligting streef die verstaan van ander na. (p. 7)

Verskillende skrywers lig die belangrikheid van hulpverlening aan die kind as een van die kenmerke van skoolvoorligting uit. So verwys Meeks (1968), Nelson (1972) en Van Hoose et al (1973) na die noodsaaklikheid van ondersteuning en hulpverlening waarop die leerling aangewese is in die proses van sosiale, emosionele en persoonlikheidsontwikkeling.

In die primêreskool is skoolvoorligting op die persoon van die leerling gerig. Biasco (1973) en Mills (1971) verwys na die hulp wat aan die individuele leerling se behoeftes verleen moet word. Skoolvoorligting moet voorsiening maak vir die tipe hulp wat voorkomend sowel as korrektief van aard is. Alle leerlinge moet dus hulp en ondersteuning geniet en nie net die wat dringend aandag nodig het nie. Skoolvoorligting in die primêreskool sluit dus nie net al die leerlinge in nie, maar ook die volwaardige kind. "Guidance encompasses the full range of personalized assistance given to the individual in seeking to expand his selfunderstanding and his understanding of others." (Nelson, 1972, p. 7).

Sonder 'n realistiese selfbeeld, asook die aanvaarding van die self, is dit nie moontlik om gelukkig en suksesvol in die skool te wees nie. Van Hoose et al, (1973) en Purkey (1970) beklemtoon die noodsaaklikheid dat leerlinge

hulself met hul besondere bates en tekortkominge moet ken en aanvaar. Op hierdie grondslag is dit moontlik om 'n gesonde selfkonsep te ontwikkel.

Hier in Suid-Afrika verskyn die De Lange-verslag (1981) wat skoolvoorligting as volg omskryf: "School Guidance, that it is a practice, a process of bringing the pupil into contact with the world of reality in such a way that he acquires life-skills and techniques which allow him to direct himself completely (i.e. to become self-actualising) within the educational, personal and social spheres and the world of work, in order to progress and survive effectively." (Report on the work Committee : Guidance, p. 5)

Dit is nie vir die kind moontlik om selfstandig sonder die nodige hulp te ontwikkel nie. Die bemoeienis van volwassenes met die volwaardige wese van die kind is dus noodsaaklik. Kruger (1977) sien die gedagte as volg; "... die verantwoordelike bemoeiing, wat die opvoeder met die kind maak om te ondersteun in die voorkoming en uitskakeling van faktore wat sy geestes-gesondheid kan versteur, hom te help bring tot verantwoordelike, mondige uitvoering van sy lewensroeping." (H.B. Kruger, 1977, p. 6).

Bogenoemde gesigspunte omskryf skoolvoorligting in die algemeen. Dit is nodig om daarop te let dat leerlinge op 'n bepaalde ontwikkelingsvlak bepaalde behoeftes het. Die primêreskoolkind onderskei homself byvoorbeeld van die hoërskoolkind wat sy besondere ontwikkelingskenmerke en behoeftes betref. Skoolvoorligting in die primêreskool dui op daardie bepaalde handeling, op skool, wat die kind ondersteun in sy fisieke, affektiewe, kognitiewe, sosiale en morele ontwikkeling om sodoende homself te verstaan, te begryp en te aanvaar, met die oog op die aanpassing en verandering wat nodig is om te voldoen aan die verwagting en eise van sy kultuurgroep in die

besonder en van die gemeenskap in die breë.

1 2 1 Die aard van skoolvoorligting

Skoolvoorligting is onlosmaaklik deel van onderwys en kan nie as 'n losstaande diens van die skool aan die leerlinge, onderwysers en ouers gesien word nie. Skoolvoorligting moet as dinamiese diens met ontwikkeling en verandering, binne en buite die skool, tred hou. As rigtinggewer moet skoolvoorligting positiewe gesindhede t.o.v. die leerling se toekomsverwagting by hom skep. Negatiewe gesindhede kan deur vroeë identifisering van leerprobleme voorkom word. Van Hoose (1973) wys daarop dat talle volwassenes se lewensverloop meer suksesvol sou wees as daar op 'n vroeë stadium van hulle skoolloopbaan aan hulle bepaalde probleme aandag gegee is.

1 2 1 1 Korrektiewe en preventiewe aard van skoolvoorligting

Kenmerkend van skoolvoorligting is die voorkomende aspek wat gerig is op tydige bemoeienis met die leerling en sy bepaalde probleem. In die hoërskool is daar talle leerlinge wat, a.g.v. verkeerde of swak studiehoudings en gewoontes, so ver agter geraak het, dat daar nie veel kans op suksesvolle herstel is nie. Die skrywer het talle leerlinge hanteer van wie die probleem se oorsprong na die primêreskool teruggevoer kon word. Sekondêre probleme, veral van emosionele aard, was opmerklik in die hoërskool. Aangesien daar nie, in die primêreskool, aan die aanvanklike probleem aandag gegee is nie, het 'n sekondêre probleem, wat gekenmerk word deur onaanvaarbare gedrag, frustrasie en 'n negatiewe gesindheid, ontstaan. Tydige hantering van die oorspronklike probleem in die primêreskool sou sekondêre probleme voorkom en 'n positiewe bydrae tot 'n gesonde persoonlik-

heidsontwikkeling maak.

In Suid-Afrika is daar deur wetgewing voorsiening gemaak vir skoolvoorligting aan alle leerlinge. Wet 39 van 1967 bepaal "16(1) Voorligting word aan 'n leerling verskaf ten opsigte van persoonlike aangeleenthede, opvoedkundige keuse en, met inagneming van die land se behoeftes, 'n beroepskeuse.
17 Voorligting word aan 'n leerling verskaf in medewerking met die betrokke skoolpersoneel en met inagneming van die wense van die leerling se ouers." (Staatskoerant van 12 November 1971).

Uit genoemde wetgewing kan afgelei word dat skoolvoorligting in die primêreskool voorsiening moet maak vir hulp aan leerlinge met probleme. Leerlinge moet ook voorberei word om selfstandig en verantwoordelik besluite te neem. Sinvolle en gesonde persoonlikheidsontwikkeling moet voorop gestel word.

Die moderne samelewing gaan gebuk onder die las van sy eie ontwikkeling en voorspoed. Die moderne en tegnologiese samelewing beklemtoon die mag en status van welvaart en ontwikkeling ten koste van gesonde emosionele en sosiale strukture. Aangesien aspekte soos interpersoonlike relasies en verhoudings in die proses verlore gaan, skep dit 'n eensame en uitsiglose leefwêreld vir die individu. Skoolvoorligting se preventiewe aard lê juis daarin dat voorsiening gemaak moet word vir die ontdekking van waardes en strukture waarin interpersoonlike verhoudings tot sy reg kan kom. Na die ontwrigting van die Tweede Wêreldoorlog is persoonlike sukses, mag en ambisie as aanvaarde norme van die moderne samelewing aanvaar. Uit hierdie geslag het 'n welvarende samelewing ontstaan wat nie oor die emosionele en

sosiale onderbou beskik om hulleself in die wêreld van kompetisie te handhaaf nie, of wat daartoe in staat is om hulle kinders, wat huidiglik op skool is, te ondersteun wat die ontwikkeling van gesonde emosionele en sosiale waardes betref nie.

1 2 2 Die noodsaaklikheid van skoolvoorligting

Hoewel daar geen formele skoolvoorligtingsprogram in die primêreskool bestaan nie, het die skrywer in die praktyk met talle probleme te doen gekry wat gespesialiseerde hulp noodsaak. In Kaapland is daar met die verskyning van "Jeugweerbaarheid in die Primêreskool" gedurende 1981 in die rigting beplan. In dieselfde jaar verskyn die "Handleiding en werkskema vir skoolvoorligting standerd 5 - 10". In beide stukke word 'n werkskema vir skoolvoorligting vir standerd 5 en die Spesiale Klas uiteengesit. Aangesien alle leerlinge gedurende hulle st. 5 jaar keuses moet uitoefen t.o.v. skooltipes en studie-rigtings in die breë, is dit noodsaaklik dat 'n gereedmakingsproses die st. 5 jaar vorafgaan.

1 2 2 1 Studiehoudings en -gewoontes

Skoolvoorligting kan 'n besondere bydrae lewer t.o.v. effektiewe studiemetodes, -houdings en -gewoontes. Wat veral kommer wek, is die aantal leerlinge in die primêreskool wat ten spyte van 'n gemiddelde en bo-gemiddelde intelligensiekwosiënt, 'n jaar moes herhaal. Gedurende Januarie 1983 is 'n opname van alle druipelinge in blanke skole in Kaapland gemaak. Van die populasie het 11,5% een of meer maal gedruip. Bogenoemde bevindings korreleer met die 11% van die populasie wie se intelligensie-kwosiënt 80 en laer is. Dit is egter opvallend dat soveel as 21,75%, van al die druipelinge, oor 'n gemiddelde of bogemiddelde intelligensie beskik. Uit die

jaarverslae van die Kaaplandse Skoolklinieke is dit duidelik dat daar 'n jaarlikse toename in die aantal primêreskoolleerlinge met spesifieke leerprobleme is. Die leerprobleme is nie net beperk tot didaktiese probleme nie, maar sluit al hoe meer kliniese gevalle in. Uit die lang waglyste van die skoolklinieke blyk dit duidelik dat daar baie meer probleemgevalle bestaan as wat gehelp kan word.

1 2 2 2 Onderprestasie

In die praktyk kry die skrywer daagliks met primêreskoolleerlinge te doen wat onderpresteer, m.a.w. wat nie volgens vermoë presteer nie. Oorsake soos swak huislike omstandighede, aanpassingsprobleme en persoonlikheidsbotsings is enkele oorsake wat uitgelig kan word. Die probleem word vererger deurdat daar nie genoeg kundige persone beskikbaar is om in die behoeftes van die leerlinge te voorsien nie. Ouers en veral onderwysers vind dit moeilik om sonder 'n bestaande voorligtingstruktuur in die skool die probleme van die leerlinge die hoof te bied.

1 2 2 3 Aanvangsonderwys

Die noodsaaklikheid van skoolvoorligting tree sterk na vore as daar gekyk word na die behoeftes van leerlinge in die primêreskool. Navorsing bevestig die belangrikheid van die eerste aantal skooljare. Gedurende dié jare is die leerling se ontwikkeling van deurslaggewende belang. (Kagan en Moss, 1962; Meeks 1968). Kagan en Moss (1962) stel dit dat die eerste vier jaar van skoolkontak en sosiale ervaring, gedragspatrone bepaal wat deel vorm van die kind se lewe en hom bybly tot en met volwassenheid. In aansluiting met bogenoemde beklemtoon Meeks (1968) die belangrikheid van die vaslegging van houdings t.o.v. studie en die selfbeeld wat gedurende die

eerste skooljare plaasvind.

1 2 2 4 Verskeidenheid van behoeftes

Om die noodsaaklikheid van skoolvoorligting in die primêreskool te motiveer, is dit belangrik om na die werklike situasie in hierdie skole te kyk. Met die behoeftes van leerlinge as uitgangspunt, wil dit voorkom dat daar verskillende terreine is waar leerlinge op leiding en hulp aangewese is. Dimick en Huff (1970) meen dat, in 'n gemiddelde klas van dertig leerlinge, daar een of twee is wat as neuroties beskou kan word, vier leerlinge wat reeds emosionele of gedragsprobleme ervaar, sewe wat sal trou en in die egskeidingshof beland, een wat 'n alkholis sal word en drie wat op die een of ander tydstip van hulle lewe vir die een of ander geestesafwyking behandel sal wórd. Aangesien die kind as 'n psigo-fisiese eenheid in sy totaliteit op hulp aangewese is, moet daar met skoolvoorligting in sy sosiale, emosionele en skolastiese behoeftes voorsien word.

1 2 2 5 Modernisme

Leerlinge met probleme is nie die enigste wat aangewese is op hulp en leiding nie. In die primêreskool is daar 'n aantal leerlinge wat 'n gelukkige en redelike ongekompliseerde lewe lei. Sulke leerlinge het ook 'n behoefte aan leiding t.o.v. skolastiese-, sosiale-, emosionele- en persoonlikheidsontwikkeling. Hierdie leerlinge moet aanpas by die eise van die kennisontploffing wat die tweede helfte van die eeu kenmerk. In die huis en in die gemeenskap versnel die lewenstempo en moet die leerling geleer word hoe om sy tyd ekonomies en sinvol te benut. "Modernization" word gekenmerk deur die gelykmakende proses waarbinne die produksie vooropgestel word en die behoeftes en waardes van die individu ondergeskik raak. Dit bring ook mee dat die skool veel meer moet doen t.o.v. die

belangrikheid van waardes, norme en beginsels in die lewe van die kind.

1 2 2 6 Skoolvoorligter

In Suid-Afrika het die jeug van die verskillende bevolkingsgroepe 'n besondere taak om toekomstige probleme van nasionale belang aan te pak en op te los. Ter voorbereiding vir die taak, moet daar voorsien word in die behoeftes van leerlinge in die primêreskool t.o.v. sosiale en kulturele ontwikkeling. Die De Lange-verslag (R.G.N. ondersoek van Onderwys, Julie 1981) wat gedeeltelik deur die Parlement gedurende 1983 aanvaar is om as riglyn vir toekomstige onderwysbeplanning te dien, beklemtoon onder andere die belangrikheid van skoolvoorligting in die primêreskool. Daar word veral klem gelê op die belangrikheid van beroepsvoorligting wat vir Suid-Afrikaanse toestande geld, te ontwikkel en toe te pas. In Suid-Afrika bestaan daar in sekondêre skole 'n skoolvoorligtingsdiens vir leerlinge van alle bevolkingsgroepe. In die praktyk is die diens egter beperk tot skole wat beskik oor die dienste van 'n onderwyser-sielkundige. Die belangrikheid van 'n opgeleide persoon om die diens sinvol te maak, is deur talle navorsers beklemtoon. Visser (1981) beklemtoon dit dat die opgeleide onderwyser-sielkundige 'n sleutelposisie in die skool beklee. Die primêreskool wat ook aangewese is op soortgelyke dienste, moet gebruik maak van die dienste van die skoolsielkundige wat periodiek die skool besoek. Vandag is die vraag nie meer óf daar 'n behoefte aan skoolvoorligting in die primêreskool is nie, maar eerder hoe effektief daar diens gelewer kan word.

1 2 3 Skoolvoorligtingspraktyk

Effektiewe diens binne die raamwerk van skoolvoorligting kan slegs gelewer word as daar voorsien word in al die behoeftes van die leerlinge. Die

terrein van voorsiening kan verdeel word in individuelevoorligting en groepvoorligting.

1 2 3 1 Individuelevoorligting

Individuelevoorligting is slegs effektief as 'n opgeleide skoolvoorligter beskikbaar is. Dit impliseer dat daar vir leerling, onderwyser en ouer 'n persoon beskikbaar is wat as konsultant, koördineerder en berader optree.

1 2 3 1 1 Leerlinge

Leerlinge wat konformeer en inpas by die algemene riglyne van die skool, vind oor die algemeen baat by dié skoolaktiwiteite. Die leerlinge wat nie inpas nie en skool beleef as 'n plek van mislukking, ervaar die skool as 'n plek wat ontwikkeling strem en groei ontmoedig. Laasgenoemde leerlinge is aangewese op direkte leiding en hulpverlening by wyse van individuelevoorligting of berading.

Individuelevoorligting of berading maak voorsiening vir die besondere behoeftes van die leerling wat nie binne groepsverband opgelos kan word nie. Die leerling verkry dus hulp om sy besondere probleem in perspektief te sien. So kan die leerling se eie waardes en vermoëns byvoorbeeld uitgespel word en sinvol aangewend word om die uitdagings, wat op skoolvlak voorkom, die hoof te bied. Berading as individuele, persoonsgerigte aktiwiteit kan moeilik binne 'n algemene raamwerk van gebeure saamgevat word. Uit die literatuur (Meeks, 1968; Van Hoose, 1973; Nelson, 1972) is dit egter duidelik dat suksesvolle berading die volgende kenmerke het:

Daar moet 'n wedersydse vertroue en aanvaarding van mekaar wees, ongeag agtergrond of enige standverskille.

Die berader moet opreg belangstel in die kind en poog om die kind werklik te

help.

Daar mag geen misverstand tussen die berader en die kind wees nie terwyl die berader moet poog om die kind te verstaan.

Die berader moet 'n duidelike beeld van al die eienskappe van die leerling deurgee en wenke gee oor hoe om die probleme die hoof te bied.

Die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld en selfvertroue, in die algemeen, is belangrik.

Die leerling moet leer om verantwoordelikheid vir sy besluite en optrede te aanvaar.

Sommige skrywers is van mening dat 'n onderwyser met basiese opleiding instaat is om sinvolle berading toe te pas. Van Hoose (1973) meen egter dat suksesvolle berading slegs moontlik is as 'n skoolvoorligter, met die nodige opleiding, dit hanteer.

1 2 3 1 2 Onderwysers

Hoewel die skoolvoorligter nie normaalweg onderwysers met hul eie persoonlike probleme ondersteun nie, is die skoolvoorligter daar om onderwysers te adviseer t.o.v. probleme wat hulle met leerlinge ervaar. Hierdie diens sluit o.a. metodes en benaderings in wat die onderwyser help om sinvoller onderwys te gee. Op die wyse is die skoolvoorligter as berader verantwoordelik vir die deurgee van toepaslike inligting aan skoolhoof, onderwysers en ouers.

1 2 3 1 3 Ouers

In die praktyk is die berader van veel waarde om individuele voorligting aan ouers te gee. Dit is die ervaring van die skrywer dat ouers dikwels meer hulp nodig het as hul kinders. Om die kind met sy algemene vordering en

welsyn in die skool te help, is dit nodig om ouers te oortuig dat hulle medeverantwoordelik is vir die hantering van die kind. Ouers het dikwels vreemde en onrealistiese idees t.o.v. die opvoeding van hulle kinders wat in stryd is met die algemene onderwysdoelstellings van die skool. Ouers kan toegelig word t.o.v. die algemeen aanvaarbare norme en riglyne van die skool. Dit is die taak van die skoolvoorligter om ouers in die opsig te ondersteun en as tussenganger tussen ouers en skool dien.

1 2 3 2 Groepvoorligting

Groepvoorligting kan as voorkomende voorligting gesien word. In die primêreskool impliseer dit groeponderrig wat, didakties gesien, op remediëring uitloop. In skoolvoorligting beteken dit groepsessies wat terreine soos beroeps-, persoonlike-, sosiale- en studievoorligting dek. Die voordeel van groepwerk is dat die leerlinge bewus word van mekaar se gedrag, houdings en gewoontes. Deur 'n positiewe klimaat te skep, kan groei en ontwikkeling in die groepsessies plaasvind. Shertzer and Stone (1981) wys daarop dat groepaktiwiteite 'n unieke geleentheid skep vir data versameling en besluitname en dat dit bydra tot die positiewe groei van elke lid van die groep. Die beplanning van groepwerk moet sorgvuldig gedoen word. Dit is die ervaring van die skrywer dat die doelstellings van die groepaktiwiteit deeglik geformuleer moet word. Die samestelling van die groep bepaal die tegniek wat aangewend moet word. Rolspel werk byvoorbeeld goed by die jonger kind. Seuns van ouderdom agt tot nege jaar vind dit byvoorbeeld moeilik om hulself verbaal uit te druk. Daar moet dus gewaak word dat die dogters nie die seuns in 'n gemengde groep oorheers nie. Navorsing op die vlak is egter nodig. Uit die literatuur is aanduidings dat daar in die VSA navorsing in die verband onderneem word wat positiewe resultate lewer. Van Hoose (1973) beweer dat groepvoorligting 'n leerervaring in mense-verhoudings

vir leerlinge kan skep. Hy beklemtoon verder "Apparently research supports continued considerations of its usage by counselors and, in order to reap maximum benefits, continued evaluation and adjustments in techniques." (Van Hoose et al, op. cit., p. 18).

Duidelike doelstellings moet geformuleer word en deeglike besinning is nodig om te bepaal wat vir die kind nuttig is. Die behoeftes van die kind moet dus deeglik in ag geneem word. Die volgende doelstellings van groepvoorligting is vir die kind van belang:

Die leerling moet bewus word van die ander leerlinge se behoeftes en vrese.

Die leerling moet poog om die ooreenkoms tussen sy eie behoeftes en dié van ander leerlinge raak te sien.

Deur wisselwerking van gedagtes moet die leerling besef dat sake van belang meer as een keerkant het.

Om onder die indruk te kom dat elke lid van die groep, ten spyte van individuele verskille, die reg het om te dink en te handel soos wat hy persoonlik voel.

Elke leerling moet poog om sekere gedragskodes te handhaaf en vaardighede op sosiale vlak aan te leer.

Groepvoorligting is ook moontlik vir ouers en onderwysers in groepe. Bogenoemde doelstellings en verwesenliking is slegs moontlik as al die betrokkenes ingelig word en saam kan besluit wat die beste is vir die leerling.

## 1 3 Samevatting

Skoolvoorligting is 'n onlosmaaklike deel van die skool se aktiwiteite. Deur

'n diens soos skoolvoorligting daar te stel, is dit moontlik om veral preventiewe hulp te verleen aan die leerling met 'n besondere probleem in die skool.

# HOOFSTUK 2

## 2 DRUIPING IN DIE PRIMêRESKOOL

Op skool ervaar leerlinge mislukking van een of ander aard. Aan die een kant kan dit wees dat die leerling nie presteer volgens eie verwagting nie, terwyl hy nog 'n besondere goeie punt behaal. Aan die ander kant druip die leerling omdat hy nie aan die minimum vereistes van die skool kan voldoen nie. Wat ookal die aard van die mislukking is, die leerling word in sy wese daardeur beïnvloed, aangesien hy homself deur sy prestasie beleef. In die skool kry die leerling die geleentheid om al sy vermoëns en verskuilde moontlikhede te ontwikkel. Volgens Holt (1964) misluk die meeste leerlinge juis omdat hulle net 'n beperkte gedeelte van hulle vermoë om te leer, te verstaan, insig te verkry, en om kreatief te dink, ontwikkel. Druiping is dan as gevolg van vrees, verveling en verwarring.

### 2 1 Faktore wat druiping beïnvloed

#### 2 1 1 Die kind en sy persoonsbeeld

##### 2 1 1 1 Intelligensie

Elke kind word gebore met 'n bepaalde potensiaal. Met gestandaardiseerde toetse is dit moontlik om die deel van die potensiaal wat ontwikkel het en in die praktyk gebruik kan word, te meet. Stimulering, asook die invloed van die omgewing waarin die kind opgroei, bepaal in watter mate die potensiaal ontwikkel het. Daar moet egter duidelik onderskei word tussen intelligensie en intelligensiekwosiënt. Vir die doel van die studie word intelligensie gesien as die wyse waarop die kind reageer in 'n bepaalde probleemsituasie. Dit is opmerklik dat kinders in 'n probleemsituasie die probleem op 'n meerdere of mindere intelligente wyse benader. Intelligente

optrede is 'n aanduiding in watter mate die potensiaal ontwikkel het. Hunt (1962) verwerp intelligensie as 'n konstante eienskap en sien dit as die totale aantal intellektuele vaardighede wat die gevolg is van 'n wisselwerking tussen die kind en sy omgewing. Die intelligensiekwosiënt is bloot 'n statistiek en 'n greep of 'n snit van 'n kind se intelligente optrede in 'n bepaalde toets.

Sonder om die begrip intelligensie breedvoerig te bespreek, is daar sekere standpunte wat uitgelig moet word vir die doel van die studie. Die leerling wat, weens gebrekkige ervaring, swak konsentrasie, gebrekkige leerstrategie en die gebrek aan motivering, swak presteer in 'n IK-toets, sal noodwendig in die lig van bogenoemde redes ook swak presteer in die skoolsituasie. Stott (1978) stel dit duidelik dat 'n lae IK-toets daarop dui dat daar sekere areas is waarin die leerling swak vaar. Die tradisionele opvatting dat 'n lae telling op 'n lae intelligensie dui, moet vervang word met die opvatting dat 'n lae telling 'n aanduiding is van 'n kind in nood. In die praktyk ervaar die skrywer gevalle wat laag toets maar waar leerlinge na verdere diagnoses en toepaslike programme so ontwikkel, dat latere hertoetsing 'n veel beter beeld weergee. Walker (1975) se ondersoek na hiperaktiewe kinders toon aan dat die gedrag van die kinders deur talle oorsake bepaal word en dat heelwat gedoen kan word deur deeglike diagnose, in plaas van die gebruik van medikasie.

Waar moontlik word 'n primêreskoolleerling met leerprobleme verwys vir psigometriese en skolastiese ondersoeke. Die waarde en nut van die tellings van die intelligensietoets is om te bepaal of die leerling wel by 'n remediërende program sal baat. Slegs die leerlinge met 'n gemiddelde en bo-gemiddelde intelligensie kwalifiseer vir remediërende hulp. Die leerlinge

met onder-gemiddelde en swak tellings, wat ook skolasties misluk, kwalifiseer vir spesiale onderwys. Onderwysers word oor die algemeen sterk beïnvloed deur die waarde van die IK-syfer. As die leerling dan ook 'n lae telling in 'n bepaalde toets behaal en dit korreleer met die ervaring van die onderwyser in die klas, word die leerling die etiket van 'n lae intelligensie om die nek gehang. Dit is altyd nuttig om 'n lae telling verder te ondersoek. Onderhoude met die leerling se ouers is in die praktyk vir die skrywer insiggewend om die werklike oorsake van die lae intelligensiesyfer te bepaal.

Ten spyte van genoemde kritiek moet dit beklemtoon word dat intelligensiemeting op 'n stewige teoretiese basis staan. So het Guilford (1959) reeds met sy drie-dimensionele model, wat al die bekende faktore van kognitiewe aktiwiteite insluit, gepoog om 'n basis te skep vir 'n verantwoordbare metingstoets. Die neiging is om meer klem op diagnostiese meting te laat val. In Suid-Afrika het Madge (1976) die JSAIS uitsluitlik as 'n diagnostiese meetmiddel ontwikkel en het, onder druk van buite, IK-skale bygevoeg. As die JSAIS ontleed word, is dit duidelik dat al die bekende komponente van intellektuele ontwikkeling deeglik gedek word.

In Suid-Afrika en veral in Kaapland, word die primêreskoolleerplanne deur 'n sterk akademiese inslag gekenmerk. Dit bring mee dat druiping plaasvind. In hoofstuk drie sal volledig verslag gedoen word van die voorkoms van druiping in die primêreskool. Uit die literatuur is dit duidelik dat leerlinge met 'n gemiddelde en bo-gemiddelde intelligensie, d.w.s. van IK-syfer 97 en hoër, nie behoort te druip as gevolg van gebrekkige intelligensie nie.

2 1 1 2 Emosionele faktore

Die emosionele ontwikkeling van die kind in die primêreskool speel 'n belangrike rol in die algemene welsyn van die kind. 'n Goedaangepaste en gelukkige leerling se kanse is beter om 'n suksesvolle skoolloopbaan te hê as die leerling wat emosionele probleme ondervind. Maslow (1954) het reeds 'n hiërargie van behoeftes saamgestel. Die verwaarlosing van die sogenaamde "growth needs" kan aanleiding gee tot emosionele wanaanpassing en frustrasie.

Angs en spanning speel ook 'n belangrike rol wat skolastiese vordering betref. Blootstelling aan onnodige eise of werk wat te moeilik is op skoolvlak, bring mee dat neurotismes ontwikkel. In die praktyk ervaar die skrywer dat leerlinge wat leerprobleme ontwikkel of druip, onbewus is van die abnormale vlak van angs en spanning waarmee hulle die skool en sy aktiwiteite beleef. Wanneer die leerling self, asook die onderwysers en ouers bewus gemaak word van die faktore wat die angs en spanning veroorsaak en 'n aangepaste benadering gevolg word, verminder die angs en spanning en kan die leerling weer vorder.

Die moeilikheidsgraa van die skoolwerk, twyfel oor sukses al dan nie, en die vrees dat ander die angs en twyfel van die leerling in die klassituasie sal agterkom, bepaal die mate van spanning waaronder die leerling sy taak moet uitvoer. Volgens Holt (1964) is die onderwyser verantwoordelik om toe te sien dat leerlinge die korrekte spanningsvlak handhaaf om die grootste voordeel uit die onderrig-leersituasie te trek. Leerlinge kan van spanning ontslae raak deur van verskillende tegnieke gebruik te maak, byvoorbeeld deur aktiwiteite wat in klassituasie aanvaarbaar is, maar nie noodwendig

vordering of sukses waarborg nie. Die uitwerk van wiskundige probleme sonder enige struktuur of aanvaarbare metode, die oorskryf van feite uit boeke sonder enige doel, ontvlugting in die lees van boeke, besig bly met skryfwerk of stip na die onderwyser staar, maar homself afsluit van die klassituasie, is enkele aanduidings van spanning wat te veel word. Elke leerling het sy eie wyse waarop hy reageer. Die skrywer het nie net in die klassituasie nie, maar ook in die toetssituasie gevind dat leerlinge se waaghouding die maklikste deur angs en spanning beïnvloed word. Vinnige antwoorde wat geen verband hou nie, stilswye of "ek weet nie" is 'n aanduiding dat die spanning te veel word en dat dié tipe reaksies gegee word net om van die spanning ontslae te raak.

2 1 1 3 Sosiale faktore

Met skooltoetrede word die meeste leerlinge vir die eerste keer aan 'n georganiseerde sosiale struktuur blootgestel. Vanaf die ouderdom van 9 jaar begin groepaktiwiteite voorrang geniet en betree die leerling 'n leefwêreld waar die groep se belange hoër aangeskryf word as die norms van die onderwysers en die ouers. Mislukking of druiping in 'n toets, werkstuk of standerd word nie noodwendig as 'n mislukking deur die groep beleef nie. In die praktyk is dit dikwels moeilik om die aansien en status van 'n groep, wat prestasie en vordering as dislojaal teenoor die groep beskou, af te kraak. Die standaarde en norms wat die groep voorskryf word dus hoër geag as die van die onderwyser.

Identifikasie met 'n heldefiguur speel 'n belangrike rol in die sosiale ontwikkeling van die leerling. Die optrede en gedrag van so 'n identifikasie-figuur voorsien vir die leerling 'n geleentheid tot kompensasie

in die areas waar hy nie so seker van sy eie vermoëns is nie. Afhangende van wie die identifikasie figuur is, word sukses of mislukking in die skool beïnvloed.

Bryan en Bryan (1978) wys in hul ondersoek daarop dat leerlinge met leerprobleme die minste aanvaar word deur hul groep. Redes vir die verwerping word as volg aangegee: "... as being worried and frightened, as children who never appear to have a good time, as being sad, not being neat and clean, not very good looking, and as children to whom nobody pays much attention."(p. 122). Die ervaring van verwerping bring mee dat daar nie voldoende motivering vir suksesvolle studie is nie.

Afhangende van die milieu en sosiale standaarde waarin die leerling opgroei, sal sekere prestasies voorkeur geniet. Ohlsen (1973) vind dat sommige leerlinge hard werk vir 'n goeie punt in wiskunde, terwyl ander goeie sportmanne of selfs goeie bakleiers wil wees. Hy gaan voort en beklemtoon die feit dat elke leerling na erkenning van bepaalde persone soek. Dit kan onderwysers, ouers of lede van sy portuurgroep wees. Indien die nodige erkenning nie verkry word nie, reageer so 'n leerling met onaanvaarbare gedrag.

2 1 1 4 Selfbeeld van die leerling

Die leerling se beleweniswêreld word beïnvloed deur die sosiale en emosionele faktore van sy omgewing. As hierdie omstandighede gunstig is en geleenthede tot positiewe groei en ontwikkeling word geskep, pak die leerling sy uitdagings met selfvertroue aan en vorm so 'n positiewe selfbeeld of selfkonsep. Leerlinge wat oor die nodige kognitiewe toerusting beskik, maar oor 'n swak selfbeeld, beskik nie oor die nodige selfvertroue nie en kan

misluk of druip.

Mislukking of druiping moet nie in alle gevalle as 'n negatiewe ervaring gesien word nie. As druiping of mislukking die leerling in staat stel om sy vermoëns se grense te bepaal, dra dit by tot 'n gevoel van sekuriteit deurdat daar deur die leerling self 'n objektiewe evaluering van sy beperkinge gemaak word. Patouillet (1971) stel dit dat nie alle ervaring van mislukking van 'n negatiewe aard is nie, en dat 'n skool waar net sukses beleef word, 'n swak voorbereiding vir die lewe is. Hy gaan voort: "But failure that leads to a feeling of hopelessness, in turn leads to the possibility of serious emotional upset." (Patouillet, 1971, p. 229).

Daar moet op dié stadium duidelik onderskei word tussen die term "self concept" wat dui op dit wat die individu glo hy werklik is en "self-report" wat dui op wat die individu bereid is, of oorgehaal kan word, om van homself te sê. Vanuit 'n skoolvoorligtingsperspektief is dit noodsaaklik dat daar 'n meer positiewe selfbeeld by die leerling bewerkstellig word deur meer klem op "self-report" te laat val.

Volgens navorsing is daar 'n beduidende verband tussen 'n leerling se selfkonsep en sy prestasie op skool. Bruck en Bodwin (1962) vind dat leerlinge met 'n swak of onrype selfbeeld ook swakker presteer in die primêreskool. Purky (1970) bevestig genoemde bevindinge en verwys na navorsing van Campbell (1967) en Bledsoe (1967) wat aantoon dat wat prestasie en selfkonsep betref seuns beter korreleer as dogters. "Sex differences do seem to influence the relationship between the self and achievement, primarily in the area of underachievement." (Purky, 1970, p. 15).

Volgens die beskikbare literatuur (Gouws, 1961 en Van Aarde, 1967) is daar heelwat meer navorsing gedoen oor druiping in die hoërskool en op universiteitsvlak. Die probleem is egter dat 'n swak selfbeeld wat gedurende die primêreskoolfase vasgelê is, baie moeiliker in die hoërskool reggestel kan word, weens die vasgelegde aantal gedragspatrone en gewoontes. Hulpverlening t.o.v. 'n positiewe selfbeeld deur skoolvoorligting kan 'n rol in die primêreskoolfase speel. Van Aarde (1967) wys daarop dat onderprestering reeds in die laerskool begin vorm aanneem. Verskillende wyses van meting het sedert 1967 die lig gesien. Bledsoe (1967) het bv. die "Bledsoe Self Concept Scale" ontwerp wat as 'n nuttige meetmiddel beskou kan word. Al die navorsing en die gebruik van verskillende meetmiddels toon aan dat leerlinge met 'n swak selfbeeld, ten spyte van genoegsame intelligensie, tog swak presteer.

Vir die doel van die studie is dit belangrik om te bepaal wat die presiese verband tussen druiping en 'n swak selfbeeld is: Gee 'n swak selfbeeld aanleiding tot druiping, of is druiping die oorsaak van 'n swak selfbeeld? As al die navorsing ontleed word, is dit duidelik dat daar 'n wisselwerking tussen die selfbeeld en die belewing van sukses bestaan. Die selfbeeld beïnvloed die prestasie net soos die prestasie die selfbeeld beïnvloed. Purky (1970) sê dat dit nie belangrik is wat eerste kom nie en vervolg: "... it does stress a strong reciprocal relationship and gives us reason to assume that enhancing the self concept is a vital influence in improving academic performance." (Purky, 1970, p. 27).

Houdings en gesindhede verander moeilik as dit vroeg in die kind se lewe vasgelê is. Sommige navorsers (Van Hoose, 1970 en Smallenburg, 1971) sien

die eerste sewe jaar as die belangrikste periode vir die vorming van gesindhede, terwyl ander voel dat, op die ouderdom van 10 jaar al die gedragspatrone, wat vir die res van sy lewe sal geld, reeds vasgelê is. Die selfbeeld wat ten nouste met houdings en gesindhede te doen het, word dus reeds beïnvloed voor skool en deursuur sy totale skoolloopbaan en ook naskoolse opleiding en werk. Dit laat 'n ernstige leemte vir hulpverlening, met die doel om 'n positiewe selfbeeld by die leerling te skep, ontstaan. Wyses en metodes moet ondersoek word om mislukking te voorkom.

2 1 1 5 Studiebenadering, motivering en leerstrategie

Die denke van die voorskoolse kind deurloop 'n natuurlike ontwikkeling deurdat hy uit sy beleweniswêreld die denkaktiwiteite neem wat pas by sy denkontwikkeling. Met skooltoetrede word die leerling gekonfronteer met denktake en vaardighede wat nie noodwendig pas by sy ontwikkelingsvlak nie. Die leerling mag die nodige tegniek van lees, skryf en reken baasraak sonder om te verstaan wat hy doen omdat sy denke nog nie ver genoeg ontwikkel het nie. In die praktyk is dit die vyfjarige leerling wat sukkel in sy eerste skooljaar en eers gedurende die tweede helfte van die jaar werklik begin vorder omdat die skoolwerk dan begin sin maak vir die leerling.

Mislukking in die skoolsituasie word ook veroorsaak deur 'n leeraktiwiteit of studiegewoonte wat nie gebaseer is op denke of begrip nie. Daar moet dus nie veel verskil wees tussen die bepaalde studietegniek en dit wat verstaan word van die studiemateriaal nie. "If the discrepancy between learning and understanding is not too large it may indeed lead to an acceleration of thinking, but where it is large it may mislead the teacher to assume that the thinking is more advanced than it is, and hence to push the child's verbal habits of learning far away beyond his thinking level." (Peel, 1976,

p. 66). Uit die literatuur is dit ook duidelik dat gebrek aan aandag, oorhaastige aanpakwyse, die weergee van feite sonder enige kontrole, impulsiewe antwoorde en die gebrek aan 'n gepaste aanpakwyse, mislukking veroorsaak in die skoolsituasie. McKenzie (1964) wys daarop dat onderprestering veral deur impulsiewe gedrag gekenmerk word.

In die praktyk misluk 'n leerling dikwels omdat hulle net in die verkryging van regte antwoorde belangstel. Holt (1964) beskryf die tipe leerling as 'n "producer", terwyl die leerling wat probeer om die aard en omvang van die probleem te bepaal, as 'n "thinker" beskryf kan word. Bryan en Bryan (1978) wys daarop dat leerlinge met leerprobleme meer tyd spandeer aan die aktiwiteite in die klas wat niks met die skoolwerk te doen het nie, as die leerlinge wat nie leerprobleme het nie. "Learning-disabled children spent an average of over 30% of their time on nontask oriented behaviour, while comparison children devoted but 11% of their time to such activities." (Bryan en Bryan, 1978, p. 126). Hulle kom tot die gevoltrekking dat die leerling met leerprobleme net eenvoudig minder aandag gee ongeag die onderwerp wat die onderwyseres behandel.

Die benadering tot studie bepaal die mate van sukses wat die leerling behaal. Volgens Rogers (1969, p. 5) sluit betekenisvolle studie of leer die volgende in: "It has a quality of personal involvement - It is self-initiated - It is pervasive - It is evaluated by the learner - Its essence is meaning." Die probleem volgens Rogers is die feit dat skole vasgevang is in 'n stelsel wat juis geen geleentheid bied vir bogenoemde aspekte van studie nie. Die skoolstelsel maak voorsiening vir voorgeskrewe leerplanne, eenvormige werkopdragte, lesingsmetodes en gestandaardiseerde toetse vir

evaluering van alle leerlinge. Bogenoemde ontmoedig betekenisvolle leer en gee aanleiding tot mislukking wat veroorsaak word deur die onderwysstelsel self.

Motivering, of die gebrek daaraan, speel 'n belangrike rol t.o.v. vordering op skool. Sukses kan as die belangrikste faktor uitgelig word om 'n leerling positief teenoor die skoolwerk te beïnvloed. As die skoolwerk so aangebied word dat dit sukses waarborg, sal die leerling daardeur gemotiveer word om sy bes te doen. Leerlinge wat herhaaldelik misluk, beskik nie meer oor die nodige motivering om die nuwe leertaak aan te pak nie. Weens die gebrek aan motivering, word 'n halfhartige poging aangewend en as gevolg daarvan misluk die leerling. (Rodgers 1969, Purky 1970).

Uit die literatuur is dit duidelik dat leerlinge 'n behoefte het aan bevoegdheid om 'n taak effektief af te handel. Volgens Stott (1978) skep die behoefte 'n weetgierigheid, t.o.v. sy omgewing en hoe dit werk, by die kind. Voorts skep dit herkenning van voorwerpe wat op sy beurt aanleiding gee tot die vorming van konsepte. Namate konsepte gevorm word, brei die vorming van denkatiwiteite en strukture uit. Die gebrek aan effektiwiteit beïnvloed motivering negatief. "Consequently we find that children poorly endowed with the urge to effectiveness may shrink from all new experience and cannot be persuaded to try anything that looks difficult." (Stott, 1978, p. 22).

Gebrek aan motivering gaan dikwels gepaard met kenmerke van verveeldheid en frustrasies. Aangesien die taak geen uitdagings bied nie en 'n leerling gedwing word om te luister na wat hy reeds verstaan en werkopdragte uitvoer wat geen nuwe elemente bevat nie, skakel die leerling eenvoudig af en gee hy

aandag aan die aktiwiteite wat niks met die skool te doen het nie. Dit is veral leerlinge wat oor besondere vermoëns beskik, wat vroeg in hulle skoolloopbaan verveeld raak en kompenseer met ander aktiwiteite. Freeman (1983) verwys na verskillende gevalle, onder andere waar 'n leerling haar eie wiskunde-handboek uitgewerk het. Uit die literatuur en uit die praktyk is dit duidelik dat leerlinge die beste deur die werktaak en die onderwyser self gemotiveer kan word om sy taak af te handel. (Freeman, 1983).

2 1 2 Die rol en invloed van die ouers

2 1 2 1 Ouerbetrokkenheid

Kinders is in 'n groot mate die verlengstuk van die ouers se lewe in die sin dat ouers se ambisies, verwagtings en lewensideale oorgedra word op hulle kinders. Die mate waarin die ouers by die kind se skoolaktiwiteite betrokke is, bepaal die algemene vordering van die leerling in die skool. Vanuit 'n skoolvoorligtingsperspektief kan verskillende tipes ouerbetrokkenheid geïdentifiseer word. In die praktyk is dit opvallend dat druiping kan voortspruit uit sowel te veel ouerbetrokkenheid as onbetrokkenheid van die ouers se kant af. Ohlsen (1973) sien dit as die skoolvoorligter se taak om ouers in dié verband van advies te bedien.

Ouers moet positief wees en genoeg selfvertroue hê om hulle kinders te ondersteun met hulle probleem. "To assume that the difficulties they are experiencing with their children are products of their personal inadequacies is debasing and leads only to defeatism." (Christensen, 1969, p. 16). Daarom is dit soms in die praktyk nodig om die ouer se rol duidelik af te baken en ouerbetrokkenheid te verminder om die leerling die geleentheid te gee om te herstel van die oormatige druk deur die ouer. Dienste van 'n

skoolvoorligter is noodsaaklik om leiding in die verband te gee. Clegg en Megson (1968) beskryf navorsing t.o.v. faktore wat 'n rol in die vordering van leerlinge speel en lig die volgende uit: "... the most important single factor, apart from the child's native ability, which influenced his progress was the educational aspirations which his parents had for him and their support for and interest in his progress at school." (Clegg en Megson, 1968, p. 135).

Van Aarde (1967) bevind dat outokratiese- en oorbeskermende ouers, asook traak-my-nie-agtige ouers 'n belangrike rol by onderprestering speel. Hy gaan voort en lig die volgende kenmerke uit:

Onderpresteerders se ouers het 'n lae opvoedingspeil. Die beroepstatus van die onderpresteerders se vaders was laer as die van die normaalpresteerders. Die ouer se betrokkenheid in die lewe van hulle kinders kan afgelei word uit die gedrag van die kinders.

Onderwysers moet rekening hou met die kwaliteit van prestasie en dit meet in die lig van die ouers se gesindheid. "But when parents quarrel, disagree on rearing of their offspring, show partiality, and compare one child unfavourably with another they pave the way for feelings of inferiority, jealousy, resentment, and rebellion." (Johnson, 1961 p. 32).

Ouers hanteer hulle kinders soos hulle deur hulle eie ouers behandel is. Daar is dus bepaalde kenmerke wat 'n familiegeskiedenis kenmerk. Slegs deur manipulering van buite is dit moontlik om nuwe insigte t.o.v. ouerbetrokkenheid tuis te bring. Konsultasie met 'n skoolvoorligter kan 'n waardevolle bydrae in die verband lewer. Kinders neig om die ouers se

gedrag en werkgewoontes na te boots. Negatiewe uitsprake t.o.v. onderwysers en die skool skep gesindhede wat aanleiding gee tot swak prestasie en druiping. Ouers beleef die skool van die kind in die lig van sy eie skoolervaring en besef dikwels nie dat daar ook ontwikkeling in die onderwys plaasvind nie. Omdat die meeste leerplanne aangepas is by die nuutste ontwikkeling en dus vreemd is vir die ouer, kan hy nie hulp t.o.v. tuiswerk lewer nie en raak hy minder betrokke in die vordering en prestasie van die kind. Ouers se raad en advies t.o.v. studiemetodes vererger die probleem van die reeds sukkelende kind omdat daar geen doelgerigte en praktiese studietegnieke toegepas word nie. Ouerbetrokkenheid is noodsaaklik omdat dit 'n geleentheid skep vir kontak en skakeling met die skool waartydens probleme en wyses van hulpverlening bespreek kan word.

2 1 2 2 Huislike omstandighede en toekomsverwagting

Huislike omstandighede speel 'n deurslaggewende rol t.o.v. die sukses wat 'n leerling op skool behaal. Uit die swak sosio-ekonomiese gebiede is dit opmerklik dat leerlinge se kanse op sukses ernstig ingekort word. Clegg en Megson (1968) stel dit dat materiële voorsiening en morele probleme gewoonlik uitgelig word as die hoofoorsake van mislukking op skool. Dit word dikwels nagelaat om ook te besef "one of the most crippling handicaps that a child has to face, namely the lack of aspiration on his behalf either in his parents or his teachers." (p. 132). Rösler (1963) bevind in sy navorsing dat laerskoolleerlinge wat swak presteer, beduidend meer versteurde ouerlike verhoudings het as normale presteerders. In die praktyk is daar eenstemmigheid dat daar in die laerskool meer leerprobleme in gebroke huise voorkom, as in huise waar gunstige verhoudings is.

Clegg en Megson (1968) bevind dat die ouers se houding die grootste invloed op die kind se prestasie in die skool het. Dit is belangrik om te besef dat die leerlinge wat uit swak huislike omstandighede kom nie noodwendig minder intelligent is nie, maar inderdaad nie die geleentheid gehad het om te ontwikkel nie. In die praktyk is dit opmerklik dat sekere agterstande t.o.v. taal en kultuurgoedere by leerlinge, wat uit swak sosio-ekonomiese omstandighede kom, bestaan. Uit toetsgegewens, verkry tydens die hantering van sulke leerlinge, is dit opmerklik dat beduidend laer tellings behaal word in die verbale afdelings van die JSAIS en SSAIS. Met die nodige aandag en stimulering van die taalareas vind die leerlinge tog baat en kan die afleiding gemaak word dat die potensiaal wel daar is, maar dat die swak huislike omstandighede ontwikkeling gestrem het.

Swak huislike omstandighede se invloed op leerlinge kring wyd uit. Uit 'n ondersoek beskryf deur Stott (1978) verwys hy na 'n groep leerlinge wat onderpresteer. Hy lig kenmerke soos onttrekking, gebrekkige konsentrasie en passiwiteit uit en skryf dit toe aan verwaarlosing, spanning of gebrek aan sensitiwiteit vir die kind se probleem tuis. Woodby (1964) se ondersoek na swak prestasies in wiskunde, sluit hierby aan met die bevinding dat swart leerlinge in die VSA uit die lae sosio-ekonomiese vlakke, net nie die emosionele en kognitiewe struktuur het waarop die konvensionele opvoedkundige sisteme gebou kan word nie. In die lig hiervan is dit opmerklik dat in Suid-Afrika die persentasie swart leerlinge wat hul eindeksamen druip, nog besonder hoog is. (Jaarverslag 1982, Departement van onderwys en Opleiding, p. 289). Skoolvoorligting het dan ook 'n besondere verantwoordelikheid t.o.v. hierdie probleem.

Toestande tuis skep die klimaat waarin toekomsbeplanning van die kind

plaasvind. Uit die literatuur is dit duidelik dat die ouers van die beter presteerder hoër ambisies vir hulle kinders koester as die ouers van die onderpresteerder. So bevind Shaw (1964) dat ouers van leerlinge wat swakker presteer, min of geen toekomsverwagting vir hulle het. Leerlinge het die geleentheid nodig om selfstandig te ontwikkel. As daar nie die nodige geleentheid tot emansipasie is nie, kan die leerling nie los en onafhanklik van die ouer sy eie besluite neem nie. Oorbeskerming en die gebrek aan eksplorasie beïnvloed die leerling se prestasie. Sutton (1961) lig oorbeskerming en te veel betrokkenheid van die ouer se kant, uit as een van die faktore wat 'n remmende uitwerking op die kind se prestasie het. Uit die literatuur is dit duidelik dat daar 'n goeie balans tussen toekomsverwagting, druk en ouerbetrokkenheid moet wees. As dit nie die geval is nie, en die kind voldoen nie aan die ouers se verwagtings nie, ontwikkel negatiewe gevoelens tussen ouer en die kind. Aan die anderkant bevind Shaw en Dutton (1962) dat negatiewe gevoelens van die ouer eerder as die oorsaak van die swak prestasie by leerlinge beskou kan word.

Samevattend kan dus gesê word dat die betrokkenheid van die ouers 'n onlosmaaklike deel van die leerling se skolastiese vordering uitmaak. Hulpverlening aan die druipelinge kan dus nie tot sy reg kom as die ouers nie betrek word en saam met die skool mede-verantwoordelikheid vir die vordering van die kind aanvaar nie.

### 2 1 3 Die rol en die invloed van die skool t.o.v. druiping

Leerlinge wat nie kan voldoen aan die voorgeskrewe vereistes van 'n bepaalde standerd nie, druip aan die einde van die jaar. Die ouers en leerling self neig om die skool die skuld te gee, maar sulke aantygings het weinig invloed

en dra nie veel gewig in die praktyk nie. Die skool kan egter nie sondermeer as verhewe bo kritiek gesien word nie en daar is 'n saak uit te maak vir die aandeel van die skool in die mislukking van die leerling.

2 1 3 1 Doelstellings van die skool wat sy opvoedingstaak betref

Doelstellings van opvoeding kan met geldige argumente verdedig word. In hulle uiteensetting van opvoedkundige doelwitte poog opvoedkundiges om die leerling die beste agtergrond te gee om sodoende sy volwasse lewe met selfvertroue aan te pak. Die algemene doelstellings, wat vir alle leerlinge geld, kan meer spesifiek geformuleer word om voorsiening te maak vir leerlinge met bepaalde behoeftes, soos diegene met leerprobleme of die begaafdes. Die uitgangspunt van opvoedkundiges wat doelstellings formuleer, is algemeen- aanvaarbare riglyne. Omdat daar vir die massa voorsiening gemaak word, is dit moontlik dat daar in die praktyk ten spyte van opregte bedoelings, leerlinge misluk as gevolg van die onderwysstelsel. Holt (1964) verwys na benaderings en skoolaktiwiteite wat op goeie beginsels gegrond is,maar in die praktyk meer kwaad as goed doen omdat die onderwysers onwillig is om sensitief genoeg te wees om te besef dat leerlinge verskil.

In die onderrig-leersituasie word daar van die leerling verwag om volgens 'n bepaalde patroon te werk te gaan. In die klas is daar weinig geleentheid vir die leerling om sy eie metodes en tegnieke te beproef. Rogers (1969) stel dit as volg: "Yet in the vast majority of our schools, at all educational levels, we are locked into a traditional and conventional approach which makes significant learning improbable if not impossible." (p. 5). Voorgeskrewe leerplanne, standaard van vakke en voorgeskrewe evaluering maak veralgemening moontlik wat aanleiding gee tot meetbare standaarde

waaraan die leerling moet voldoen. Die leerling wat nie sy leerstrategie kan aanpas by die algemene riglyne nie, loop gevaar om nie aan die vereistes te voldoen nie en druip sy vak of standerd. Volgens Wall et al (1962) gaan die onderwysbeplanner van sekere veronderstellings uit:
Met die beplanning van leerplanne word die vermoëns van die normale leerling in gedagte gehou. As die leerling nie aan die bepaalde jaar se vereistes voldoen nie, kan hy nie met die daaropvolgende jaar se werk voortgaan nie. Die laaste veronderstelling is dat, as 'n leerling wel 'n jaar herhaal, die werk in so 'n mate bemeester word dat die leerling geen verdere probleme met sy skoolloopbaan behoort te ervaar nie. Bogenoemde argumente het meriete as dit op groep-onderwys en vir die normale leerling van toepassing is. Dit is en bly 'n ope vraag wat vir die normale leerling, wat wel druip, gedoen kan word by wyse van voorkomingsmaatreëls of by wyse van hulpverlening wat sy spesifieke probleem betref. Uit die literatuur is dit duidelik dat die doelstellings van die opvoeding meer geneë is om plek te maak vir individuele verskille. "School systems and individual teachers are showing themselves more and more ready to adapt to individual differences, to take steps to remedy deficiencies in their pupils' pre-school and out of school environment, to co-operate with parents and to make special arrangements for children who fail." (Wall et al, 1962, p. 71).

In die lig van druk van buite en van die ouers bevind die skool homself in 'n dilemma wat standaarde betref. Slaag al die leerlinge, word daar maklik 'n vinger na 'n gebrek aan standaarde gewys. Skoolhoofde en onderwysers ervaar die druk met elke eksamen. Indien die druk te veel word, word die hulp van statistiese metodes ingeroep. Met die hulp van die normale verspreidingskurwe, druip die swakste leerlinge. In die praktyk is die ervaring dat die

meerderheid skole en leerkragte alle aspekte deeglik oorweeg voordat daar tot 'n finale besluit t.o.v. druiping gekom word.

2 1 3 2 Tipe skole

Verskillende faktore dra by tot die karakter en bepaalde eienskappe van 'n skool. Tradisie speel 'n belangrike rol. Skole met 'n lang en gevestigde tradisie neig om in dieselfde tradisie van voorkeure hul opvoedingstaak te verrig. So ontwikkel 'n skool die naam van 'n goeie akademiese skool of 'n skool wat goeie sportprestasies lewer. Afhangende van die individuele leerling se bepaalde vermoëns op sport, akademiese of enige ander vlak, sal hy goed of minder goed inpas by 'n bepaalde skool. Aangesien die leerlinge se vermoëns en eienskappe die pas van die skool se werksaamhede bepaal, is dit moontlik dat 'n skool, geleë in 'n buurt van sosio-ekonomiese welvaart, besondere probleme inhou vir leerlinge wat in swak sosio-ekonomiese omstandighede moes opgroei. Leerlinge met gemiddelde vermoëns sak dikwels uit omdat die gemiddelde vermoëns van die leerlinge in die bepaalde skool gewoonlik hoër is as die van die res van die totale skoolbevolking. Druiping as gevolg van hierdie verskynsel veroorsaak dat leerlinge deur die skoolstelsel benadeel word. Hieruit spruit besondere implikasies vir die skoolvoorligtingspraktyk voort.

Hoewel daar in die primêreskool algemene onderrig verskaf word, is dit, in Suid-Afrika, belangrik dat die leerling gedurende st. 5 'n belangrike keuse moet maak t.o.v. die skooltipe wat sy hoërskoolopleiding betref. Sukses in sy hoërskoolloopbaan hang dus ten nouste saam met sy besondere aanleg en belangstelling wat wel deeglik in ag geneem moet word vir die keuse van 'n skool wat by hom pas. In die praktyk is dit opmerklik dat leerlinge wat in die senior primêreskoolfase sukkel om die mas op te kom, stabiliseer en

normaal presteer sodra hulle in die hoërskool korrek geplaas word in die studierigting wat pas by hulle voorkeure.

2 1 3 3 Skoolgereedheid

Uit die literatuur is die meeste skrywers dit eens dat leerlinge wat ses jaar en ouer is, beter presteer as leerling van vyf jaar.(Wall et al, 1962). Hoewel die gedagte van skoolgereedheid en skoolrypheid 'n studieveld van sy eie is, is dit belangrik om veral na die ouderdom tydens skooltoetrede te kyk. Die algemene reël van hoe ouer die kind is, hoe beter is sy kans op sukses, geld hier. Carter (1956) verwys na sy ondersoek van leerlinge van dieselfde intelligensie en geslag en bevind dat die leerlinge wat nog nie ses jaar oud was met skooltoetrede nie, swakker presteer het as die leerlinge wat reeds ses jaar oud was.

Uit die tabelle van die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets is dit opmerklik dat leerlinge wat dieselfde telling behaal, maar 'n volle jaar in ouderdom verskil, tot soveel as met tien punte in hulle intelligensiekwosiënt verskil. Die jonger leerling moet dus 'n groter poging aanwend om te kompeteer met die ouer leerling.

Emosionele en sosiale ontwikkeling met skooltoetrede bepaal die gemak waarmee die leerling sy aanvangsonderrig beleef. Leerlinge wat pré-primêreskole bygewoon het en die geleentheid gehad het om binne groepverband sosiaal en emosioneel te ontwikkel, vertoon in die praktyk oor die algemeen beter as die jonger leerling wat nie 'n preprimêreskool bygewoon het nie. Die blote feit dat die leerling huilerig is en weier om saam te werk met skooltoetrede, maak dat gesindhede en houdings teenoor die

skool gevorm word wat, tesame met die gebrek aan aandag en motivering, die res van die leerling se skoolloopbaan negatief kan beïnvloed. Wall et al (1962) bevind dat leerlinge van ses jaar nie noodwendig gereed is om te leer lees nie en voorsiening daarvoor gemaak moet word, by wyse van 'n voorbereidingsprogram.

Wat lees, skryf en reken betref, is dit belangrik om seker te maak dat die leerling wel oor die nodige toerusting beskik om die take aan te pak. Om te leer lees moet die leerling reg ingestel wees teenoor sy leestaak en moet hy oor die nodige perseptuele struktuur en intelligensie beskik. In die praktyk is dit opmerklik dat leerlinge nie na wense vorder as die perseptuele ontwikkeling nie voldoende ontwikkel het nie.

Leerlinge wat hulle eerste skooljaar moet herhaal, toon sonder uitsondering in die praktyk die een of ander vorm van ontwikkelingsagterstand. Die feit dat leerlinge so vroeg moontlik ondersoek moet word, met die doel om ontwikkelingsagterstande te identifiseer, het besondere implikasies vir skoolvoorligting.

2 1 3 4 Leerplanne

Leerplanne verander van tyd tot tyd om aan te pas by die veranderde omstandighede en behoeftes van 'n bepaalde land of bevolkingsgroep. In die praktyk is dit duidelik dat die verouderde inhoud moeilik laat vaar word sodat die invoer van nuwe en moderne beginsels en inhoude meebring dat die leerplanne oorlaai word.

Uit die literatuur blyk dit duidelik dat daar 'n verband bestaan tussen druiping en die oorbelading van die leerplanne. "The majority of the

countries reporting on the causes of failure in their school systems refer to overloading of curricula as a major factor." (Wall et al, 1962, p. 72). Die oorbelading bring mee dat te min aandag gegee word aan basisonderwys en leerlinge 'n groter verskeidenheid van vakke moet baasraak ten koste van 'n goeie skoling in lees, reken en skryf. Met die afneem van toetse, in die praktyk, is dit opmerklik dat leerlinge veral sukkel om met begrip te lees. Gowan (1960) verwys na die gebrek of onvermoë om te lees as een van die belangrike oorsake van onderprestasie.

Onderwysbeplanners hou nie altyd rekening met die daarstelling van leerplanne wat by alle leerlinge pas nie. Die gevaar is dat daar net vir die intelligente leerling beplan word en dat die swakker leerling in die proses verlore gaan. Met hul ondersoek na die swak presteerder in wiskunde, onder leiding van Woodby (1964), vind die "U.S. Department of Health Education, and Welfare" (1965) dat die ontwerpers van leerplanne die klem laat val het op die bo-gemiddelde presteerder. Die daarstelling van 'n meer sinvolle program, wat voorsiening maak vir verbeterde onderwysmetodes, sal volgens die verslag meer werkgeleenthede toeganklik maak vir skoolverlaters. Volgens die verslag geld bogenoemde nie net vir wiskunde nie, maar sal beter beplanning beter prestasies in ander vakke tot gevolg hê.

Leerplanne en die eise wat daardeur aan die leerling gestel word, skep die klimaat waarbinne die onderwyser en die leerling mekaar ontmoet. Doelstellings van die leerplanne mis dikwels die behoeftes van die leerlinge. Nelson (1972) verwys na die oorbeklemtoning van die toekoms en die eise wat die toekoms aan die leerlinge stel. Hy beweer dat min skole dit waag om in die onmiddelike behoeftes van die leerlinge te voorsien. Leerplanne kan ook 'n positiewe bydrae lewer. Purkey (1970) verwys na die

moontlikheid dat leerplanne so beplan en aangewend kan word dat dit 'n positiewe bydrae lewer tot die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld wat op sy beurt sukses tot gevolg het.

Leerplanne kan ook verantwoordelik wees vir die onderprestering en selfs druiping van die bo-gemiddelde leerling as gevolg van verveling. Leerplanne wat nie voorsiening maak vir leerstof wat die aandag en belangstelling van die groep leerlinge behou nie, maak dat die leerlinge belang verloor en geen poging aanwend om self die makliker leerstof baas te raak nie. Wall et al (1962) beskou gebrekkige voorligting en leerplanne as een van die oorsake waarom leerlinge, van hierdie groep, in die hoërskool misluk.

2 1 3 5 Evaluering

Evaluering, gesien vanuit die skool se perspektief, impliseer meer as net objektiewe meting in 'n bepaalde vak deur 'n gestandaardiseerde toets. Verskillende faktore bepaal die wyse en standaard waarop die evaluering toegepas word.

Die persoonlike interpretasie van norme wat deur die onderwyser met die evaluering van leerlinge toegepas word, maak dat leerlinge verskillende tellings sal behaal vir dieselfde werk nagesien deur verskillende onderwysers. Elke onderwyser het 'n bepaalde beeld van elke leerling. As hierdie beeld negatief is, presteer die leerling negatief en as die beeld positief is, sal die leerling beter punte behaal. Purkey (1970) verwys na navorsing in die verband. Hy kom tot die gevolgtrekking dat onderwysers se houding teenoor en opinie van leerlinge, 'n beduidende invloed op hulle skoolwerk het.

Evaluering geskied gewoonlik aan die einde van die jaar om te bepaal of die leerling wel aan die minimum vereistes van 'n bepaalde jaar voldoen. Gedurende die eerste aantal skooljare speel lees 'n baie belangrike rol en dit is moontlik dat 'n leerling kan druip al het hy sy ander vakke geslaag. Die argument ten gunste van druiping is dat die leerling lees nodig het om van die volgende jaar 'n sukses te maak. Dit bly 'n ope vraag of tydige ingryping, by wyse van remediëring, nie so 'n agterstand kan voorkom nie. Dit hou besondere implikasies vir skoolvoorligting in.

Die invloed van statistiek, in die proses om die mees objektiewe meting daar te stel, het ook sy besondere invloed op evaluering in die skool. Met behulp van statistiese metodes is verspreidingskurwes verkry en is verskillende groepe met mekaar vergelyk. Met die toepassing van statistiese metodes in toetse en eksamens is die uitslae verwerk en is die prestasie van elke leerling met die van die res van die groep vergelyk. Die aantal druipelinge kon dus presies bereken word op grond van die uitslae en soos hulle met die res van die groep vergelyk. Hierdie metodes bring mee dat 'n sekere aantal leerlinge moet druip. Volgens Wall et al (1962) druip die onderste 12% tot 5% van die leerlinge.

In die skoolsituasie geld evaluering vir die groepe. Dit is besonder ingewikkeld om die individuele leerling se vermoëns te bepaal en daarvolgens 'n saak uit te maak of hy na die beste van sy vermoë presteer het. As dit wel moontlik is om die leerlinge op grond van hul prestasie met hul bepaalde vermoëns te laat slaag, skep dit weer op sy beurt 'n probleem van standaarde. Dit is veral die grensgevalle wat die meeste probleme skep. Besondere aandag moet dus gegee word aan die leerling en die groep waartoe hy behoort, voordat daar besluit kan word oor druiping, al dan nie. "...

failure or success are relative terms, meaningful only when carefully defined, based upon a clearly expressed educational philosophy and susceptible of some sort of objective, reliable and valid measurement." (Wall et al, 1962, p. 2).

2 1 3 6 Die rol van die onderwyser

Opleiding van onderwysers word beskou as die belangrikste element van suksesvolle onderwys. Uit die literatuur is dit ook duidelik dat lande wat besondere aandag aan onderwysersopleiding gee, oor die algemeen besondere sukses met hulle uitslae en standaard van werk behaal. Uit gegewens, soos uiteengesit in die Jaarverslag (1982) van swart onderwys in Suid-Afrika, is dit opmerklik dat daar jaarliks 'n hoë persentasie druipelinge is. In sommige streke is dit soveel as 50%. Dit is verder opmerklik dat swart onderwys veral probleme met voldoende opgeleide personeel het. Hoewel voldoende opleiding van onderwysers nie die enigste oorsaak van druiping is nie, is dit opmerklik dat die persentasie druipelinge in die blanke skole, waar onopgeleide personeel nie 'n probleem is nie, heelwat minder is. Volgens die jaarverslag van die Kaapse Onderwys Departement 1982 blyk dit dat slegs 5% en 6% onderskeidelik, die twee voorafgaande jare gedruip het. Verdere ondersoek van die aspek is egter nodig om die verband tussen druiping en onderwysersopleiding te bepaal.

2 1 3 7 Gesindheid van die onderwyser

Die houding en gesindheid waarmee die onderwyser die leerling benader, speel 'n belangrike rol t.o.v. die sukses wat die leerlinge gaan behaal. Purkey (1970) kom tot die gevolgtrekking dat, as die onderwyser glo dat die leerling kan presteer, die leerling klaarblyklik beter presteer, as die

onderwyser glo dat die leerling nie kan presteer nie, beïnvloed dit sy prestasie negatief. Die onderwysers se verwagting van leerlinge het 'n invloed op die prestasie van die leerlinge. Rosenthal en Jacobson (1968b) het vasgestel dat leerlinge beter presteer het nadat hulle onderwysers onder die indruk gebring is dat hulle oor besondere moontlikhede beskik. Die onderwysers was egter nie bewus van die feit dat die leerlinge wat aan hulle uitgewys is, op 'n ewekansige wyse uit 'n bepaalde groep saamgestel is nie.

Onderwysers is uit die aard van hulle werk daarop ingestel om korrekte werk voorop te stel en nie aandag te gee aan die verkeerde respons nie. Foute word dus as 'n negatiewe of onaanvaarbare reaksie beleef. Hierdie gesindheid word oorgedra aan die leerling. Die foute wat die leerling maak is nutteloos in die sin dat die leerling nie die geleentheid kry om iets daaruit te leer nie. Die verdere dwaling is dat die onderwyser nie van die geleentheid gebruikmaak om 'n fout-analise van die leerling se werk te maak nie. Holt (1964) verwys na die verskynsel waar die onderwyser voel dit is tydmors om te luister na verkeerde antwoorde. Die gesindheid skep by die leerling die gevoel van magteloosheid. Die leerling bly dus eerder stil en beleef sy onvermoë as sy skuld. In die praktyk is die ervaring dat leerlinge nie van 'n bepaalde vak hou nie, omdat hulle nie van die onderwyser hou nie. Leerlinge wat druip is dikwels beangs en wil nie meer hulself blootstel aan verdere mislukking deur vrae te vra wat hulle onvermoë mag blootlê nie. Stott (1978) verwys na leerlinge wat so 'n vrees ontwikkel om iets nuuts aan te pak dat hulle enige taak wat moeilik lyk, vermy, selfs al is die leerling daartoe in staat.

Onderwysers se vermoë of onvermoë om vertroue by sy leerlinge in te boesem, speel 'n belangrike rol t.o.v. sukses in sy bepaalde vak. Dit is

veral belangrik dat die leerling vertroue en respek in sy daaglikse kontak met onderwysers ervaar. Brown en Holtzman (1964) sluit in hul toets van studie-houdings en gewoontes, 'n skaal in wat die leerling se houding teenoor die onderwyser se gedrag en metodes in die klas meet. Uit beskikbare navorsingsgegewens is dit duidelik dat genoemde skaal statisties beduidend is t.o.v. akademiese prestasie.

2 1 3 8 Didaktiese benadering van die onderwyser

Elke onderwyser behoort te poog om na die beste van sy vermoë effektiewe leer by sy leerlinge te laat plaasvind. Didaktiek as dissipline maak besondere bemoeienis met die kind om die beste doelstellings in die teorie te formuleer met die doel om onderwysers met 'n geldige leer en onderrigstrategie toe te rus. Tog is dit so dat die meeste skole en onderwysers in 'n tradisionele en konvensionele benadering vasgevang is. Volgens Rogers (1969) veroorsaak bogenoemde benadering probleme. "... prescribed curriculum, similar assignments for all students, lecturing as almost the only mode of instruction, standard tests by which all students are externally evaluated, and instructor chosen grades as the measure of learning, then we can almost guarantee that meaningful learning will be at an absolute minimum." (p. 5). Druiping spruit dus voort uit ondoeltreffende leer- en onderrigmetodes. Volgens Nelson (1972) word baie onderwysers weerhou om 'n interessante en aktiewe klas te hê omdat ordelikheid bo interessantheid gestel word. Hy gaan voort deur beklemtoning van die feit dat dit onderwysers se primêre taak is om 'n klimaat te skep wat leerlinge die geleentheid gee om die opwinding van leer te ervaar wat op sy beurt weer die leerling motiveer om meer te leer.

Sinvolle onderwys impliseer dat vir alle leerlinge voorsiening gemaak moet word. Vanuit 'n didaktiese perspektief is dit noodsaaklik dat aandag gegee moet word aan die behoeftes van al die leerlinge in die klas. Die onvermoë van die onderwyser om vir sy beste leerlinge sowel as sy swakste leerlinge te voorsien in hulle spesifieke behoeftes, bring mee dat van beide groepe kan druip. Flowers et al (1982) verwys na begaafde leerlinge wat vir die eerste keer misluk as hulle met 'n werklike uitdaging gekonfronteer word. Dit is noodsaaklik dat die begaafde kind met sinvolle onderwys ondersteun word om sodoende met sinvolle leerstragtegie alle uitdagings met vertroue aan te pak.

Die persoonlike benadering van die onderwyser is van deurslaggewende belang in suksesvolle onderwys. Met die beste didaktiese benadering en sinvolle onderrig- leerstrategie kan sukses nie gewaarborg word nie en is die persoonlikheid van die onderwyser van die grootste belang. Rogers (1969) verwys na die hoogs suksesvolle benadering van een onderwyseres in 'n bepaalde program deur haar toegepas. Ander onderwyseresse het dit of moeilik of onmoontlik gevind, bloot omdat hulle benadering en persoonlikheid net nie ingepas het by die behoeftes van die leerlinge nie. Elke onderwyseres moet dus haar persoonlikheid en voorkeure in ag neem wanneer sy oor 'n bepaalde didaktiese benadering en metode besluit.

Die vermoë van die onderwyser om by die leerling leerstrategie en studietegnieke op in sinvolle wyse tuis te bring, bepaal in 'n groot mate die sukses waarmee die leerling die werk kan baasraak. Onderwys wat daarop ingestel is om net inhoud sonder betekenis of waarde vir die leerling oor te dra, is 'n vermorsing van goeie tyd. Holt (1964) is van mening dat skole wat van leerlinge produseerders maak deur net regte antwoorde te gee,

die beste daarin slaag om leerlinge te ontmoedig om te dink.

## 2 2 Samevatting

Uit die literatuur is dit duidelik dat daar faktore is wat druiping veroorsaak. Hoewel dit aanvaar moet word dat daar 'n sekere persentasie leerlinge is wat nie die mas in 'n akademiese skool sal opkom nie, kan vroeë identifikasie tot korrekte plasing van potensiële druipelinge lei. Daar is egter 'n hele aantal leerlinge wat druip weens faktore buite hulle beheer. Dit is dus noodsaaklik om hierdie faktore uit te lig en verder te ondersoek.

# HOOFSTUK 3

## 3 IDENTIFISERING VAN FAKTORE WAT 'n ROL SPEEL IN DRUIPING BY WYSE VAN GEVALLESTUDIES

### 3 1 Inleiding

In die lig van die literatuurstudie is vyf leerlinge met bogemiddelde I.K.-syfers en wat die vorige jaar gedruip het, by wyse van gevallestudies ondersoek. Met die ondersoek is daar geensins gepoog om uit die resultate algemeen geldige aannames te maak nie, maar eerder om te bepaal wat die moontlike oorsake van die leerlinge se druiping was en om moontlike implikasies vir skoolvoorligting uit te lig.

Al die gegewens vir die gevallestudies is by wyse van verslae, toetsing en onderhoude deur die skrywer in die normale verloop van sy werkverpligtinge ingesamel. Daar is in al die gevalle gepoog om soveel as moontlik van die tersaaklike gegewens in te samel en te verifieer. Onderhoude is gevoer met die leerling self, ouers en onderwysers. Al die onderhoude is met die nodige toestemming van die betrokkenes met 'n magnetiese band opgeneem en waar nodig, is bykomende aantekeninge gemaak. Al die onderhoude is oorgeskryf met die nodige weglatings om die identiteit van die betrokkenes te beskerm. Hierdie onderhoude is as 'n addendum ingesluit.

In die hoofstuk word daar gepoog om verskillende terreine wat 'n invloed op druiping mag hê, uit te lig en die bevindinge van al die leerlinge wat die bepaalde aspek betref, te ondersoek. Hoewel heelwat inligting verkry is, was die doel van die studie om die tersaaklike inligting wat skoolvoorligting betref, uit te lig.

3 2 Emosionele faktore

Uit die literatuur is dit duidelik dat emosionele faktore 'n rol speel in druiping. In die ondersoek is van onderhoude en persoonlikheidsvraelyste gebruik gemaak om vas te stel of daar wel emosionele faktore op die spel was. Geval een was te jonk vir die grense van die P.V.K. Uit die onderhoude was dit duidelik dat die leerling die skool en die onderwyseres nie positief beleef het nie. Hoewel die skool aanvanklik lekker was, het die leerling gou belang verloor en 'n afkeer van die skool gekry. Hierdie negatiewe belewing is versterk deur die gebrek aan ondersteuning tuis waar die leerling ook met spanning te doen gehad het. Hierdie toestand is toegelaat om voort te duur en het 'n negatiewe uitwerking op sy skoolwerk gehad. Probleme met sy skoolwerk het vererger en bygedra tot spanning en 'n gebrek aan selfvertroue, wat uiteindelik aanleiding gegee het tot sy druiping.

Met die persoonsbeeld soos verkry met die P.V.K. in die tweede leerling se geval, is dit duidelik dat die leerling emosioneel redelik stabiel is. Dit is opmerklik dat die een aspek van faktor E wat te doen het met die kenmerk van ontsteltenis, telkens in die onderhoude na vore kom. Hoewel die leerling 'n aangename en vrymoedige persoon is, was dit tydens die onderhoud duidelik dat die leerling nog onseker is en dat die mislukking op skoolvlak 'n negatiewe selfbeeld skep. Volgens die moeder was daar tekens van onsteltenis as die leerling se uitslae swak was. Konflik tussen die skool en die ouers het bygedra tot die gebrek aan sekuriteit en het meegebring dat die leerling die onderwyseres en die skool negatief beleef het. Aangesien die laaste ses maande van die jaar waartydens die leerling gedruip het, tuis oorheers is deur 'n egskeiding, moes die leerling heelwat emosionele probleme verwerk. Volgens die moeder was dit vir al die betrokkenes erg traumaties. Geen hulp van enige aard is op die stadium aan die leerling verleen nie.

Volgens die moeder het die leerling ook die vorige jaar erg aan slapeloosheid gely. Dit dui op emosionele onsekerheid wat aan gebrekkige sekuriteit toegeskryf kan word aangesien die probleem onder meer gunstige omstandighede, soos tans die geval is, besig is om op te klaar. Verdere kenmerke van emosionele onstabiliteit blyk uit die opmerking van die moeder dat die leerling baie maklik huil en dit nie kan verdra dat iemand skree nie. Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar emosionele faktore op die spel was, wat verband gehou het met die druiping van die leerling en dat aan genoemde faktore geen hulp verleen is nie.

Die leerling in geval drie het heelwat tekens van emosionele onstabiliteit getoon. Tydens die onderhoud met die leerling was dit duidelik dat die leerling in 'n skynwêreld leef. Dit was eers onder die rustige omstandighede van wedersydse vertroue dat die ondersoeker daarin kon slaag om 'n realistiese gesprek met die leerling te voer. Nasorg het ook getoon dat die leerling positief reageer op hulpverlening. Uit die gegewens van die P.V.K. was dit duidelik dat emosionele faktore 'n negatiewe invloed op die leerling gehad het. Met 'n ontleding van faktor C was dit duidelik dat die leerling deur gevoelens beïnvloed is en dat sy emosioneel onstabiel was. Uit die onderhoud met die leerling en in die lig van ander gegewens, was dit duidelik dat die leerling nie frustrasie kan hanteer nie en maklik emosioneel raak. Die leerling vind dit ook moeilik om aanvaarbare gedragstandaarde te handhaaf. Hierdie tendens word ook deur die P.V.K. bevestig. In faktor Q3 het die leerling blyke gelewer van onbeheersde emosionaliteit wat gepaard gaan met prikkelbaarheid en die verwerping van kulturele eise. Hoewel die moeder se getuienis onder verdenking staan en nie al die feite sondermeer aanvaar kan word nie, is daar tog emosionele

faktore wat verifiseerbaar is. Die moeder vermeld dat die leerling emosionele uitbarstings beleef. Die leerling reageer veral heftig as die onderwyseres op haar skree. Volgens die moeder is daar ook weer tye dat die leerling geen gevoelens toon nie. Tog ontstel die leerling haarself so oor wat in die skool gebeur, dat mediese behandeling nodig is. Die moeder verwys telkens na die leerling as 'n senuweeagtige kind. Uit die onderhoud met die leerling was dit duidelik dat sy baie gespanne is en dat die leerling dit moeilik vind om haarself te wees. Die leerling was egter oop vir aandag en oortuiging en het na die onderhoud ingestem om weer na haar klas te gaan. Dit is opmerklik dat die leerling se onstabiele emosionele gedrag deur 'n verskeidenheid faktore veroorsaak is. Tydens die onderhoud en beperkte nasorg was dit duidelik dat die leerling wel positief op hulpverlening reageer.

Die leerling in geval vier het volgens die P.V.K. neigings tot emosionele probleme hoewel die leerling redelik stabiel voorkom. Volgens faktor C is die leerling geneig om maklik deur gevoelens beïnvloed te word. Sy neig om emosioneel onstabiel te wees wanneer sy emosioneel gefrustreerd raak. Hierdie kenmerke blyk ook uit die onderhoude. Die leerling het by geleentheid so ontsteld geraak dat sy tydens skooltyd huis toe gehardloop het. Faktor O dui ook op emosionele probleme. Volgens die telling neig die leerling tot skuldgevoelens, neerslagtigheid, angstigheid en word sy maklik ontstel. Daar moet ook op gelet word dat leerlinge wat hoë tellings in die faktor behaal, versigtig hanteer moet word wat emosionele probleme aanbetref. Uit die onderhoud met die moeder is dit ook duidelik dat daar heelwat druk op die leerling geplaas word. Die feit dat die leerling soveel skole bygewoon het, nie met die basiese onderwys sukses behaal het nie en deur die ouer broer oorheers word, bring mee dat die leerling nie die werk

kan bemeester nie.

Geval vyf was te jonk om die onderste grens van die P.V.K. te haal. Dit is egter duidelik dat daar wel emosionele probleme was en hulle het uit gebrekkige sosiale interaksie ontstaan. Uit die onderhoud was dit duidelik dat die leerling onseker was van homself en nie maklik sy gevoelens weergegee het nie. Volgens die ouers was die leerling die vorige jaar so huilerig dat die moeder soms by hom in die klas moes gaan sit totdat hy bedaar het. Die leerling was ook erg geslote oor die gebeure in die vorige skool. Die feit dat die leerling op die oomblik baie besitlik is, dui daarop dat die leerling emosioneel onryp is vir sy ouderdom. Hoewel nagmerries en vrees om te gaan slaap, vermeld is, kan dit nie as abnormaal beskou word nie.

3 3 Sosiale faktore

Geval een het tydens die ondersoek geen sosiale probleme openbaar nie. Die leerling handhaaf goeie sosiale verhoudings met sy gesin. Daar is rede om te glo dat die leerling goed met sy maats oor die weg kom. Die moeder bevestig dat die leerling nie probleme ervaar met maats nie en volgens sy huidige onderwyseres kom die leerling goed klaar met sy klasmaats. Uit die onderhoud met die leerling was dit duidelik dat hy genoeg maats het en dat daar gesonde sosiale interaksie tussen die leerling en sy maats is.

Die leerling wat in die tweede gevallestudie ondersoek is, het volgens die P.V.K. 'n positiewe telling in faktor N behaal. Dit dui op 'n persoonlikheid wat sosiaal wakker en bedrewe is. Verder is sy koel en afsydig en vertoon insig in haarself en in andere. Tydens die ondersoek was dit duidelik dat die leerling neig om gereserveerd voor te kom. Tekens van afsydigheid was

ook waarneembaar. Die moeder bevestig die persoonlikheidstrekke en wys daarop dat die leerling grootgemaak is in die gees van gereserveerdheid. Volgens die moeder het die leerling wat reeds in sub. B teruggehou is weens 'n gehoorprobleem, nie sosiaal déél van haar portuurgroep gevoel nie. Die moontlikheid van 'n verdere druiping sou haar sosiaal nog verder laat agter raak en moes ten alle koste voorkom word. Die leerling het reeds sedert in sub. B 'n behoefte aan maats gehad en was die vorige jaar, by die vorige skool, erg ongelukkig weens die feit dat sy nie sosiaal kon inskakel nie. Volgens die moeder is die leerling huidiglik gelukkig in die skool en is daar tekens dat die leerling sosiaal begin inskakel by haar portuurgroep. Die leerling is egter nog bang dat die groep sal uitvind dat sy die vorige jaar gedruip het. Volgens die huidige onderwyseres is die leerling nog stil en teruggetrokke, maar beskou dit nie as asosiale gedrag nie. Die leerling sosialiseer huidiglik goed met die onderwyseres. Tydens die onderhoud met die leerling was dit duidelik dat die leerling nie die nodige sosiale bande met haar portuurgroep of die onderwyseres gehad het nie. Volgens die leerling het die leerlinge van die vorige skool nie van haar gehou nie, terwyl dit by die huidige skool anders is en sy op die oomblik heelwat maats het. Dit is interessant om daarop te let dat die leerling se huidige maats jonger is as sy.

Tydens die ondersoek van geval drie was dit duidelik dat die leerling haar eie sosiale leefwêreld geskep het. Soos in die emosionele ontwikkeling van die leerling getoon, bestaan daar die neiging om te ontvlug in 'n skynwêreld waar eie waardes en riglyne geld.Volgens die moeder was die leerling die vorige jaar erg in haar dop gekruip, maar het sy tans enkele maats.

Dit was tydens die onderhoud met die leerling opmerklik dat sy in die

interpersoonlike relasie egosentries is en dit moeilik vind om werklik kontak te maak. Die leerling het beslis nie 'n gesonde verhouding met haar huidige of vorige onderwyseres gehad nie. Volgens die moeder het die leerling wel van die vorige onderwyseresse gehou en was daar 'n goeie verhouding. Die gegewens kon nie bewys word nie. Volgens die leerling is die druiping van die vorige jaar die gevolg van die onderwyseres se gemor. Die leerling kom ook nie goed oor die weg met die res van die klas nie, aangesien hulle haar skryfgoed neem en nie met haar wil speel nie. Hul reaksie word toegeskryf aan die feit dat sy die vorige jaar gedruip het.

Tydens die onderhoud met die onderwyseres was dit duidelik dat daar geen verhouding tussen die twee bestaan nie. Die onderwyseres is nie bereid om die leerling te help nie en wil so gou as moontlik van die leerling ontslae raak. Die leerling het 'n behoefte aan 'n volwassene om haar te help om te sosialiseer en dit is veral opmerklik dat die leerling voortdurend verskonings uitdink om aandag van volwassenes te verkry.

Op die oog af is geval vier sosiaal heel goed aangepas. Aangesien die ouers baie rondbeweeg, kon dit 'n invloed op blywende sosiale bande gehad het. Goeie gesinsverhoudings word gehandhaaf en die moeder getuig dat sy soms neig om aggressief te wees. Volgens die verslae van 'n sentrum waar die leerling die vorige jaar ondersoek is, handhaaf die leerling bogemiddelde sosiale verhoudinge. Volgens faktor J van die P.V.K. toon die leerling neigings om geredelik saam met die groep te gaan en van aandag te hou. Sy aanvaar algemene standaarde en tree handelend op. Volgens die moeder is die leerling sosiaal goed aangepas en het sy 'n blymoedige geaardheid. In die vorige skool waar die leerling gedruip het, was sy bevriend met 'n maatjie

wat besonder goed presteer het. Die moeder vermoed dat die verhouding onnodige druk op die leerling geplaas het.

In die gesin is daar 'n ouer broer wat volgens die moeder die leerling oorheers. Die broer is in 'n buurskool geplaas om onnodige druk te voorkom.

Tydens die onderhoud met die leerling was dit duidelik dat die leerling dit moeilik vind om gesonde interpersoonlike verhoudings te handhaaf. Die leerling vind dit moeilik om mense te takseer en beleef haar onderwyseresse met onsekerheid. Die leerling noem dat sy dit moeilik vind om in die huidige skool vriende te maak. Die leerling glo dat die leerlinge in haar klas haar opsetlik in die moeilikheid laat beland. Sy wil graag vriende hê en kan geen verklaring vind vir die gedrag van die ander leerlinge nie. Volgens die klasonderwyseres tree die leerling aanvaarbaar op in die klas, maar neig om soms op onaanvaarbare wyse aandag te trek.

Die vyfde leerling wat ondersoek is, het ernstige sosiale probleme a.g.v. oorbeskerming getoon. As jongste kind van 'n gesin wat uit vyf lede bestaan het, was hy gedurende sy voorskoolse ontwikkeling net op die geselskap van sy gesin, maar veral die van sy vader, aangewys. Die vader was nie bereid om die leerling bloot te stel aan sosiale invloede wat geheers het in die dorp waar die leerling opgegroei het nie. Die leerling het meestal op sy eie gespeel en slegs enkele kere 'n pre-primêreskool bygewoon.

Met die gesin se volgende verhuising het die leerling nog minder geleentheid tot sosialisering ervaar, aangesien die gesin hul op 'n kleinhoewe gevestig het. Met die volgende verhuising na die dorp waar die leerling begin skoolgaan het, was dit vir die leerling besonder moeilik om met die bure se

kinders te sosialiseer.

Die leerling se metode van kommunikasie was fisies. Hy het gaan sit sodat die ander kinders hom moes sien. Op die wyse het hy probeer sê dat hy graag wil speel. Aangesien die leerling geen vorige ervaring van kinderspel gehad het nie, kon hy nie aan groepspel deelneem nie. Dit was nie vir hom moontlik om aan partytjies deel te hê nie. Hierdie asosiale gedrag het voortgeduur tot die middel van die vorige jaar.

Op daardie stadium het die ouers weer verhuis en het die leerling vir die eerste keer begin maats opsoek. Volgens die moeder het dit aanleiding gegee tot 'n oorreaksie. Die leerling het alle belang in skoolwerk verloor en wou net speel. Die leerling het ook aan die onderwyseres genoem dat hy eerder wou speel as om aan skoolwerk aandag te gee. Volgens die vader was die leerling net tot sosialisering met volwassenes in staat. Dit het meegebring dat die leerling sy eie wil gehad het. Derhalwe kon die leerling nie aanvaar dat hy sy skoolwerk moes doen i.p.v. om te speel nie.

Die vader erken dat die feit dat die leerling die meeste van sy tyd saam met die vader moes deurbring 'n negatiewe uitwerking op die leerling se sosiale ontwikkeling gehad het. Volgens die moeder vind die leerling dit moeilik om te aanvaar dat hy maats met ander moet deel en tree in die opsig nog baie onvolwasse op. Daar is ook rede om te aanvaar dat die leerling dit moeilik vind om met ander volwassenes te sosialiseer.

Tydens die onderhoud was dit duidelik dat die leerling dit moeilik vind om homself uit te druk. Die leerling vind dit ook moeilik om met sy onderwyseresse klaar te kom. Dit het meegebring dat die leerling erg

geslote was oor die skool en geen skakeling tussen huis en skool het via die kind plaasgevind nie. Die leerling het die vorige skool ook erg negatief beleef aangesien hy die onderwyseres as 'n bedreiging beskou het.
Volgens sy huidige onderwyseres was die leerling vir haar onaanvaarbaar aangesien sy gedrag erg irriterend was. Die leerling was volgens die onderwyseres nie in staat om homself aanvaarbaar te maak nie.

Tydens die onderhoud met die leerling was dit duidelik dat die leerling se sosiale ontwikkeling nie op dieselfde vlak as sy kronologiese ontwikkeling was nie. Ten spyte van sy vader se siening dat die leerling sy probleme te bowe gekom het, was daar duidelik tekens dat die leerling vir sy sosiale ontwikkeling nog op hulp en leiding aangewese sal wees. Die leerling beleef sy maats positief, as hulle bereid is om te maak soos hy sê en negatief, as hulle nie wil saamspeel nie en hom afknou. Uit die verslae van beide onderwyseresse is dit duidelik dat die leerling dit moeilik vind om met hulle te sosialiseer. Sy huidige onderwyseres getuig dat die leerling irriterende gewoontes gehad het en dat die leerling die onderwyseresse negatief beleef het. Daar was egter tydens die ondersoek tekens dat die leerling se sosialisering aan die verbeter was. Dit is opmerklik dat die leerling gedurende die vorige jaar geen hulp ontvang het wat sy gebrek aan sosialisering betref nie. Dit geld ook vir al die ander gevalle.

### 3 4 Selfbeeld van die leerlinge

Soos in die literatuurstudie aangetoon, bestaan daar 'n positiewe verband tussen druiping en 'n negatiewe selfbeeld. In die lig daarvan is daar gepoog om moontlike faktore uit te lig.

Die leerling in geval een het tydens die ondersoek geen uitstaande tekens van 'n negatiewe selfbeeld getoon nie. As die leefwêreld van die leerling naderby ondersoek word, is dit opmerklik dat daar wel invloede is wat aanleiding tot 'n negatiewe selfbeeld kon gee. Die huislike omstandighede kan as ongunstig vir positiewe groei beskou word. Daar was nie voldoende ouerlike belangstelling nie en daar was onnodige druk en spanning aanwesig. Toe die leerling begin sukkel het met sy skoolwerk, is geen positiewe hulp verleen nie en het die leerling verder misluk. Die leerling meld tydens die onderhoud dat sy pa hom uit die skool sal neem as hy weer druip en dit dui op 'n gevoel van onsekerheid wat sy eie vermoëns en toekomstige sukses betref. Sukses word wel erken in die vorm van sterre vir skrif en dit is vir die leerling belangrik. Die feit dat die leerling bewus is van positiewe prestasie, is bemoedigend en dui daarop dat die leerling weer 'n positiewe selfbeeld kan ontwikkel.

Die leerling in geval twee het haarself negatief beleef. Uit die P.V.K. is dit duidelik dat die leerling neig om onderdanig en inskiklik te wees. Tydens die onderhoud is dit ook duidelik dat die leerling twyfel oor haar eie vermoëns en maklik ontsteld raak. Volgens die moeder het die leerling die vorige jaar 'n kompleks begin onwikkel wat haar ouderdom betref. Die feit dat sy reeds teruggehou is, het die vrees vir 'n verdere druiping versterk. Die leerling was dan ook erg ontsteld oor die lae punte na die Junie-eksamen gedurende die vorige jaar. Hierdie vrees is vererger deur die feit dat die skool die ouers verseker het dat daar geen rede tot kommer is nie. Die leerling het ten spyte van die skool se versekering dat daar niks met die leerling se werk verkeerd is nie, al swakker gedoen. Hierdie verwarring en gebrek aan hulpverlening het bygedra dat die leerling al hoe meer selfvertroue verloor het en uiteindelik gedruip het.

Die feit dat die leerling se ouers besig was om te skei, het volgens die moeder beslis 'n invloed op die leerling se selfvertroue gehad. Die leerling was besonder geheg aan die vader en die vooruitsig om nie gereeld kontak met die vader te hê nie, het negatief op die leerling ingewerk. Volgens die moeder was die leerling nie skoolgereed nie en die feit dat die leerling aanvanklik te jonk was en probleme met aanvangsonderrig ervaar het, kon meegebring het dat die leerling reeds vroeg 'n negatiewe selfbeeld ontwikkel het.

Die onsekerheid wat met die leerling se gehoorprobleem gepaard gegaan het, kon onderprestasie in die hand werk en 'n swak beeld meebring. Die moeder meld dat die leerling baie sensitief is, en nie daarvan hou dat op haar geskree word nie. Die leerling is bang dat die ander leerlinge in die klas sal uitvind dat sy die jaar herhaal. Dit dui op 'n selfbeeld wat mank gaan aan heelwat onsekerhede.

Die klasonderwyseres van die vorige skool meen dat 'n herhaling meer selfvertroue sal meebring. Tydens die onderhoud met die leerling was daar nog onsekerhede oor haar sukses op skool gedurende die huidige jaar. Die feit dat sy op daardie stadium wel volpunte in 'n wiskunde toets behaal het, kon nie veel aan haar selfvertroue doen nie.

Die leerling van geval drie het 'n besonder onseker selfbeeld gehad. Tydens die aanvanklike onderhoud het die leerling 'n pseudo-beeld voorgehou wat daarop dui dat sy haarself glad nie kon aanvaar nie. Volgens die P.V.K. faktor J en faktor Q3 is daar aanduidings dat die leerling geen gesonde

persoonsbeeld het nie. Daar is aanduidings dat die leerling geneig is tot ongedissiplineerde selfkonflik, weifelagtig in haar optrede en innerlik terughoudend is. As die huislike omstandighede soos die moeder dit weergee in ag geneem word, het die gebrek aan stabiliteit en sekuriteit 'n negatiewe invloed op die leerling se selfbeeld. Dit is ook duidelik dat die leerling nie 'n gesonde verhouding het met die onderwyseres nie en haarself op 'n onaanvaarbare wyse deur emosionele uitbarstings laat geld.

Tydens die onderhoud met die leerling was sy geneig om almal behalwe haarself die skuld te gee vir haar druiping. Die leerling was nie in staat daartoe om haarself realisties te beleef nie en leef in 'n skynwêreld wat sy vir haarself skep. Die leerling meld dat sy nie seker is waarom sy sukkel op skool nie. Taalverwarring is volgens haar 'n moontlike oorsaak.

Volgens die onderwyseres in wie se klas sy ook die vorige jaar was en gedruip het, is die leerling nie in staat om die skoolwerk baas te raak nie. Uit die onderhoud is dit duidelik dat die onderwyseres so gou as moontlik van die leerling ontslae wil raak. Die gesindheid op sigself is nie bevorderlik vir die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld nie.

Geval vier se persoonsbeeld word sterk deur haar mislukking op skolastiese vlak gekleur. Die leerling het 'n negatiewe selfbeeld ontwikkel omdat sy weens te vroeë skooltoetrede nie die mas kon opkom nie. Uit die gegewens van die P.V.K. is dit duidelik dat die leerling ondanks 'n goeie I.K.-syfer tog onseker van haarself is. Volgens faktor O is daar die neiging om maklik neerslagtig te word. Die leerling voel onbekwaam om te voldoen aan die ruwe daaglikse eise van die lewe. As daar na die huidige vordering gekyk word, is dit duidelik dat die leerling se selfbeeld negatief beïnvloed is deur

die druiping.

Volgens die moeder is die leerling op vierjarige ouderdom skool toe en daar het reeds 'n agterstand ontwikkel wat mislukking in die hand gewerk het en 'n negatiewe beeld kon veroorsaak het. Die swak prestasie wat die gevolg van die onvoldoende basis was, het die leerling gedurende haar jaar in sub. B laat twyfel of sy sal slaag. Op aandrang van die moeder is die leerling na 'n sentrum vir kinderleiding verwys. Volgens die moeder kon die sentrum nie vasstel of daar enige oorsake vir die leerling se probleme was nie.

Aangesien die vorige skool waar die leerling aan die einde van die vorige jaar gedruip het, op akademiese gebied besondere eise aan die leerling gestel het, en die leerling met 'n maat in die klas bevriend was wat besonder goed presteer het, het dit heelwat druk op die leerling geplaas en haar selfbeeld beïnvloed. Die moeder meld ook dat die leerling se ouer broer haar oorheers. Die oorheersing was so erg dat die broer in 'n ander skool geplaas is om die druk op die leerling te verminder.

Tydens die onderhoud met die leerling was dit duidelik dat sy ten spyte van goeie intellektuele vermoëns nog onseker is oor haar vermoëns en in die meeste vakke probleme ondervind. Ten spyte van hulp van individuele onderwyseresse voel die leerling steeds dat sy nie vorder nie en skryf haar druiping toe aan die feit dat sy nie die basiese werk kan bemeester nie. Die gebrekkige selfvertroue beïnvloed ook haar sosiale verhoudings en sy beleef haarself as onaanvaarbaar vir haar klasmaats.

Volgens die onderwyseres is die leerling geneig om in die klas aandag te

trek deur hard uit te roep. Dit dui daarop dat die leerling voel dat sy nie voldoende erkenning kry nie.

Die leerling in die vyfde geval het veral wat sy selfbeeld betref, besondere agterstande gehad. Dit is nie 'n gebrek aan selfvertroue nie, maar eerder die onvermoë om homself te laat geld. Juis die gebrek aan sosiale interaksie het veroorsaak dat die leerling nie oor die nodige vaardighede beskik het om met selfvertroue homself te waag binne die terrein van die klassituasie nie. Volgens die ouers het die leerling weinig geleentheid gehad om te eksploreer en homself te meet aan die realiteite van die lewe.

Tydens die onderhoud met die leerling was dit duidelik dat die leerling nie die verantwoordelikhede van sy mislukkings kon aanvaar nie en almal behalwe homself verkwalik as die oorsaak van sy probleme. Die leerling moes reeds van vroeg af self besluit oor wat hy wou doen. Dit is duidelik dat die leerling nie gereed was of daartoe in staat om sulke belangrike besluite te neem nie. Hierdie verantwoordelikhede het meegebring dat die leerling 'n selfbeeld ontwikkel het wat nie stand hou in die normale gang en eise van die lewe nie.

Uit die onderhoud met die leerling is dit duidelik dat die selfbeeld en verantwoordelikheid op 'n infantiele vlak is. Hierdie bevinding word deur die onderwyseres bevestig. Volgens haar was die leerling skaam en teruggetrokke en het geensins sy samewerking gegee nie. Uit bogenoemde is dit duidelik dat die leerling eerder 'n misplaasde selfbeeld het as 'n gebrekkige of negatiewe selfbeeld. Dit het as sodanig 'n groot bydrae tot sy druiping gelewer.

3 5 Fisieke en gesondheidsfaktore

Fisieke ongesteldhede het 'n invloed op skolastiese prestasie. Tydens die ondersoek is daar ook gepoog om vas te stel of daar enige kroniese ongesteldhede aanwesig is en in watter mate daar ongesteldhede is wat psigosomaties is.

3 5 1 Die leerling wat in die eerste geval ondersoek is, het geen tekens van fisieke afwykings getoon nie. Volgens die moeder was die geboorte wel 'n keisersnee, maar daar was geen verdere komplikasies nie. Uit die anamnese is daar geen beduidende tekens van enige afwykings nie.

3 5 2 Die leerling in geval twee het 'n geskiedenis van gehoorprobleme. Gedurende haar jaar in sub B is daar drie ooroperasies op die leerling uitgevoer. Dit kan aanvaar word dat die voorafgaande jaar se vordering negatief deur die gehoorprobleem beïnvloed is. Die geboortegeskiedenis is normaal behalwe dat die geboorte self 24 uur geduur het. Die leerling het 'n probleem met 'n neus wat gereeld bloei. Aangesien die vader 'n soortgelyke probleem het, wil dit voorkom of dit oorgeërf is. Volgens die onderwyseres verantwoordelik vir liggaamsopvoeding is die leerling fisiek ondergemiddeld, maar vergelyk goed met die ander wat op daardie gebied ook probleme ondervind.

3 5 3 Op die oog af is die leerling wat in geval drie ondersoek is, fisies gesond. Uit die gegewens soos verkry uit die P.V.K. word bogenoemde in Faktor I bevestig. Dit is opmerklik dat faktor C dui op psigosomatiese- en vae gesondheidsprobleme. Dit korreleer ook met die emosionele beeld van die leerling. Volgens die moeder ly die leerling aan haar senuwees en moet sy inspuitings daarvoor ontvang. Die leerling het ook probleme met

oorontsteking en het pypies in haar ore. Die leerling het tydens die onderhoud gekla dat die stem van die onderwyseres haar ore seermaak en dat sy dit nie kan uithou nie. Die feit dat die leerling beweer dat die stem van die onderwyseres haar ore seermaak, beïnvloed die vordering van die leerling op skool in die algemeen.

3 5 4 Die leerling is fisies gesond en daar is geen opsigtelike afwyking nie. Volgens die moeder was die geboorte normaal en was daar geen ernstige siektes gedurende die voorskoolse ontwikkelingsfase nie. Tydens die ondersoek was dit duidelik dat die leerling fisiek gesond en normaal is.

3 5 5 Die leerling in geval vyf is in vergelyking met sy portuurgroep fisiek onderontwikkeld. Die geboortegeskiedenis van die leerling was normaal en behalwe vir 'n oorinfeksie, was daar geen ernstige siektes nie. Sy mangels is as gevolg van die oorinfeksie verwyder. Volgens die vader is gehoortoetse wel uitgevoer en is daar geen gehoorverlies nie. Bogenoemde behoort egter geen negatiewe uitwerking op die leerling se skolastiese prestasie te hê nie.

## 3 6 Intelligensie

Slegs leerlinge wat oor 'n bogemiddelde intelligensie beskik, is in die gevallestudies betrek. Vir die doel van die ondersoek is dit nodig om die I.K. syfers van naderby te beskou. Twee van die leerlinge was jonger as agt jaar en in met die J.S.A.I.S. ondersoek. Die uitslae was soos volg:

| | Geval 1 | Geval 5 | X |
|---|---|---|---|
| Vormbord | 11 | 12 | 11,5 |
| Woordeskat | 10 | 11 | 10,5 |
| Getal en kwanti- | | | |

| | Geval 1 | Geval 5 | X |
|---|---|---|---|
| teitsbegrip | 12 | 8 | 10 |
| Syfergeheue | 9 | 9 | 9 |
| Prenteraaisels | 14 | 11 | 12,5 |
| Woordassosiasie | 12 | 11 | 11,5 |
| Absurditeite A | 10 | 15 | 12,5 |
| Absurditeite B | 13 | 13 | 13 |
| G.I.K. | 107 | 106 | 106,5 |
| V.I.K. | 110 | 104 | 107 |
| H.I.K. | 106 | 119 | 112,5 |

Uit bogenoemde gegewens is dit opmerklik dat beide leerlinge in subtoets syfergeheue die swakste gevaar het. Beide leerlinge het in subtoets Absurditeit B goeie tellings behaal. Wat die gemiddeldes van die subtoetse betref, was slegs syfergeheue en getal en kwantiteitsbegrippe ondergemiddeld.

Wanneer die subtoetse vir die leerling afsonderlik ontleed word, is daar aanduidings dat geval een probleme met ouditiewe sekwensiële korttermyngeheue het. Uit die ondersoek was dit opmerklik dat oorsake van bogenoemde probleem soos swak konsentrasie, afleibaarheid en angstigheid by die leerling aanwesig was.

Die leerling in geval vyf wat dieselfde telling in syfergeheue behaal, ervaar dieselfde tipe probleme. Uit die ondersoek was dit duidelik dat daar probleme met onmiddellike ouditiewe geheue, konsentrasievermoë, aandagstoespitsing en emosionaliteit was. Die leerling in geval vyf het ook 'n lae telling in die subtoets vir getal en kwantiteitsbegrip behaal. Lae

tellings in die subtoets kan toegeskryf word aan faktore soos afleibaarheid, swak tyd-ruimtelike ordeningsvermoë, gebrekkige leerling-onderwyserkontak, konkreetgebondenheid en wiskundige blokkering. Uit die ondersoek was dit opmerklik dat daar probleme met onderwyser-leerling kontak en aandagstoespitsing was.

Dit is belangrik om daarop te let dat bogenoemde probleme simptomaties van omgewings- en ontwikkelingsfaktore was wat die gevolg is van verwaarlosing in die bepaalde areas. Met die nodige aandag en hulpverlening kan genoemde probleem-areas uitgeskakel word.

Die leerlinge wat in gevalle twee, drie en vier ondersoek is, was agt jaar en ouer. Hulle is met die S.S.A.I.S. ondersoek. Die uitslae was as volg:

| | | Skaalpunte | | X |
|---|---|---|---|---|
| Geval | 2 | 3 | 4 | |
| Verbale toetse<br>Woordeskat | 13 | 16 | 15 | 14,6 |
| Begrip | 12 | 15 | 16 | 14,3 |
| Verbale redenering | 10 | 10 | 14 | 11,3 |
| Probleme | 9 | 10 | 13 | 10,6 |
| Geheue | 9 | 12 | 12 | 11 |
| Nie-verbale toetse<br>Patroonvoltooiing | 13 | 10 | 13 | 12 |
| Blokkies | 9 | 15 | 13 | 12,3 |
| Absurditeite | 12 | 12 | 11 | 11,6 |
| Vormbord | 11 | 11 | 12 | 11,3 |
| Verbale skaal | 102 | 116 | 125 | 114,3 |
| Nie-verbale skaal | 107 | 112 | 114 | 111 |
| Totaal | 104 | 116 | 123 | 114,3 |

Met die ontleding van die subtoetse is dit opmerklik dat die laagste gemiddelde van die drie gevalle by probleme nl. 10,6 en geheue nl. 11 gevind word. Dit is opmerklik dat geheue soos by geval een en vyf met die J.S.A.I.S. gemeet, ook laag was. Die hoogste gemiddelde tellings is by woordeskat en begrip gevind wat daarop dui dat die potensiaal en vermoë wel aanwesig is om van skoolwerk 'n sukses te maak. Wat die totale telling betref, is dit opvallend dat geval drie en vier 'n laer nie-verbale telling behaal het.

Met die ontleding van die individuele gevalle se subtoetse het geval twee die laagste tellings in probleme, geheue en blokkies behaal. Lae tellings in die subtoets probleme word moontlik veroorsaak deur swak konsentrasievermoë, afleibaarheid, konkreetgebondenheid en gebrekkige onderwyser-leerling kontak. Bogenoemde is ook by geval een en vyf gevind. Uit die ondersoek was dit ook duidelik dat daar byvoorbeeld nie gesonde verhouding tussen geval twee en die onderwysers in die algemeen was nie. Die lae telling in geheue is moontlik veroorsaak deur swak konsentrasie, spanning, swak ouditiewe sekwensiële geheue en 'n moontlike gehoorprobleem. Die leerling het o.a. ook ooroperasies gehad om haar gehoor te verbeter. Die lae telling in blokkies kan verband hou met swak visueel-motoriese ruimtelike integrasie en visueel-motoriese koördinasie. Met die nodige aandag en hulpverlening sal die leerling in staat wees om genoemde areas te verbeter.

Geval drie se laagste tellings was verbale redenering, probleme en patroonvoltooiing. Lae telling word o.a. veroorsaak deur swak werklikheidsbesef en sosiale kontak, onvoldoende emosionele stabiliteit en

opvoedkundig-kulturele verarming in die subtoets vir verbale redenering. Wat 'n lae telling in die subtoets vir probleme betref, word dit deur swak konsentrasie, afleibaarheid en gebrekkige leerling-onderwyserkontak veroorsaak. Patroonvoltooiing se lae telling kan verband hou met swak oog-hand-koördinasie, swak konsentrasievermoë, swak visuele reproduksievermoë en swak ruimtelike oriëntasie. Bogenoemde faktore is tydens die ondersoek van die leerling geverifieer.

Die leerling van geval vier het geen werklike lae tellings gehad nie. Daar was wel 'n verskil tussen die verskillende subtoetse wat op 'n leerprobleem dui. Die laagste telling was in die subtoets absurditeite. Uit die ondersoek van die leerling het die volgende kenmerke wat verband hou met 'n lae telling in absurditeite voorgekom; swak begrip van sosiaal aanvaarde gedrag, swak begrip van nie-verbale semantiek en kultureel opvoedkundige verarming.

In die geheel gesien, dui die intelligensietoetse op 'n bogemiddelde telling. Die aanname kan dus met reg gemaak word dat die leerlinge met gemak die skoolwerk kan baasraak. Verdere ontleding toon dat al die leerlinge op die een of ander wyse, weens faktore van buite, sekere agterstande ontwikkel het. Dit is duidelik dat al die leerlinge met die nodige hulp en ondersteuning hierdie agterstande kan uitwis en normaal volgens hulle vermoë kan presteer.

3 7 Funksionele neurologiese probleme

3 7 1 Motoriese afwykings

Geen opsigtelike motoriese afwykings is by enige van die leerlinge gevind nie. Die leerling in geval een se skrif is nie op standaard nie. Dit is

egter nie 'n ernstige probleem nie. Die leerling in gevalle twee en drie het geen beduidende afwykings getoon nie. Geval vier se leerling het in 'n mate 'n spelprobleem gehad en geval vyf het geen motoriese afwykings getoon nie.

3 7 2 Konsentrasie probleme

Al die leerlinge wat ondersoek is, het op die een of ander manier gebrekkige konsentrasie getoon. Tydens die ondersoek was dit opmerklik dat die leerlinge in die een-tot-een- situasie wel kon aandag skenk. In die klassituasie was dit egter anders en kan aanvaar word dat die leerlinge nie so maklik kon aandag skenk nie. In al die gevalle was die oorsaak van die konsentrasieprobleem emosioneel van aard.

3 7 3 Geheue probleme

Uit die gegewens soos verkry uit die ondersoek, is dit duidelik dat al die gevalle geheueprobleme ervaar. Hierdie aspek het nie net in die toetsing sterk na vore gekom nie, maar ook in die onderhoude met al die betrokkenes. Die gebrek aan korttermyn geheue is besonder prominent en dit korreleer goed met die emosionele belewing van die skoolsituasie.

3 7 4 Afleibaarheid

Afleibaarheid as 'n kenmerk van funksionele neurologiese probleme, word in al die gevalle wat ondersoek is, aangetref. Afleibaarheid hou uit die aard van die saak verband met die kenmerke wat reeds genoem is. Uit die ondersoek wil dit voorkom asof spanning en emosionele probleme in al die gevalle die oorsaak vir afleibaarheid is.

3 8 Studiehoudings en -gewoontes

Die leerling wat in die eerste geval ondersoek is, het probleme gehad om die

aanvanklike leertake baas te raak. Dit het gelei tot mislukking wat op sy beurt weer gebrekkige motivering in die hand gewerk het. Die leerling het 'n afkeer van die skool gekry en was later nie meer lus om skool toe te gaan nie. Daar is ook bevind dat daar 'n kommunikasiegaping tussen die leerling en die onderwyseres ontstaan het. Dit het op sy beurt weer spanning en onsekerheid in die hand gewerk. Volgens die moeder was dit wel vir die leerling moontlik om sy skoolwerk tuis baas te raak, maar op skool het hy nie aan die vereistes voldoen nie. Die leerling het aanvanklik aanpassingsprobleme ondervind waaraan daar nie die nodige aandag geskenk is nie. Dit het gebrekkige leerstrategieë en studiegewoontes tot gevolg gehad.

Die leerling wat in geval twee ondersoek is, het volgens die ondersoek twee teenstrydige standpunte t.o.v. studiebenaderings geopenbaar. Volgens die moeder was die punte van die leerling te laag en het sy aangedring op hulpverlening van die skool se kant. Aan die anderkant het die skool dit duidelik gestel dat die leerling geen hulp nodig het nie. Die moeder se bekommernis blyk gegrond te wees, want die leerling het gedruip aan die einde van die jaar. Uit die ondersoek is daar getuienis dat die leerling nie die aanvangsonderrig kon hanteer en ten volle kon benut nie. Die gehoorprobleem wat reeds bespreek is, het ook gedurende die eerste skooljaar 'n invloed op die bemeestering van die skoolwerk gehad. Nêrens is daar tydens die ondersoek enige tekens van 'n positiewe verantwoordelikheidsin, wat haar skoolwerk betref, by die leerling gemerk nie. Dit wil eerder voorkom of die leerling haar distansieer van haar probleem. Dit is ook opmerklik dat die leerling die jaar voor dat sy gedruip het, swak gevaar het en toe van skool verander het. Dit wil dus voorkom of die ouers en die leerling die onus op die skool en onderwyseresse geplaas het wat die

leerling se leerstrategie en -gewoontes betref. Die feit dat die leerling sub. B op aandrang van die ouers herhaal het, blyk nie 'n goeie besluit te wees nie, aangesien die leerling nie daarin kon slaag om haar skoolwerk te konsolideer nie en daar klaarblyklik nie veel gedoen is wat haar studiemetodes en werkbenadering betref nie. Die gebrek aan sukses en die negatiewe belewing van die skool het meegebring dat die leerling nie meer oor die nodige motivering beskik het nie. Dit is ook opmerklik dat daar in die geval 'n gebrek aan kommunikasie tussen die skool en die leerling was wat haar vordering betref. Volgens die rapporte was die leerling se werk in sekere vakke nie op standaard nie en moes sy beter doen. Volgens die moeder was die skool egter nie bereid om die leerling behulpsaam te wees om die probleem baas te raak nie.

Die leerling wat in die derde geval ondersoek is, se studiehoudings en -gewoontes is so ernstig benadeel deur die aard en omvang van haar ander probleme, dat daar aanvaar kan word dat haar leerstrategie nooit werklik ontwikkel het nie. Volgens die verslae van die vorige skool het die leerling dit veral moeilik gevind om die basiese werk baas te raak. Ten spyte van aandag en motivering, kon die leerling nie daarin slaag om aan die vereistes te voldoen nie. Dit kan aanvaar word dat die leerling weens haar emosionele probleme nie oor die nodige motivering beskik het om die basiese leertegnieke te bemeester nie.

Geval vier se skolastiese ontwikkeling word gekenmerk deur leeragterstande wat tans nog haar skoolwerk negatief beïnvloed. Die feit dat sy op vierjarige ouderdom reeds werk van sub. A standaard moes bemeester, het ten spyte van haar intellektuele vermoëns, veroorsaak dat sy nie op daardie

hoë denkvlak kon fungeer nie. Dit word bewys deur die feit dat sy tans leesprobleme ervaar. Die leerling moes haar aanvanklike skoolwerk laat vaar en weer by 'n nuwe stelsel inskakel wat uit die aard van die saak weer ander aspekte beklemtoon het. Verwarring van standaarde en vereistes het meegebring dat die leerling nie gesonde studiehoudings en -gewoontes aangeleer het nie. Dit het meegebring dat die ouers hulp gesoek het buite die skool toe hulle bewus word van die probleem. Ten spyte van hulp wat die leerling ontvang het, was dit reeds te laat om te voorkom dat die leerling druip.

Tydens die ondersoek was dit duidelik dat die blote herhaling nie die agterstand uitgeskakel het nie. Die studieprobleem is nog steeds prominent en dit is noodsaaklik dat die leerling, wat dié aspek van haar skolastiese beeld betref, nog besondere hulp en ondersteuning nodig het. Die feit dat die leerling in sommige afdelings van die werk goed vaar, korreleer dan ook met haar I.K. Met die nodige hulp en aandag kan die leerling dus haar skolastiese probleme oorkom. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die leerling nog ander probleme het wat verdere aandag noodsaak.

As die ontwikkelingsagterstande van die leerling in geval vyf in ag geneem word, is dit duidelik dat hy nie daartoe in staat was om aan die eise van sub. A te voldoen nie. Ten spyte van die feit dat hy lees as tegniek baasgeraak het, was daar volgens die onderwyseres geen begrip van gelese materiaal nie. Die leerling het van die begin af geen sin in die skool gesien nie en dit as 'n frustrasie beleef. Daar was geen verband tussen die leerstof en die leermiddele nie. Tydens die ondersoek is gevind dat die leerling in die klas so emosioneel ontwrig was dat hy geen baat by die leer- en onderrigsituasie gevind het nie. Die leerling het verder ook nie voldoen

aan die basiese vereistes van sinvolle leer nie. Daar was geen tekens van persoonlike betrokkenheid en motivering, wat twee belangrike voorvereistes vir sukses is, nie. Die groot sosiale agterstand wat die leerling ervaar het, het sy hele horison van belewing oorheers. Dit het meegebring dat die leerling nie die nodige tyd en aandag aan sy leertake kon wy nie. Daar is bevind dat daar geen sprake van sinvolle studie- of leertegnieke was nie. Die leerling was nie gereed om taakgeoriënteerd sy skoolwerk aan te pak nie.

3 9 **Die invloed van die onderwyser**

Uit die literatuurstudie was dit duidelik dat die rol en die invloed van die onderwyser 'n belangrike invloed op 'n leerling se vordering en prestasie het. Uit die ondersoek het talle van genoemde faktore 'n rol gespeel en veroorsaak dat die leerlinge druip.

Die leerling wat in die eerste geval ondersoek is, se onderwyseres was nie spesifiek opgelei vir kindertuin nie, hoewel sy 'n aantal jare ervaring gehad het. Die onderwyseres was van mening dat die leerling oor dieselfde nodige intellektuele vermoë en vaardighede as die ouer broers en susters beskik het, wat reeds skolasties misluk het. Die leerling wat aanvanklik uitgesien het om skool toe te gaan, verloor belang nadat hy begin sukkel met die skoolwerk en nie kan vorder nie. Volgens die moeder het die leerling wel tuis daarin geslaag om aan die vereistes te voldoen en volgens sy huidige onderwyseres is daar by haar onduidelikheid waarom die leerling moes herhaal aangesien sy standaard van werk nie so laag is nie. Uit die ondersoek is dit duidelik dat tesame met al die ander faktore die verhouding tussen die onderwyseres en die leerling nie na wense was nie.

Die leerling in die tweede geval se verslae dui daarop dat die leerling soos die jaar verloop het, al swakker gevaar het. Volgens die moeder was daar 'n verskil van mening tussen die ouers en die onderwyseres wat die leerling se vordering aan betref. Die ouers het aangedring op hulp en die onderwyseres het beweer dat hulp aan die leerling nie nodig is nie. Tydens die onderhoud was die leerling van mening dat haar huidige onderwyseres die werk beter verduidelik en bereid is om haar te help as sy sukkel met die skoolwerk. Die leerling is meer gelukkig in die huidige skool en skryf haar druiping toe aan die feit dat sy nie so goed met haar vorige onderwyseres klaargekom het nie. Die leerling sien 'n verband tussen haar goeie prestasie en die feit dat sy van die klas en die onderwyseres hou.

Persoonlikheidsbotsings kenmerk die verhouding tussen die onderwyser en die leerling wat in die derde geval ondersoek is. Tydens die ondersoek was die leerling aanvanklik nie bereid om na die klas van die onderwyseres terug te keer nie. Die leerling ervaar die onderwyseres negatief en vind haar onaanvaarbaar omdat sy voortdurend kla en op die leerling skree. Die leerling voel dat sy geen kans het om by die betrokke onderwyseres te vorder nie en dat sy na 'n ander klas of skool wil gaan. Kort na die ondersoek het die leerling die betrokke skool verlaat. Tydens die onderhoud met die onderwyseres was dit duidelik dat sy nie die moontlikheid van 'n verbetering van die bestaande verhouding in die vooruitsig stel nie. Die onderwyseres wil haar ook nie uitlaat oor moontlike metodes om die bestaande probleem op te los nie.

Die leerling in geval vier het goed met haar onderwyseresse oor die weg gekom. Tydens die onderhoud is geen direkte invloede van die onderwyseres geïdentifiseer wat die leerling se druiping kon veroorsaak het nie.

Die leerling in geval vyf het probleme met sy onderwyseresse gehad. Nie net die leerling nie, maar ook die ouers, was in konflik met die onderwyseres. Volgens die ouers moes hulle sodanige geskille met die skoolhoof uit die weg ruim. Die leerling was so bang vir die onderwyseres dat die ouers lyfstraf moes toepas en hom moes dwing om skool toe te gaan. Volgens die verslag wat die eerste onderwyseres aan die tweede skool gestuur het, was die leerling onentoesiasties en ongemotiveerd. Sy tweede onderwyseres beskryf die leerling as 'n irriterende kind wat nooit opdragte uitvoer wat aan hom gegee word nie. Uit die ondersoek was dit duidelik dat die leerling nie gereed was om met sy onderwyseresse in 'n gesonder onderrig- leerrelasie te verkeer nie, maar aan die anderkant is weinig gedoen om hierdie vermoë te ontwikkel.

3 10 Die invloed van die skool

Uit die ondersoek was dit duidelik dat elke skool sy eie unieke kenmerke het wat standaard en algemene vereistes betref. Dit was opmerklik dat sommige leerlinge wat by die een onderwyser of skool gedruip het nie noodwendig by 'n ander skool sou gedruip het nie. Die afleiding word gemaak uit kommentaar van die leerlinge wat ondersoek is se huidige onderwyseresse, wat hul verbasing uitspreek oor die feit dat van die leerlinge werklik hul standerds moes herhaal. Dit is verder duidelik dat die leerlinge se vordering beïnvloed is deur die skool as instansie.

3 10 1 Skoolgereedheid

Hierdie term skep by ouers in die praktyk heelwat verwarring en valse verwagtings. Ouers besef in die algemeen nie wat die term skoolgereedheid of skoolrypheid beteken nie en beleef dit, soos ook uit die ondersoek blyk,

as waarborg vir die sukses vir die kind op skool. In die praktyk is die nut van 'n skoolgereedheidsondersoek juis om enige ontwikkelingsagterstand aan die kaak te stel en dan met korrektiewe maatreëls die agterstand reg te stel.

Die eerste geval wat ondersoek is, is op 5 jaar 11 maande skool toe. Geen skoolgereedheidsondersoek is gedoen nie. Volgens die moeder was daar nie enige rede waarom hy nog 'n jaar moes tuisbly nie. Volgens die onderwyseres bestaan daar twyfel of die leerling wel met skooltoetrede skoolgereed was en is sy van gedagte dat hy nou eers skoolgereed is. Uit die ondersoek was dit moeilik om enige afleidings te maak en kan aanvaar word dat die leerling beter daaraan toe sou wees as hy eers skool toe gegaan het die jaar waarin hy 7 jaar oud geword het.

Geval twee is op 5 jaar 9 maande skool toe, maar was volgens die moeder nie skoolgereed nie. Geen skoolgereedheidsondersoek is afgelê nie, maar sy is op aandrang van die vader skool toe gestuur. Volgens die moeder was die leerling te baba-agtig en te jonk. Die moeder is van gedagte dat, behalwe die gebrek aan rypheid, die leerling ook weens die gehoorprobleem nie voordeel kon trek uit die aanvangsonderrig nie. Uit die ondersoek was dit duidelik dat van die leerling se probleme juis voortspruit uit 'n gebrekkige en swak basis van sub. A werk.

Die leerling wat in geval drie ondersoek is, het volgens die moeder wel 'n skoolgereedheidsondersoek gehad en was gereed om skool toe te gaan. Hierdie bewering is nie geverifieer nie en uit ander gegewens blyk dit dat genoemde toetsing en ondersoek nie plaasgevind het nie. Uit gegewens soos verkry aan die einde van sub. A wil dit voorkom of die leerling nie gereed was nie

aangesien die punte besonder laag was. Taalverwarring is ook ter sprake aangesien die moeder wat ongetwyfeld Afrikaanssprekend is, aandring op Engels as voertaal. Die leerling is as gevolg hiervan in 'n Engelsmedium klas geplaas. Uit verslae van die vorige skool meld die onderwyseres dat die leerling onryp is en nie kan konsentreer nie.

Die leerling in geval vier het die eerste twee jaar in die buiteland geen probleme met haar skoolwerk ervaar nie. Terug in Suid-Afrika het die leerling weer met sub. A begin en dit het aanvanklik goed gegaan. Volgens die moeder het die agterstande en leerprobleme eers die vorige jaar hul tol begin eis. Die moeder is van mening dat 'n gebrekkige onderbou en basis daarvoor verantwoordelik is. Volgens die verslae van die sentrum waar die leerling ondersoek is, is dit duidelik dat die leerling spesifieke leerprobleme het en dat dit spesiale aandag nodig het. Hoewel dit aanvanklik goed gegaan het met die leerling se skolastiese vordering, was daar verskuilde probleme wat daarop dui dat die leerling nie gereed was om die maksimum voordeel uit haar skolastiese onderrig te trek nie.

Die leerling in geval vyf was nie gereed vir sub. A se eise nie. Hy het nie oor die nodige sosiale vaardighede beskik om te besef waarom hy skool toe moes gaan nie. Hierdie leerling sou heelwat baat vind deur 'n pre-primêreskool by te woon. Uit die ondersoek se verslae is dit duidelik dat die leerling soveel ontwikkelingsagterstande gehad het, veral sosiale- en emosionele probleme, dat hy nie die mas sou opkom nie. Die ouers, asook die twee onderwyseresse, was oortuig dat die leerling nie skoolgereed was nie. Hierdie leerling sou baie kon baat by 'n volledige gereedmakingsprogram.

3 10 2 Aantal skole bygewoon

| Geval | Aantal skole | | | | | Huidige standerd | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | | |
| 1 | * | | | | | A | 1 |
| 2 | | | | | * | 2 | 5 |
| 3 | | | * | | | B | 3 |
| 4 | | | | | * | 1 | 5 |
| 5 | | * | | | | A | 2 |
| | | | | | | TOTAAL | 16 |

Met die uitsondering van geval een het al die ander leerlinge meer as een skool bygewoon. Geval twee het vyf skole in vyf jaar bygewoon. Geval drie het drie skole in drie jare bygewoon. Geval vier het vyf skole in vier jaar bygewoon. Geval vyf het twee skole in twee jaar bygewoon.

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat, met die uitsondering van geval een, al die leerlinge onderhewig was aan verandering van skole, onderwysers en leerlinge. Uit die aard van die saak het dit meegebring dat die leerlinge ekstra tyd aan aanpassing en inskakeling by die nuwe omstandighede moes afstaan. Dit is opmerklik dat al die leerlinge wat moes skuif, op die een of ander stadium probleme met aanpassing ervaar het. Uit die ondersoek is geen direkte bewyse van hulpverlening aan die leerlinge met hul aanpassingsprobleme gevind nie. Dit het besondere implikasies vir skoolvoorligting.

3 11 Die invloed van die ouers

Ouers se invloed deursuur die totale opvoeding van hule kinders. Met die ondersoek is gepoog om die faktore wat moontlik met die druiping van die leerling in verband staan, uit te lig.

3 11 1 Huislike omstandighede

Geval een se huislike omstandighede was nie na wense nie. Volgens die moeder was daar drankmisbruik aan die vader se kant en was daar onnodige spanning van tyd tot tyd. Die groot gesin van vyf kinders het bygedra dat die leerling nie al die nodige ondersteuning gekry het nie en hy was in 'n groot mate op homself aangewese.

Die leerling in geval twee se ouers was besig om te skei tydens die ondersoek. Die oorsaak en omvang van die egskeiding kon nie vasgestel word om die invloed op die prestasie van die leerling op skool te bepaal nie. Die moeder verkwalik haarself vir die druiping van die leerling aangesien die vorige ses maande vir die huisgesin erg traumaties was. Uit die ondersoek was dit duidelik dat die vader die dominante figuur in die huis was en daar is ook tekens van egosentriese eienskappe. Volgens die moeder bestaan daar 'n goeie verhouding tussen die vader en die dogter. Oor die algemeen was dit duidelik dat die spanning die leerling gespanne en onseker laat.

Geval drie se huislike omstandighede was swak. Die ouers was geskei en die moeder het by 'n ander man gewoon wat haar gereeld aangerand het. Volgens die onderwyseres was dit die ergste voorbeeld van swak huislike

omstandighede wat sy nog teëgekom het. Die moeder se onvermoë om te onderskei tussen waarheid en leuen, is by die leerling merkbaar wat haar eie leefwêreld skep wat los staan van die werklikheid. Die vader, met wie die leerling wel kontak het, se leefwyse is geensins 'n voorbeeld vir die leerling nie en lewer geen positiewe bydrae tot die leerling se ontwikkeling nie. Die leerling het tydens die ondersoek reeds soveel negatiewe aanpassings en gedragspatrone openbaar, dat verwydering uit die ouerhuis aanbeveel is.

Die huis waarin geval vier grootword, kan as 'n normaal stabiele huis sonder enige onnodige spanning beskou word. Weens die aard van die werk van die vader moes die gesin baie reis en die gepaardgaande ontwrigting het uit die aard van die saak 'n indirekte invloed op die leerling gehad. Die vader as gesagsfiguur was voor die druiping wel tuis en het eers na die druiping na die buiteland vertrek. Dit was nie moontlik om te bepaal of die huidige probleme verband hou met die afwesigheid van die vader nie.

Die ouers van geval vyf neig om hom in isolasie groot te maak. Tydens die ondersoek was dit ook duidelik dat die leerling oorbeskerm is. Volgens die onderwyseres is die leerling oorbeskerm en bederf. Die ouers het beide sterk persoonlikhede en die leerling het weinig geleentheid om selfstandig te groei en te ontwikkel. Die ouers se idee van normale opvoedingspraktyke stryk nie met algemeen aanvaarde standaarde nie. Hulle neig om te veel verantwoordelikheid op die leerling te plaas en vorm geensins 'n realistiese beeld van die leerling se algemene opvoedingspeil nie. Tydens die onderhoud was dit duidelik dat die leerling heel anders is as wat die ouers hom beleef. Hoewel die ouers oortuig is dat die leerling se probleme iets van die verlede is, was daar nog heelwat faktore wat tydens die ondersoek nog aanwesig was, wat aandag nodig het.

3 11 2 Ouerbetrokkenheid

Met die uitsondering van geval drie was al die ouers en veral die moeders betrokke in hulle kinders se vordering op skool. Sommige het heelwat moeite gedoen om met die skool en buite instansies te skakel om hulp te verleen aan hulle kinders. Daar was nie altyd die nodige samewerking nie, maar daar was wel die geleentheid tot skakeling om die probleme in perspektief te kry. Uit die ondersoek is dit duidelik dat daar 'n behoefte bestaan aan skakeling tussen die skool en die ouers en dit het besondere implikasies vir skoolvoorligting.

3 12 Samevatting

Die aspekte wat in die voorafgaande paragrawe bespreek is, is grootliks bepaal deur die gegewens soos verkry uit die ondersoek van die individuele leerlinge. Dit is noodsaaklik dat genoemde aspekte saam met die gevallestudies soos in die addendum uiteengesit, gelees moet word. Daar is nie gepoog om die faktore wat 'n rol in druiping speel en soos in hoofstuk twee uiteengesit, almal te bespreek nie, maar eerder die faktore wat in die individuele gevalle druiping veroorsaak het. Dit is nie moontlik om leerlinge met mekaar te vergelyk nie en elke leerling moet gesien word as uniek met sy eie besondere behoeftes.

HOOFSTUK 4

# 4 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 4 1 Gevolgtrekkings

### 4 1 1 Gevolgtrekkings uit die literatuurstudie en ondersoek

Uit die literatuurstudie is dit duidelik dat skoolvoorligting 'n noodsaaklike komponent van die opvoeding van die kind in die primêreskool uitmaak. In die hoërskool is daar duidelike riglyne wat die aard en omvang van skoolvoorligting bepaal. Genoemde riglyne het ontwikkel uit behoeftes wat geïdentifiseer is soos beroepsleiding, persoonlikheidsontwikkeling en sosiale aanpassings. Hier in Suid-Afrika is dit duidelik dat die besef van skoolvoorligting se noodsaaklikheid in die primêreskool nog nie tot sy reg gekom het nie. Gibson et al (1983) beklemtoon die feit dat in al die behoeftes van die pre-adolosente kind voorsien moet word om 'n gesonde, stabiele, produktiewe en ten volle funksionele volwassene te verseker.

Intelligensie alleen is nie voldoende om sukses op skoolvlak te waarborg nie. Sekere faktore het 'n ewe belangrike invloed op die prestasie van leerlinge. Dit is nie moontlik om motivering, ambisie, deursettingsvermoë en emosionele ontwikkeling los van intelligensie as 'n invloed op die prestasie van leerlinge te sien nie. Al die faktore vorm 'n eenheid wat mekaar onderling beïnvloed en die skolastiese prestasie van die leerling bepaal. Aangesien nie een faktor geïsoleer kan word as die enigste invloed op skolastiese prestasie nie, het skoolvoorligting 'n spesifieke taak om te voorsien in al die behoeftes van die leerling.

Die invloed van die skool, die ouerhuis en die samelewing het 'n deurslaggewende invloed op die prestasie en algemene welsyn van die leerling se skolastiese vordering. Uit die ondersoek en gevallestudies was dit duidelik dat die invloed van die ouerhuis, skool en gemeenskap vordering op skool in besonder beïnvloed. Die volgende invloede soos in die literatuurstudie geïdentifiseer het telkens in die ondersoek na vore gekom:

4 1 1 1 Gevolgtrekkings t.o.v. die invloed van die ouerhuis

Die voorkoms van ontwrigte huise deur egskeiding en verwaarlosing is opmerklik. Die gepaardgaande spanning en onsekerheid het 'n besliste invloed op die leerling se skolastiese prestasies gehad. Die stabiele ouerhuis het in gebreke gebly om te voorsien in die betrokke leerling se eksplorasie behoeftes en die leerling oorbeskerm. Al die ouers in die betrokke ondersoek was aangewese op hulp en leiding t.o.v. die hantering van hulle kinders. Dit is opmerklik dat drie van die ouergroepe wel hulp gesoek het, maar nie effektiewe hulp gekry het nie. Dit is duidelik dat die hulp in en buite die skool nie voldoende of na wense was nie. Dit is duidelik uit die ondersoek van die vyf gevalle dat tydige en gespesialiseerde hulp heelwat spanning en onsekerhede by die leerlinge kon voorkom. Die voorkomende maatreëls kon op hulle beurt weer druiping voorkom het.

4 1 1 2 Gevolgtrekkings t.o.v. die invloed van skool en onderwysers

Al die leerlinge het die skool negatief beleef en die skool het niks positief gedoen om die leerlinge se houding te verander nie. Van al die leerlinge wat ondersoek is, was daar geen bewyse dat die skole positief teenoor die leerlinge se probleme ingestel was nie. Een skool het wel moeite gedoen om die leerling te verwys, maar die gepaardgaande hulp was te laat. Hoewel die skool in die algemeen nie doelbewus teen die leerlinge

gediskrimineer het nie, was daar 'n duidelike gebrek aan struktuur en verwysingsraamwerk waarbinne die leerlinge gehelp kon word. Daar is 'n behoefte aan gespesialiseerde dienste en direk beskikbare hulp om druiping te voorkom.

Die gesindheid van die onderwysers teenoor die leerlinge wat ondersoek is, was nie na wense nie. Met die uitsondering van een geval, was die optrede van die onderwyseresse van so 'n aard dat dit 'n bydrae tot die druiping van die leerlinge gelewer het. Hulp en leiding aan die onderwyseresse deur 'n spesialis op die gebied van skoolvoorligting sou heelwat van die konflik en misverstand wat gevind is, uitgeskakel het. Die gebrek aan kommunikasie en insig in die spesifieke probleme van die leerlinge deur die onderwyseresse het 'n besliste invloed gehad op die leerlinge en bygedra tot hul druiping.

4 1 1 3 Gevolgtrekkings t.o.v. gemeenskapsbetrokkenheid

Die gemeenskap se invloed was nie merkbaar in die gevalle wat ondersoek is nie. Enkele gevalle van gesinsverwaarlosing was deur die gemeenskapsdienste aan hulself oorgelaat. Dit wil dus voorkom dat daar wel 'n behoefte aan gemeenskapsbetrokkenheid bestaan, maar dat die nodige struktuur binne en buite die skool nog nie bestaan om in die behoeftes van die leerlinge en ouers te voorsien nie. Die beskikbaarheid van sodanige welsynsdienste sou 'n positiewe invloed op die skolastiese vordering van die leerlinge gehad het en druiping kon voorkom.

4 1 1 4 Gevolgtrekkings t.o.v. skolastiese behoeftes van die leerlinge

Al die leerlinge wat ondersoek is, het 'n behoefte aan skolastiese hulp en leiding gehad. Geeneen van die leerlinge het enige praktiese studiemetodes gehad nie. Die ouers was ook nie seker hoe om die leerlinge te help nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat nie een leerling spesifiek hulp ontvang het om leer- en studie-tegnieke reg te stel nie. Skoolgereedheid was 'n probleem vir al die leerlinge wat ondersoek is en aandag aan die aspek sou skolastiese probleme vroeër uitgelig het en druiping moontlik kon voorkom het. Met die uitsondering van een geval het al die leerlinge meer as een skool bygewoon. Van die leerlinge wat van skool verwissel het, het vier leerlinge vyftien skole bygewoon. Dit was opmerklik dat die leerlinge besondere probleme gehad het om by die nuwe skole in te skakel en aan te pas.

#### 4 1 1 5 Gevolgtrekkings t.o.v. die emosionele ontwikkelingsvlak van die leerlinge

Al die leerlinge wat ondersoek is, het tekens van emosionele spanning getoon. Hierdie spanning is deur die ouerhuis sowel as deur die skool veroorsaak. Dit is belangrik om daarop te let dat die reeds gespanne kind wat op skool misluk en geen hulp ontvang nie, net meer gespanne raak en sy kanse verminder om op eie stoom sy emosionele en skolastiese probleem die hoof te bied. Die leerlinge het dit veral moeilik gevind om spanning te verwerk en die gepaardgaande onaanvaarbare gedrag het meegebring dat leerlinge gereeld in die moeilikheid was.

#### 4 1 1 6 Gevolgtrekkings t.o.v. sosiale interaksie

Van die vyf leerlinge wat ondersoek is, kan twee se sosiale ontwikkeling as normaal beskou word. Die res van die leerlinge het probleme ervaar om deur die portuurgroep aanvaar te word. Dit was opmerklik dat die leerlinge dit moeilik gevind het om goeie verhoudings met hul onderwyseresse te handhaaf. Hierdie gebrek aan die nodige sosiale interaksie was nadelig vir die leerlinge se skolastiese vordering. Dit is moeilik om te bepaal wat die

gebrekkige sosiale skakeling veroorsaak het, maar tydige en gespesialiseerde hulp sou beslis tot die leerlinge se voordeel wees.

4 1 1 7 **Gevolgtrekkings t.o.v. die leerlinge se selfbeeld**

Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat daar 'n verband tussen druiping en 'n negatiewe selfbeeld bestaan. Al die leerlinge wat ondersoek is, het een of ander negatiewe element t.o.v. hulle selfbeeld gehad. Die gebrek aan selfvertroue het nie noodwendig in die skool ontstaan nie. Daar is rede om te glo dat veral die ouerhuis aanleiding gegee het tot so 'n swak beeld. Uit die ondersoek was dit duidelik dat die onsekere selfbeeld nie die eise van die skool kon weerstaan nie en met die gepaardgaande druk verder verswak het. Dit is veral die gebrek aan sukses op skool wat die leerling se selfvertroue verswak het.

4 1 2 Algemene gevolgtrekkings

Nie een van die leerlinge wat ondersoek is, was intellektueel so swak daaraan toe dat hulle moes druip nie. Ander faktore, soos die emosionele en sosiale, het hierdie vermoë so ondergrawe dat die leerlinge nie die mas skolasties kon opkom nie. Tydige intervensie deur 'n skoolvoorligter kon heelwat van die genoemde faktore vroegtydig identifiseer en die nodige hulp aan die leerling, onderwyser en ouers verleen het. Hierdie interaksie kon onnodige druiping voorkom.

4 2 Aanbevelings

In die lig van die behoeftes van die leerling, skool, huis en gemeenskap is dit noodsaaklik dat die dienste van 'n skoolvoorligter na die primêreskool uitgebrei word. Die bepaalde diens kan slegs sinvol uitgebrei word indien daar binne die raamwerk van 'n skoolvoorligtingsmodel 'n program ontwerp word

wat voldoen aan die bepaalde behoeftes van die betrokke skool.

4 2 1 Die pos van skoolvoorligter

Hoewel die klasonderwyser primêr verantwoordelik bly vir sy leerlinge en dus ook vir skoolvoorligting, is 'n spesialis pos van skoolvoorligter noodsaaklik om te voorsien in al die behoeftes van die leerlinge. Dit bring mee dat die leerling geleentheid tot optimale benutting van sy bepaalde vermoëns t.o.v. leer-, emosionele en sosiale ontwikkeling verkry. Elke primêreskool moet dus beskik oor 'n addisionele pos van 'n skoolvoorligter.

4 2 1 1 Opleiding van die skoolvoorligter

As lid van die personeel moet die skoolvoorligter oor primêre opleiding en gespesialiseerde opleiding in skoolvoorligting beskik. Die skoolvoorligter moet ook oor genoegsame onderwyservaring, kurrikulumteorie en die nodige mensekennis beskik voor hy in so 'n pos aangestel word. Vir die uitvoering van sy taak en veral vir die ontwikkeling van 'n voorligtingsprogram moet waar moontlik 'n senior pos vir die skoolvoorligter gereserveer word.

4 2 1 2 Die taak van die skoolvoorligter

Die skoolvoorligter se taak moet voorsiening maak vir die volgende terreine:

4 2 1 2 1 Berading en groepvoorligting

Hy moet beskikbaar wees vir individuele voorligting of berading aan leerling en ouers. Met berading moet gepoog word om die klimaat te skep waarbinne die leerling se behoeftes en probleme in die regte perspektief gestel word om die nodige aanpassings te doen om die leerling die geleentheid te gee om 'n funksionele en gelukkige lewenstyl te handhaaf. Met groepvoorligting moet veral klem gelê word op sosiale interaksie, portuurgroepwaardes en eie

waardes. Groepvoorligting-klasse moet sterk gestruktureer word om positiewe groei en ontwikkeling te laat plaasvind en te ondersteun.

4 2 1 2 2 Konsultasie deur die skoolvoorligter

Konsultasie in die primêreskool is kindgerig. Dit gaan om 'n spanpoging tussen onderwysers, ouers, skoolvoorligter en ander belangstellendes om die kind met sy bepaalde probleem te help. Deur die persone wat direk met die kind te doen het te ondersteun met advies en hulp, kan die waardes en gedrag van die kind positief verander word. Die skoolvoorligter is dus indirek verantwoordelik vir wat met die kind gebeur t.o.v. ontwikkeling en voorkoming. Konsultasie is wat tyd betref ekonomies vir die skoolvoorligter. Die gevalle wat sy direkte aandag nodig het, word by wyse van 'n siftingsproses gekeur.

Konsultasie met onderwysers oor hulle eie onderwysbenadering en hulle benadering van leerlinge is nodig. Met sy gespesialiseerde kennis kan die skoolvoorligter deur groep- of persoonlike konsultasie die onderwysers adviseer oor hoe om spesifieke gevalle te hanteer en hulle eie onderwysstrategie aan te pas by 'n besondere geval. Deur indiensopleidingsessies kan die leerkragte opgelei word om die voordele en hulp wat skoolvoorligting bied, sinvol in die praktiese onderwys toe te pas.

Konsultasie met ouers is veral daarop gemik om die kind en die skool in perspektief te stel. Ouers is veral aangewese op hulp en leiding om vanuit hul subjektiewe siening van hul kind 'n gebalanseerde beeld te verkry en daarvolgens besluite te neem en op te tree. Konsultasie met groepe ouers het die voordeel dat ouers mekaar kan ondersteun t.o.v. algemene opvoedingsprobleme wat hulle met hulle kinders ervaar.

4 2 1 2 3 Koördinasie deur die skoolvoorligter

Die taak van die skoolvoorligter sluit ook die nodige organisasie en administrasie in wat nodig is om skoolvoorligting glad te laat verloop. Aangesien skoolvoorligting al die fasette van die skool beïnvloed, verg die sukses van skoolvoorligting deeglike beplanning en koördinasie. Die toepassing en deurgee van toetsresultate is die verantwoordelikheid van die skoolvoorligter. Alle aktiwiteite binne die raamwerk van skoolvoorligting moet geïntegreer word in die normale skoolaktiwiteite. Die skoolvoorligter kan dus in sy koördinerende funksie gesien word as skakelbeampte t.o.v. al die aktiwiteite van skoolvoorligting.

4 2 2 Skoolvoorligtingsmodel

Om skoolvoorligting in die primêreskool sinvol aan te bied, moet dit binne die raamwerk van voorafbepaalde doestellings geskied. Aangesien skole verskil wat behoeftes en geografiese ligging betref, is dit noodsaaklik dat elke skool sy eie program ontwerp en toepas. Geen twee skole sal dus dieselfde program hê nie. Dit is egter nodig dat daar gewaak word teen die oor- of onderbeklemtoning van sekere aspekte. Om leiding aan skole te gee, is dit nodig dat elke skool se program in die lig van 'n algemeen geldige model saamgestel word. Sodanige model bestaan uit algemeen geldige beginsels wat geformuleer en saamgestel is om aan al die vereistes van skoolvoorligting te voldoen. Die model moet dus die riglyne insluit vir 'n praktiese uitvoerbare program soos deur die behoeftes van die skool bepaal.

4 2 2 1 Doelstellings van die skoolvoorligtingsmodel

4 2 2 1 1 Behoefte-bepaling met die oog op struktuurskepping

Dit impliseer 'n grondige ondersoek van die behoeftes van die skool en die leerlinge. Binne die raamwerk van die behoefte-bepaling moet daar beplan

word en 'n skoolvoorligtingsprogram geformuleer word.

4 2 2 1 2 Sensitiwiteitsopleiding van betrokkenes

Alle betrokkenes moet geskool word om meer sensitief te wees vir ontwikkelingsprobleme van leerlinge. Klem moet gelê word op die minder opsigtelike reaksies wat dieperliggende probleme blootlê. Indiensopleiding is noodsaaklik om leerkragte op hoogte te hou met die nuutste ontwikkeling van skoolvoorligting.

4 2 2 1 3 Kinderleiding

Dienste moet onder toesig van skoolvoorligting voorsien in die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld, selfkennis. besluitneming en probleemoplossing van die leerlinge. Dit is belangrik om veral klem op potensiaál-ontwikkeling te lê en die leerlinge die geleentheid te bied om sosiaal, emosioneel en skolasties gebalanseerd te ontwikkel.

4 2 2 1 4 Konsultasiedienste

Voorsiening moet gemaak word vir konsultasie tussen leerlinge, ouers en onderwysers.

4 2 2 1 5 Berading en groepvoorligting

Voorsiening vir berading en groepvoorligting aan leerlinge, onderwysers en ouers. Dit impliseer die beskikbaarheid van 'n opgeleide skoolvoorligter.

4 2 2 1 6 Evaluering en navorsing

Alle aktiwiteite moet op 'n gereelde grondslag geëvalueer word met die oog op regstellings en aanpassings. Navorsingsprojekte is noodsaaklik om probleme wat uniek aan 'n bepaalde skool is, die hoof te bied.

### 4 2 3 Skoolvoorligtingsprogram

Elke skool moet in die lig van bogenoemde beginsels 'n breedvoerige program uitwerk wat voorsien in al die behoeftes van die bepaalde skool. Die program van een skool sal noodwendig verskil van dié van ander skole en al ooreenkoms sal die algemeenhede soos in die model se beginsels saamgevat, wees.

## 4 3 Navorsing

Dit is slegs deur navorsing moontlik om 'n sinvolle skoolvoorligtingsprogram vir die primêreskool in Suid-Afrika tot sy reg te laat kom. Deur omstandighede wat uniek is aan Suid-Afrika wel deeglik in ag te neem, kan 'n eie stelsel ontwikkel word wat tot voordeel van alle bevolkingsgroepe aangewend kan word.

## 4 4 Samevatting

Uit die ondersoek is dit duidelik dat skoolvoorligting so gou doenlik op 'n georganiseerde wyse in alle primêreskole ingestel moet word. Die wyse waarop dit moet geskied, is egter belangrik. Die klem moet val op die samestelling van 'n program in die lig van algemene doelstellings. Die skool se behoeftes moet deeglik in ag geneem word. Die gedagte is dat skoolvoorligting moet groei uit die behoeftes van die skool eerder as net nog 'n stelsel wat van owerheidsweë op die skole afgedwing word. Die ideaal sal wees om 'n bepaalde program soos uitgewerk vir 'n bepaalde skool op 'n eksperimentele vlak aan te pak en daaruit te leer. Terugvoering moet geëvalueer word om uiteindelik 'n bydrae te lewer tot model vir skoolvoorligting in Suid-Afrika.

# ADDENDUM

Al die ouderhoude is tydens die ondersoek op magnetiese bande vasgelê. Die onderhoude is getik en sekere weglatings is gemaak om die identiteit van die betrokkenes te beskerm. Waar nodig is die ouderhoude vry vertaal om die oorspronklike betekenis so goed moontlik weer te gee.

Geval 1

Geslag en ouderdom

Manlik 7 jaar en 2 maande

Familiegeskiedenis

Die leerling is die jongste van vyf kinders. Die ouer broers en susters vaar nie te goed op skool nie en die een broer het ten spyte van 'n bo-gemiddelde intelligensie reeds een maal gedruip. Die vader is 34 jaar oud en werk skofte. Die moeder is 32 jaar oud en is 'n huisvrou. Die vader het nie veel te doen met die opvoeding van die kinders nie en die moeder aanvaar die verantwoordelikheid daarvan.

Skolastiese beeld

Herhaal sub A

Simbole behaal die vorige jaar

Afrikaans Eerste Taal C-

Engels Tweede Taal C+

Wiskunde B

Skrif C

Gemiddelde simbool D

Algemene skolastiese probleme

Sukkel met klanke wat veroorsaak dat hy nie aan die minimum vereistes

voldoen nie.

Intelligensiebeeld

J.S.A.I.S.

Vormbord 11

Woordeskat 10

Getal en kwantiteitsbegrip 12

Syfergeheue 9

Prenteraaisels 14

Woordassosiasie 12

Absurditeite A 10

Absurditeite B 13

G.I.K. 107

V.I.K. 110

H.I.K. 106

Geboortegeskiedenis

Geboorte was 'n keisersnee. Geen verdere komplikasies het ingetree nie.

Voorskoolse ontwikkeling

Die fisieke voorskoolse ontwikkeling was normaal en geen abnormale agterstand was merkbaar nie. Sy emosionele ontwikkeling was normaal en in vergelyking met sy ouer broers was die ontwikkeling beter. Wat sosiale ontwikkeling betref, was daar geen tekens van probleme nie. Geleenthede vir direkte kulturele stimulering was beperk, aangesien die groot gesin heelwat aandag van die moeder geverg het.

Onderhoud met moeder

Volgens moeder het leerling klank- en leesprobleme ervaar. By die huis het die leerling goed gelees, maar kon volgens die onderwyseres nie dieselfde standaard by die skool handhaaf nie. Hoewel die leerling aanvanklik graag

skool toe gegaan het, het die lus vir skool later ontbreek. Hy wou uit die skool bly omdat dit nie vir hom lekker was om skool toe te gaan nie. Wat klanke betref, was die leerling tuis in staat om die klanke te ken, maar ongelukkig is dit gou weer vergeet. Met wiskunde is daar nie probleme nie en vorder hy na wense. Die leerling ervaar ook skrif probleme hoewel daar tye is wanneer hy mooier skryf. Alhoewel twee ander kinders in die gesin deur die skoolsuster vir oogondersoek verwys is, is daar geen oog of visuele afwyking by die leerling waargeneem nie.

Die ouerhuis was onderhewig aan spanning a.g.v. probleme aan die vader se kant. Van die ander kinders in die gesin toon tekens van spanning wat herlei kan word na die spanning in die huis.

Volgens die moeder het die leerling binne die eerste paar weke belang in die skool verloor en het as rede aangevoer dat die skool nie lekker is nie. Volgens hom het hy gedink dat die skool anders sou wees en nou is die skoolwerk so moeilik. Die moeder erken dat sy soms die leerling geslaan het as hy nie so vlot kon lees nie. Volgens haar was die leerling nie bang vir die onderwyseres nie.

Onderhoud met die onderwyseres

Volgens die onderwyseres is dit nie die probleem met klanke wat sy druiping die vorige jaar veroorsaak het nie. Volgens haar is daar nie tekens van emosionele spanning nie en is hy redelik woelig in die klas. Die onderwyseres vermoed dat hy nou eers skoolgereed is, aangesien hy saam met die sub. B leerlinge wiskunde doen. Sy lees is ook op 'n heel aanvaarbare vlak. Woordherkenning van die leesgedeeltes wat hy behoort te handhaaf,

skep probleme wat moontlik verband hou met geheue. Skrif is op standaard, hoewel dit nie sub. B standaard is nie. Sy wiskundige vermoë is redelik. Hy vorm 'n groep op sy eie en hy moet besig gehou word. Geen sosiale gedragsprobleme is waarneembaar nie. Hy is nie een wat ander afknou nie en raak rusteloos as hy nie besig gehou word nie. Hy geniet skool en reageer goed as hy vrae kan beantwoord wat die sub. B leerlinge nie kan beantwoord nie. Die moeder het nog nie kontak gemaak nie.

Onderhoud met die leerling

Leerling ervaar geen probleme met wiskunde nie. Met sy lees gaan dit ook goed. Hy lees vir sy ma en soms vir sy pa. Sy pa slaan hom as hy sy les nie ken nie. Met die skrif gaan dit beter as die vorige jaar en sy skrif word met sterre bekroon. Op skool hou hy die meeste van lees en skryf. Hy hou nie van pouses nie en hou van werk. Hy speel lekker met sy maats. Na skool kom speel hy en sy maats by die skool. Hy ken sy klanke. Hy noem dat sy pa hom uit die skool sal haal as hy weer druip.

Geval 2

Geslag en ouderdom

Vroulik 11 jaar 0 maande

Familiegeskiedenis

Leerling is die middelste kind van drie. Ouer suster is tans in st. 5 en 12 jaar oud. Jonger broer is 4 jaar oud. Vader en moeder is besig om te skei. Vader is 35 en is 'n bestuurder van 'n hardeware winkel. Moeder was huisvrou, maar het so pas begin werk. Daar is geen direkte kontak met die vader nie. Geen gegewens is beskikbaar oor die aard en oorsake wat die egskeiding veroorsaak het nie. Volgens die moeder ervaar die oudste dogter probleme met wiskunde. Geen druiping het in haar geval plaasgevind nie.

Skolastiese beeld

Leerling is tans in st. 2 (wat sy herhaal.)

Sy is tans in haar vyfde skool.

Begin met sub. A Januarie 1979

Op ouers se versoek word leerling aan die einde van 1980 in sub. B teruggehou.

Herhaal sub. B 1981

Woon gedurende 1982 drie skole by en slaag st. 1

Druip aan die einde van 1983 st. 2

Intelligensie beeld soos verkry met 'n S.S.A.I.S.

Woordeskat 13

Begrip 12

Verbale redenering 10

Probleme 9

Geheue 9

Patroonvoltooiing 13

Blokkies 9

Absurditeite 12

Vormbord 11

Verbale skaal 102

Nie-verbale skaal 107

Totaal 104

Persoonsbeeld

Persoonlikheidsvraelys vir kinders

| | |
|---|---|
| Faktor A | 7 |
| Faktor B | 5 |
| Faktor C | 4 |

| | | |
|---|---|---|
| Faktor D | 3 | |
| Faktor E | 1 | Tekens van onderdanigheid. Kinders is gehoorsaam en inskiklik, maar geneig om maklik ontsteld te raak. |
| Faktor F | 4 | |
| Faktor G | 6 | |
| Faktor H | 4 | |
| Faktor I | 7 | |
| Faktor J | 5 | |
| Faktor N | 8 | Tekens van skerpsinningheid, sosiaal wakker en bedrewe, presies en realisties, koel afsydig, toon insig in andere en selfinsig. Helder denker met 'n geoefende, realistiese en soms opportunisitiese benadering van probleme. |
| Faktor O | 5 | |
| Faktor Q3 | 5 | |
| Faktor Q4 | 4 | |

Die leerling is 'n aangename en vrymoedige persoon wat ietwat gespanne en onseker voorkom. Uit die onderhoud was dit duidelik dat daar nog vrese en onsekerhede is en dat die mislukking op skoolvlak 'n negatiewe selfbeeld geskep het.

Onderhoud met die moeder

Die leerling het die vorige jaar gedruip en die moeder is gevra om moontlike oorsake vir die druiping uit te lig. Volgens die moeder is die leerling in sub. B op die ouers se versoek teruggehou omdat die punte in die algemeen te laag was en daar drie ooroperasies gedurende die jaar uitgevoer is. As gevolg van die gehoorprobleem is sy teruggehou, hoewel die skoolhoof nie bereid was om haar terug te hou nie, en die skoolraad se toestemming verkry moes word. Die punte van die vorige jaar was laag en sy het van skool verander. Volgens die moeder was sy baie ontsteld oor die uitslag. Na die Junie-uitslae is die rapport met die onderwyseres bespreek enis daar 'n versoek

gerig vir voorligting en hulpverlening. Die onderwyseres het die moeder verseker dat daar geen probleem is nie. Na die September-uitslae is die uitslae weer bespreek en het die moeder die onderwyseres en die hoof gevra of die leerling wel sal slaag. Hulle het haar weer verseker dat daar geen probleem is nie. Die moeder het dit beklemtoon dat die leerling 'n klompleks ontwikkel oor haar ouderdom en dat die skool wenke aan die hand moes doen oor hoe die leerling gehelp kan word om die skoolwerk baas te raak, om te voorkom dat sy druip. Volgens die moeder het die skool geen redes verskaf waarom die leerling so swak gevaar het nie. Die skool het dit duidelik gestel dat geen hulp nodig is nie. Die versoek van die ouer, dat aan die leerling hulp in wiskunde verleen moes word, het niks opgelewer nie. Die ouer suster het op daardie stadium hulp in wiskunde nodig gehad, maar geen hulp ontvang nie. As ouers was hulle bereid om te betaal vir ekstra klasse en om net die beste vir hulle kinders te verkry.

Met verwysing na die probleme in wiskunde is die stelling gemaak dat emosionele faktore 'n rol kan speel. Die moeder het genoem dat sy tans besig is om van haar man te skei. Die laaste ses maande was vir alle betrokkenes erg traumaties. Die moeder verkwalik haarself vir die leerling se druiping. Daar was egter niks wat sy kon doen nie en sy moes wag tot die sluiting van die skool voordat hulle kon vertrek. Emosioneel is die leerling nou beter daaraan toe as voorheen. Die gesin is gelukkiger as in die verlede. Hulle is besonder geheg aan hulle vader. Die leerling het, na die vorige dag se ondersoek, aan die moeder gemeld dat sy nie seker is waarom sy na die ondersoeker moes kom nie. Ander leerlinge vertel in die klas wat hulle vaders doen en dit is 'n behoefte by die leerling om te vertel oor wat haar eie vader vir haar doen. Die moeder is bekommerd dat die afwesigheid van

die eie vader moontlik 'n probleem kan skep.

Geboorte was normaal behalwe dat die geboorte self 24 uur geduur het. Andersins was sy 'n normale baba wat bederf is omdat sy, in vergelyking met die ouer suster, so 'n maklike baba was. Sy het op 9 maande geloop en het op 15 maande begin praat. Die voorskoolse ontwikkeling was normaal en daar was geen probleme nie. Sy is op 5 jaar 9 maande skool toe, maar die moeder het op daardie stadium gevoel dat sy nog 'n jaar tuis moes bly. Sy was volgens die moeder nie skoolgereed nie en 'n skoolgereedheidsondersoek is ook nie afgeneem nie. Haar man glo dat daar nie iets met sy kinders verkeerd is nie en daarom is die kind skool toe gestuur. Haar jongste kind van vier jaar het 'n spraakprobleem. Toe hy 18 maande oud was, het sy daarvan bewus geword, maar dit is eers 'n jaar gelede bevestig. Haar man glo dat hyself perfek is en dat daar dus nie enige probleme met sy kinders kan wees nie. Volgens die moeder was die leerling te baba-agtig en ook te jonk. Behalwe die ouderdom vermoed die moeder dat die leerling se gehoorprobleem ook 'n rol in die druiping gespeel het. Die onderwyseres het gedurende Junie van die leerling se sub. A jaar, die ouers ingeroep en gevra dat die leerling se gehoor ondersoek moet word. Dit het uitgeloop op operasies wat haar gehoor reggestel het. Met die laaste gehoortoets, teen die einde van die vorige jaar, is bevind dat die gehoor normaal is. Geen ander faktore waarvan die moeder bewus is, kon bygedra het tot die druiping van die leerling nie. Hoewel die huislike probleme twee jaar tevore begin het, was daar geen rede tot kommer nie. Volgens die moeder het die leerling 'n gebalanseerde persoonlikheid en is sy van natuur goedhartig. Sy het die vermoë om te verstaan hoe iemand op 'n bepaalde stadium voel. Die leerling beskik oor die vermoë om haarself duidelik uit te druk en is nie skaam om te sê wat sy wil sê nie. Sy is baie hulpvaardig en is sensitief oor wat rondom haar en met

ander mense gebeur. Verlede jaar het die leerling heelwat aan slapeloosheid gely, maar sedertdien net genoem dat sy sommige nagte nie so goed geslaap het nie. Die leerling kon nie enige redes vir die slapeloosheid verskaf nie. Sy het die probleem dat haar neus dikwels bloei. Die vader het ook die probleem en dit mag oorgeërf wees.

Aan die moeder is verduidelik dat daar tydens die ondersoek tekens van spanning en onsekerheid waargeneem is. Dit kan aanvaar word dat die trauma van die egskeiding 'n invloed op haar persoonlikheid en skoolwerk het. Die leerling het ondersteuning van die klasonderwyseres nodig om te herstel en veral selfvertroue op te bou. Daar moet ook veral aandag aan die emosionele ontwikkeling gegee word. Die moeder meld dat hulle as 'n gesin baie gelukkiger as voorheen is en dat die kinders nie daarvan hou dat sy, die moeder, op hulle skree nie, aangesien hulle genoeg daarvan in die verlede gehad het. Die leerling is baie sensitief en is geneig om baie maklik te huil. Die leerling kom egter gelukkiger voor, behalwe vir die vorige dag toe die leerlinge die aktiwiteite wat hulle naweke as 'n gesin doen, moes bespreek. Haar vader het baie tyd en aandag aan haar afgestaan. Dit het meegebring dat 'n baie goeie verhouding tussen vader en dogter bestaan. Die moeder meld dat die kinders baie ongelukkig in die vorige skool was, maar dat hulle in die huidige skool gelukkig is. Wat die toekoms betref: Dit is nie duidelik vir hoe lank die gesin in die bepaalde omgewing sal bly nie, maar dit sal minstens tot die einde van die huidige jaar wees. Geen finansiële probleme behoort op te duik nie.

Volgens die moeder is die leerling bang dat die leerlinge in die klas sal uitvind dat sy verlede jaar gedruip het. Die moeder wys daarop dat die leerling geleer word om nie te veel van hulle private sake aan almal te

verkondig nie.

Onderhoud met die huidige onderwyseres

Volgens die onderwyseres slaag die leerling op die stadium daarin om die werk baas te raak sonder enige probleme. Die leerling het geen emosionele probleme op die stadium nie. Sy is geneig om stil en teruggetrokke te wees en is baie konsensieus. Sy het wel soms kom kla dat haar neus bloei. Die onderwyseres, wat ook verantwoordelik is vir liggaamlike opvoeding, twyfel of die leerling fisiek op standaard is en beskou haar as onder-gemiddeld, maar op dieselfde peil as die ander swakker leerlinge. Emosioneel en sosiaal pas die leerling goed aan. Die leerling toon geen tekens van vrees of senuweeagtigheid nie en is gretig om te presteer. As sy nie presteer nie, reageer sy positief en daar is nie tekens van huilerigheid nie. Die onderwyseres kan nie verstaan waarom die leerling teruggehou is nie. Die onderwyseres is bewus van die feit dat die ouers geskei is. Die onderwyseres twyfel of die res van die klas die leerling se druiping as negatief sal beskou.

Gegewens verskaf deur die vorige onderwyseres

Aangesien die leerling se vorige onderwyseres nie vir 'n onderhoud beskikbaar was nie, is die volgende inligting uit die rapport verkry.

| Eerste rapport: | Leerling: | Klas: |
|---|---|---|
| Eerste Taal | 52% | 67% |
| Tweede Taal | 61% | 65% |
| Wiskunde | 39% | 62% |
| Gesondheidsleer | 40% | 60% |
| Geskiedenis | 40% | 55% |

| | Leerling: | Klas: |
|---|---|---|
| Aardrykskunde | 55% | 55% |
| Wetenskap | 60% | 70% |
| Gemiddelde Punt | 50,8% | 64,3% |

Opmerking van die klasonderwyseres:

.... is 'n aangename leerling om te onderrig. Sy is tot beter instaat in English en wiskunde.

Opmerking deur die skoolhoof:

.... daar is ruimte vir verbetering.

| Tweede Rapport: | Leerling: | Klas: |
|---|---|---|
| Eerste Taal | 58% | 69% |
| Tweede Taal | 62% | 66% |
| Wiskunde | 37% | 55% |
| Gesondheidsleer | 45% | 65% |
| Geskiedenis | 60% | 60% |
| Aardrykskunde | 55% | 65% |
| Wetenskap | 70% | 70% |
| Gemiddelde | 54% | 63,9% |

Opmerking van klasonderwyseres:

.... jou werk vertoon 'n verbetering, veral in English en gesondheidsleer. Hou dit so en doen dieselfde in Wiskunde en Geskiedenis.

Opmerking van die skoolhoof:

.... bly om te sien dat daar 'n verbetering is. Hou dit so asseblief.

Derde Rapport aan die einde van die skooljaar:

| | Leerling: | Klas: |
|---|---|---|
| Eerste Taal | 59% | 68% |
| Tweede Taal | 55% | 67% |

| | Leerling: | Klas: |
|---|---|---|
| Wiskunde | 29% | 64% |
| Gesondheidsleer | 50% | 60% |
| Geskiedenis | 55% | 70% |
| Aardrykskunde | 50% | 70% |
| Wetenskap | 55% | 70% |
| Gemiddelde | 50,5% | 67,7% |

Opmerking van die klasonderwyseres:

.... het nie daarin geslaag om aan die vereistes om st. 2 te slaag voldoen nie. Deur die jaar te herhaal sal 'n basis gelê word en meer selfvertroue verwerf word.

Opmerkings van die skoolhoof:

Ons vertrou dat .... die st. 2-werk makliker sal vind aanstaande jaar en sal konsolideer.

Onderhoud met die leerling

Die leerling het baie meer selfvertroue in wiskunde aangesien sy pas 'n wiskunde toets geskryf het en volpunte behaal het. As redes vir die goeie prestasie voer die leerling aan dat sy van die klas en die onderwyseres hou. Dit is lekkerder in die huidige klas omdat die onderwyseres die werk verduidelik en die leerling die werk beter verstaan. Sy het ook probleme met English gehad omdat die onderwyseres te streng was en dit het haar senuweeagtig gemaak. Sy hou van onderwyseresse soos haar huidige onderwyseres wat gaaf is en bereid is om haar te help. Sy is nog 'n bietjie bang dat sy nie die jaar suksesvol gaan wees nie. Dit is aan haar gestel dat die sukses van die wiskunde toets haar selfvertroue kan gee en sy het daarmee saamgestem. Sy was nie gelukkig in die vorige skool nie, aangesien sy nie so goed met haar onderwyseresse oor die weg kon kom nie. Sy het geen

vriende by die vorige skool gehad nie en het slegs met haar suster gespeel. Sy noem dat die vriende van haar effens jonger is as sy. Sy was in die vorige skool ongelukkig omdat die leerlinge nie baie van haar gehou het nie en nie werklik aandag aan haar gegee het nie. Gedurende die vorige jaar was sy effens ongelukkig omdat haar ouers besig was om te skei en hulle van skool tot skool beweeg het.

Geval 3

Geslag en ouderdom

Vroulik 8 jaar 5 maande

Familiegeskiedenis

Die leerling is die enigste kind van 'n geskeide moeder wat tans as huishoudster in 'n losieshuis werk. Die ouers is geskei toe die leerling in sub. A was. Die moeder het 'n verhouding met haar werkgewer, maar die verhouding is stormagtig en gaan gepaard met geweld. Die vader het los verhoudings met ander vrouens voor sy egskeiding gehad en het tans 'n babadogter by die vrou by wie hy woon. Die vader is 29 jaar oud en is werksaam as 'n ambagsman in 'n fabriek. Die moeder is 26 jaar oud. Die eie vader het kontak met die leerling en sien haar gedurende die skoolvakansies. Daar is ook 'n ouma aan moederskant wat omsien na die leerling as dit te erg by die huis gaan. Die moeder is bekommerd oor die kind, maar doen niks daadwerkliks om die kind te help nie.

Skolastiese beeld

Leerling is tans in sub. B (wat sy herhaal)

Dit is die leerling se derde skool

Begin met sub. A Januarie 1982

Volgens die moeder was die kind wel in 'n pre-primêreskool en was 'n skoolge-

reedheidsondersoek gedoen.

Aan die einde van sub. A het sy 'n C+ vir English behaal

C vir wiskunde

D- vir skrif

C- gemiddeld

Aan die einde van die vorige jaar in sub. B, toe sy gedruip het, was haar uitslae soos volg:

Afrikaans B+

English D

Wiskunde D

Skrif D

Die leerling was gedurende sub. A in een skool en was vir die eerste drie kwartale van sub. B in haar tweede skool. Die laaste kwartaal van sub. B was sy by die huidige en derde skool waar sy aan die einde van verlede jaar gedruip het en tans sub. B herhaal.

Intelligensie beeld soos verkry uit 'n S.S.A.I.S.

Woordeskat 16

Begrip 15

Verbale redenering 10

Probleme 10

Geheue 12

Patroonvoltooiing 10

Blokkies 15

Absurditeite 12

Vormbord 11

Verbale skaal 116

Nie-verbale skaal 112

Totaal 116

Onderhoud met die moeder

.... volgens die gegewens moes die leerling nie verlede jaar gedruip het nie. Volgens die moeder was sub. A die moeilike jaar. Sy is wel gedurende haar pre-primêreskooljaar ondersoek in 'n skoolkliniek waar gesê is dat haar I.K. baie hoog is. Dit is waarom die moeder haar in die skool gesit het al was sy op daardie stadium nog net 5 jaar oud. Dit was egter nie onmiddellik moontlik nie, aangesien die leerling in Oktober verjaar. Geen verslag in die verband is ontvang nie. Die leerling is aan die begin van 1982 skool toe en volgens die moeder het dit in die begin baie goed gegaan.

.... aan die einde van die eerste jaar verkry die leerling 'n C+ vir English, 'n C vir Wiskunde en 'n D vir skrif. Volgens die moeder was haar skrif nie so goed nie omdat die leerling so pas met skool begin het. .... was daar enige probleme gedurende haar sub. A jaar? Volgens die moeder was sy op daardie stadium besig om van haar man te skei. Dit het 'n invloed op die leerling gehad omdat sy baie geheg was aan die vader. Aangesien sy 'n senuweeagtige kind is, moes dit 'n effek op haar gehad het. Sy het die moontlike effek op geen wyse getoon nie, aangesien sy 'n kind is wat haar gevoelens nooit wys nie. Die vorige dag het sy egter uitgebars en gesê dat haar huidige onderwyseres die heeldag op haar skreeu. Die moeder wonder of kind nie uit die skool uit geneem moet word nie, want sy kan dit nie verdra dat daar heeldag op die kind geskree word nie. Die moeder het nog nie die probleem met die onderwyseres bespreek nie, aangesien daar nie tyd was nie. Die geboorte was normaal en die leerling het op agt maande begin loop. Die voorskoolse ontwikkeling was normaal en daar was geen probleme nie. .... huislike omstandighede, was daar enige spanning op 'n bepaalde stadium? Die moeder glo nie dat die kind enigiets van die probleme sou verstaan het nie, al sou daar dan ook op daardie stadium probleme gewees

het. Die vader het op daardie stadium begin lol met 'n ander vrou, maar die leerling het nie daarvan geweet nie, aangesien die moeder niks gesê het nie. (Die leerling was tuis by haar ouers). Daar was geen stryery wat 'n invloed op die kind kon gehad het nie. Op die oomblik is die moeder 'n huishoudster. Sy het as gevolg van asma 'n skuif gemaak na 'n ander klimaat. Die kind is ook baie gesonder en die moeder het tot nou toe geen probleem gehad met die kind se gesondheid nie. .... wanneer het die senuwee probleem ontstaan waarvoor die leerling 'n inspuiting moes ontvang? Die kind het die vorige dag van die skool gekom en begin huil. Die moeder kon nie daarin slaag om die kind te troos nie. Die moeder se werkgewer het probeer help maar al wat hy uit haar kon kry, was dat die onderwyseresse op haar bly skree het en dat sy nie van die skreëry gehou het nie. Dit het volgens die moeder niks met moontlike gehoorprobleme te doen nie. Die vorige onderwyseresse het goeie verhoudings met die leerling gehad. Sy het soms, vir naweke, saam met een van die onderwyseresse na 'n plaas gegaan. Daar was geen klagtes wat haar skoolwerk betref nie. Sedert die leerling se skoolloopbaan is daar geen probleme of klagtes wat die werk betref nie. Volgens die moeder is die verslae ook goed. Volgens die skool se rekords het die leerling aan die begin van die vorige jaar se vierde kwartaal na die huidige skool gekom, maar, volgens die moeder het die leerling eers aan die begin van November na die huidige skool gekom. Sy het van die huidige skool gehou, maar was nie geheg aan die onderwyseres nie. Volgens die moeder kon sy nie vasstel waarom die leerling nie van die onderwyseres gehou het nie, aangesien sy iemand is wat nie maklik praat nie. Sy is 'n baie sensitiewe kind en sedert die vorige jaar is sy baie senuweeagtig en in haar dop gekruip. Die pypies in haar ore kan verantwoordelik wees vir haar gedrag. Sy het al die vorige jaar genoem dat die onderwyseres op haar skree. Dit is dieselfde onderwyseres wat sy nou het. Sy is glad nie gelukkig in haar klas

nie. Die leerling het slegs genoem dat die skreëry in die klas op haar senuwees werk. Die leerling het, volgens die moeder, twee vriende wat na skool by haar kom speel. Hulle speel veral Vrydagnamiddae, na haar huiswerk gedoen is, by haar. Die leerling noem die werkgewers van die moeder Ouma en Oupa en bring ook heelwat tyd by hulle deur. .... enigiets wat die leerling genoem het wat daarop dui dat die ander kinders haar afknou? Volgens die moeder het niks ernstigs gebeur nie. Die onderwyseres het by geleentheid die leerling se haarkammetjie op die grond gegooi, maar die moeder weet nie wat die rede daarvoor was nie. Die leerling hou nie van 'n geskreëry nie en is baie sensitief van haar baba-dae af. Sy is baie onafhanklik en sensitief en as iemand op haar skree, sal sy dadelik begin huil. Sy wil nie teruggaan na die onderwyseres se klas nie. Nadat die moontlike oorsake aan die moeder verduidelik is, is die moontlikheid van 'n ander skool geopper. Die moeder was daarvoor te vinde dat die leerling in 'n koshuis geplaas moet word. Volgens haar sou dit geen probleme skep nie. Die leerling het heelwat vriende wat in die bepaalde skool is, maar wil nie teruggaan na die huidige onderwyseres nie. Volgens die moeder sal die verandering van onderwyseres die leerling net bevoordeel. Die moeder spreek die wens uit dat die leerling in 'n ander skool oorgeplaas word na st. 1. Sy is egter gewys op die lae punte wat die leerling in sub. A behaal het. Die moeder het die feit dat die leerling die vorige jaar wonderlike punte behaal het, uitgewys. Volgens die moeder het die leerling 'n A simbool behaal in lees, as sy reg onthou. Volgens die moeder is die verslae in die skool. .... enige ander terugvoering van die skoolgereedheidsondersoek? Die moeder bevestig dat die skoolkliniek gesê het dat sy lankal skoolgereed is. Uit 'n verslag van die eerste skool word aangehaal dat die leerling konsentrasieprobleme het en dat sy onnet is in haar werk. Die moeder reageer deur te sê dat sy geen tekens

daarvan waargeneem het nie. Die vorige jaar se verslae in sub. B meld weereens die probleem van konsentrasie en kort aandagspan. Dit word aan die moeder gestel dat genoemde probleme, asook die feit dat die leerling motivering en aanmoediging nodig het, verband kan hou met angs en spanning. Die moeder reageer deur stil te bly oor die stellings. Sy vervolg en sê dat die onderwyseresse in sub. A en sub. B die leerling aanbid het. Die onderwyseres was wonderlik vir die kind. Gedurende die sub. B jaar het die leerling ook by die ouma, die moeder se ma, gebly. Die moeder erken dat die aanvangslees in English swak was, maar skryf dit toe aan die feit dat die kind gedurende die eerste twee kwartale van sub. A nie veel van lees kon weet nie. Die moeder voel dat die feit dat op die kind geskree word, verantwoordelik is vir haar senuprobleme en dat dit die res van haar skoolwerk beïnvloed.

Onderhoud met die leerling

Die leerling was voor die onderhoud nie in haar klas nie, omdat sy geweier het om na die onderwyseres te gaan. Dit was ook opmerklik dat die leerling met 'n hoë stemtoon, wat gedurende die onderhoud weer normaal geword het, begin praat het. Dis verder opmerklik dat die leerling aan die begin van die onderhoud van rolspel gebruik gemaak het om haarself uit te druk. Na die onderhoud is die leerling sonder enige klagtes klas toe.

Die leerling skryf die druiping van die vorige jaar toe aan die feit dat die onderwyseres voortdurend gekla en gemor het. Voorts het die onderwyseres op haar geskree. Aangesien die leerling pypies in haar ore het gaan die stem van die onderwyseres soos naalde deur die leerling se kop en dit maak haar seer as die onderwyseres so skree. .... wat anders skep nog probleme in die klas? Kinders neem die leerling se kryte en wil dit nie teruggee nie. Die

ander kinders wil nie met die leerling speel nie. Al rede wat die leerling kan gee is die feit dat sy die vorige jaar gedruip het. Die leerling sê die ander leerlinge wil nie met haar speel nie omdat sy die vorige jaar gedruip het. Die leerling speel net op haar eie of met 'n Afrikaanssprekende vriendin. By die huis het die leerling net twee nefies waarmee sy speel. By die vorige skool was die leerling gelukkig omdat die onderwyseres nooit op hulle geskree het nie en altyd geluister het na die leerlinge as hulle iets te sê gehad het. Die onderwyseres was altyd bereid om haar te help met die werk en daar was nooit die geval dat die skreëry soos naalde deur haar kop gegaan het nie. Sedert sy hier gekom het, is dit soos naalde deur haar kop. Die leerling het haar sub. A jaar geniet en dit was besonder lekker. Die lees het sy ook baie geniet. Sy het nou nog van die sub. A boeke in haar tas. .... volgens die verslae het die leerling in sub. A probleme gehad met lees en wiskunde. Wat sou dit veroorsaak? Die leerling voer aan dat sy eintlik Afrikaanssprekend is en dat dit die rede was waarom sy in die Engelsmedium skool probleme gehad het. Die leerling kan nie aan enige redes dink wat veroorsaak het dat sy met wiskunde in sub. A gesukkel het nie. Sy het van wiskunde gehou en niemand het haar daarmee gehelp nie. Sy kan net een geleentheid onthou wat sy die onderwyseres gevra het om haar te help toe sy vasgehaak het. Wat lees en skrif betref het dit, volgens die leerling, goed gegaan in sub. A en het sy veilig deurgekom tot in sub. B.

Sy het egter geen boeke van sub. B by die huis nie. Al haar boeke is in die klas. Sy kan geen verklaring daarvoor gee nie. Haar verblyf in die huidige skool en huidige onderwyseres, ook van die vorige jaar, is aanvaarbaar. Sommige dinge soos inskrywings in haar boeke kon sy nie verstaan nie. Die moeder kon dit ook nie verklaar nie. Die leerling het nie vir die onderwyseres

gevra om te verduidelik nie. Volgens die leerling is die moeder se Engels nie so goed nie omdat die leerling haar soms moet help met woorde. Die moeder is beter in Afrikaans. Die leerling voel sy is self beter in Afrikaans en sy voel dit sal beter wees as sy na 'n Afrikaanse klas gaan aangesien sy haarself beter in Afrikaans kan uitdruk. Die leerling bevestig dat dit vir haar ontstellend was toe haar vader uit die huis is. Sy onthou dat hy vir haar 'n plaat gegee het. Sy het dit nou nog. Sy sien haar eie vader gereeld en hy kom haal haar vir die komende vakansie. Haar vader het 'n dogterjie wat nog klein is. Die leerling het nog 'n ander moeder. .... hou jy van skoolwerk in die algemeen? English is in orde, maar soms maak sy nog skryffoute. In die vorige skool was sy gewoond daaraan om Afrikaans en English te skryf en sy was gewoond daaraan om antwoorde in Afrikaans te skryf. Volgens die leerling was sy in die vorige skool wel in 'n engelse klas, maar daar is met hulle Afrikaans gepraat. Dit wil voorkom of daar nog heelwat taalverwarring by die leerling bestaan.

Onderhoud met huidige onderwyseres

Die leerling het aan die begin van die vierde kwartaal by die huidige onderwyseres ingeskakel en sy het aan die einde van daardie kwartaal, en dus die jaar, gedruip. Volgens die onderwyseres onderpresteer die leerling en was die leerling nie bekwaam om die skoolwerk te doen nie. Sy het 'n brief van die vorige onderwyseres ontvang en, aangesien die leerling nie gereed was vir st. 1 werk nie, het die onderwyseres haar teruggehou. Die onderwyseres noem dat die geval een van die ergste voorbeelde van swak huislike omstandighede is wat sy nog teëgekom het. Die leerling fantaseer en bou 'n leefwêreld van haar eie op. Die leerling is, volgens die onderwyseres, goed tweetalig, maar sy wou haar nie uitlaat oor die moontlikheid dat die kind na 'n afrikaansmedium klas oorgeplaas word nie. Dit sal goed wees om

die kind te verskuif uit die huislike omstandighede. Volgens die onderwyseres is die moeder beter in Afrikaans as in Engels. Die onderwyseres wil hê dat die kind uit die huislike omstandighede verskuif moet word en in 'n engelse klas geplaas word om te kyk hoe sy reageer. Die onderwyseres voel dat die verskuiwing van die leerling op die stadium die belangrikste stap is om die kind te help.

Verslag van vorige onderwyseres vir die eerste drie kwartale

Die leerling is, volgens die onderwyseres, 'n sensitiewe leerling wat 'n verskeidenheid van probleme in die skool ervaar het. Sy kan nie konsentreer nie en is onryp. Sy het konstante motivering en aanmoediging nodig. Sy is 'n liefderyke kind wat na liefde en aandag hunker. Hoewel die leerling gedurende die jaar aansienlike belangstelling getoon het, voel die onderwyseres dat die leerling nie gereed is vir st. 1 nie. Sy vind dit moeilik om nuwe woorde aan te leer en het ekstra lesse gehad om haar lees te probeer verbeter. In wiskunde is sy in die derde groep geplaas. Hulle het optelsomme afgehandel en begin met aftreksomme. In skrif is al die hoofletters afgehandel en is met lopende skrif, gebaseer op patrone, begin. Die leerling se Afrikaans is baie goed en sy praat dit vlot.

Geval 4

Geslag en ouderdom

Vroulik 9 jaar 3 maande

Familiegeskiedenis

Die leerling is die middelste van drie kinders. Die ouer broer is 10 jaar oud en in standerd 2, wat hy vanjaar herhaal. Hy beskik oor 'n bogemiddelde intelligensie en het volgens verslae 'n leerprobleem en neig om hiperaktief

te wees. Die jonger broer is vier jaar oud en is nie in 'n pre-primêreskool nie. By die huis is sy die een wat haar lewe geniet, maar neig om dinge te verloor en kom soms vergeetagtig voor. Sy handhaaf goeie verhoudinge met haar ouers, maar neig soms om met die ouer broer, wat as 'n aggressiewe kind beskou word, te stry. Die vader is 32 jaar oud en werk as 'n landmeter. Hy was voorheen werksaam in die buiteland. In Suid-Afrika was hy ook werksaam as rekenmeester en as landmeter. Tans is hy weer werksaam in die buiteland, maar behou goeie bande met die gesin. Die moeder wat 30 jaar oud is, is 'n huisvrou. Die huwelik is stabiel en geen tekens van spanning is, wat die ouerhuis betref, te bespeur nie.

Skolastiese beeld

Leerling is tans in standerd 1 (wat sy herhaal).

Sy is tans in haar vyfde skool.

Die leerling het twee jaar in 'n bewaarskool deurgebring.

Sy het in die buiteland begin skoolgaan.

Terug in Suid-Afrika het die leerling weer met sub. A begin en het sy in haar derde skool sub. B voltooi. Die vorige jaar was sy in haar vierde skool, maar ervaar probleme met lees en spel.

Sy is verwys na 'n sentrum vir 'n volledige ondersoek en die volgende bevindings en aanbevelings is gedoen:

Die leerling se verbale intelligensie is bo gemiddeld.

Haar woordeskat is bevredigend.

Haar sosiale aanpassing is bo-gemiddeld.

Dit is vir haar moontlik om in 'n een-tot-een situasie aandag te gee.

In die klas is haar konsentrasie gebrekkig en word haar aandag maklik afgetrek.

Sy het ontwikkelingsagterstande in visuele volgorde en visuele diskriminasie.

Sy het 'n agterstand van een jaar in lees, begrip, spelling en geskrewe taal.

Remediëring word aanbeveel.

Die leerling het aan die einde van die vorige jaar gedruip en is tans in haar vyfde skool.

Intelligensie beeld soos verkry met 'n S.S.A.I.S.:

Woordeskat 15

Begrip 16

Verbale redenering 14

Probleme 13

Geheue 12

Patroonvoltooiing 13

Blokkies 13

Absurditeite 11

Vormbord 12

Verbale skaal 125

Nie-verbale skaal 123

Totaal 123

Persoonsbeeld

Persoonlikheidsvraelys vir kinders.

| | | |
|---|---|---|
| Faktor A | 3 | Teruggetrokke. Stroef, aggressief, krities dwarstrekkerig, weerstaan volwasse leiding, koel, afsydig, hard, presies. |
| Faktor B | 8 | Meer intelligent. |
| Faktor C | 3 | Maklik deur gevoelens beïnvloed. Emosioneel onstabiel, raak emosioneel met frustasie, veranderlik in houdings, en belangstellings. Prikkelbaar, ooraktief, ontwyk verantwoordelikhede, kommervol, raak in gevegte en ongelukke betrokke. Die -C kind is geneig om hom maklik te vererg vir mense en dinge en om ontevrede met sy gesin en die skool te wees, vind dit moeilik om stil te wees en homself te bedwing en word ontmoedig deur sy onvermoë om goeie gedragstandaarde te handhaaf. Hy toon meer as die gemiddelde neurotiese reaksies in die vorm van spysvertering- |

| | | |
|---|---|---|
| | | en slaapverstorings, irrasionele vrese, obsessiewe gedrag en vae gesondheidsgebreke. |
| Faktor D | 5 | |
| Faktor E | 6 | |
| Faktor F | 10 | Onbesorg. Spraaksaam, opgeruimd, kalm en rustig, openhartig, ekspressief, vinnig en wakker. Ondersoeke toon dat +F-persone oor die algemeen 'n omgewing gehad het wat minder straf uitgedeel het en meer optimiswekkend was, of dat hulle 'n meer onbesorgde houding as gevolg van minder veeleisende aspirasies het. |
| Faktor G | 8 | Pligsgetrou, volhardend, verantwoordelik vasberade, emosioneel volwasse, neem mense en reëls in ag, deurgaans ordelik. |
| Faktor H | 3 | Skaam. Teruggetrokke, beskroomd, ingetoë in die teenwoordigheid van die teenoorgestelde geslag, afsydig koel en afgesonderd, geneig om verbitterd te wees, versigtig en bedagsaam, sien gevaar gou, beheersd en konsensieus. |
| Faktor I | 5 | |
| Faktor J | 2 | Lewenskragtig. Lewensbly, gaan geredelik saam met die groep, hou van aandag, aanvaar algemene standaarde, tree handelend op. |
| Faktor N | 5 | |
| Faktor O | 8 | Bevreesd, geneigd tot skuldgevoelens, selfverwytend, kommervol, angstig, neerslagtig, huil maklik, fyngevoelig, teergevoelig, maklik ontstel. Sterk pligsgevoel, noukeurig, puntenerig, hipochondries, bobiese simptome, buierig, eensaam, peinsend. Die +O-persoon word oorvermoei deur opwindende situasies, voel onbekwaam om te voldoen aan die ruwe daaglikse eise van die lewe, kan as gevolg van kommernis nie slaap nie en word maklik neerslagtig en berouvol. By kinders gaan +O-tellings by uitstek gepaard met definitiewe vrese en 'n basiese gevoel van onbekwaamheid en eensaamheid. Hoë O-tellings dui op die noodsaaklikheid van versigtige hantering van emosionele probleme. |
| Faktor Q3 | 6 | |
| Faktor Q4 | 6 | |

Onderhoud met die moeder

Volgens die moeder kan sy nie verstaan waarom die leerling gedruip het nie

aangesien sy altyd besonder skrander voorgekom het. Die moeder het die leerling na 'n sentrum verwys en die gegewens is onder die skolastiese beeld genoem. Die moeder meen dat die leerling nie skoolgereed en ryp was om die werk te bemeester nie. Die ouers het a.g.v. die vader se beroep baie rondgetrek en die leerling het reeds op vierjarige ouderdom in die buiteland begin skoolgaan. Volgens die moeder was die formele onderrig gelykstaande aan sub. A standaard. Die moeder vermoed dat sy daar reeds 'n agterstand ontwikkel het omdat sy nie 'n goeie basis gekry het nie. Die moeder het haar die vorige jaar vir ekstra lesse geneem. Die leerling het vir 'n jaar en 'n half die skool in die buiteland bygewoon en geen probleme ervaar nie. Die eerste tekens van probleme het eers die vorige jaar hul verskyning gemaak. Terug in Suid-Afrika het die leerling as gevolg van haar ouderdom en die feit dat 'n jaarsiklus nie in die buiteland voltooi is nie, weer met sub. A begin. Die leerling is na 'n ander skool vir sub. B en het daar ook geen probleme ervaar nie. Daarna is die leerling terug na die vorige skool waar sy in sub. A was en dit is daar waar die probleme begin het. Lees was die een aspek wat die leerling reg van die begin af gehinder het. Die leerling was nie bekommerd oor die aanvanklike probleme nie en het eers teen die einde van die jaar bekommerd begin word. Die leerling het begin noem dat sy gaan druip. Volgens terugvoering van die moeder was die ander werk van die leerling in gedrang en het die swak lees dit negatief beïnvloed. Die leerling het ook nog probleme met omkeringe gehad. Die moeder moes lank wag om 'n afspraak te maak by die sentrum en die leerling het eers redelik laat in die jaar die sentrum besoek. Volgens die verslae van die sentrum aan die moeder was daar geen spesifieke probleme nie; Dus kon die sentrum nie die moeder van enige konkrete oorsake van die leerling se probleme voorsien nie. Die moeder noem dat die leerling huidiglik verveeld is in die skool en dat sy probleme het met konsentrasie. Haar verhouding met haar onderwyseresse

was nog altyd goed. Verlede jaar het sy egter eendag probleme in die klas gehad en die onderwyseres kon nie die probleem oplos nie. Die leerling het haar tas gegryp en huilend huis toe gehardloop. Volgens die moeder was die leerling histeries en was dit moeilik om haar tot bedaring te bring. Volgens die moeder was die leerling onseker oor wat sy moes doen en kon sy nie die werk verstaan nie. Nadat die leerling tot bedaring gebring is, is sy weer sonder enige probleme terug na die skool. Volgens die moeder sou die sentrum 'n meer volledige verslag aan die skool gestuur het, maar sy het geen terugvoering van die skool ontvang nie. Wat die huislike omstandighede betref, is daar volgens die moeder geen probleme nie. Die leerling mis wel haar vader wat tans weer in die buiteland werk. Weens die probleme met geskikte skole het die moeder besluit om in Suid-Afrika te bly om sodoende deurlopende onderrig te verseker. Die geboorte was normaal en daar is geen ernstige siektes wat 'n invloed op die leerling kon gehad het nie. Sy was net eenkeer in die hospitaal vir waarneming, maar volgens die moeder het dit nie enige negatiewe uitwerking op haar gehad nie. Sy is sosiaal goed aangepas en is blymoedig van geaardheid. Die huidige onderwyseres is slegs vir een week besig met die leerling, maar die vorige onderwyseres, van die huidige skool, kon volgens die moeder ook nie verstaan waarom die leerling gedruip het nie. Behalwe haar skrif, wat nie heeltemal op standaard was nie, was die onderwyseres tevrede met die standaard van die werk. Die moeder reken dat daar heelwat druk in die vorige skool was, aangesien dit 'n goeie skool was. Daar was veral op sportgebied heelwat druk. Die leerling was bevriend met 'n maatjie wat besonder goed op alle gebiede presteer het. Die moeder wonder of die leerling nie as gevolg daarvan onder druk geplaas is nie. Die leerling het teen die einde van die vorige jaar hulp ontvang t.o.v. haar leerprobleem. Volgens die moeder was daar 'n merkbare verbetering in haar

skoolwerk. Dit was egter nie voldoende om haar aan die einde van daardie jaar te laat slaag nie. Die moeder het die ouer broer, wat ook die vorige jaar gedruip het, in 'n buurskool geplaas aangesien die broer die leerling oorheers en die moeder dit wou uitskakel.

Onderhoud met die leerling

.... wat hinder jou op die oomblik. Volgens die leerling het sy nie probleme met haar werk nie. Van die twee onderwyseresse wat die leerling die jaar gehad het, hou sy die meeste van die eerste, want die huidige is volgens die leerling te streng. Die leerling is nog versigtig vir die huidige onderwyseres omdat sy die onderwyseres nie goed ken nie. Volgens die leerling het die speltoets probleme geskep, want sy het al haar woorde verkeerd gespel. Volgende die leerling het sy die spelling self geleer. Die moeder was behulpsaam om haar werk tuis te toets. Daar het sy al die spelwoorde reg gehad. Volgens die leerling het sy probleme met "b" en "d" en dit was die oorsaak van haar spelprobleem. Die leerling is bekommerd oor haar punte, maar ook in besonder oor haar wiskunde. Die leerling sê dat sy haar tafels ken, maar sy ervaar nog probleme met aftreksomme. In die eerste skool is die leerling nie geleer om te spel nie. Sy het egter nie probleme met spelling gehad nie. Dir vorige jaar het die leerling veral probleme met wiskunde gehad. Dit was veral moeilik om die probleme uit te werk. Die leerling het wel hulp ontvang, maar die meeste werk moes sy op haar eie doen en sy het probleme gehad wat sy self moes oplos. Gedurende die tweede helfte van die jaar het sy 'n onderwyseres gehad wat haar veral met klanke gehelp het. Volgens die leerling het die hulp baie vir haar beteken. Volgens die leerling was dit die feit dat sy nie kon spel nie wat veroorsaak het dat sy aan die einde van die vorige jaar gedruip het. Die leerling noem dat sy nie die wiskunde verstaan het nie en dat sy ook nie die onderwyseres gevra het om haar te help nie. Die leerling noem dat sy gelukkig was in die

skool en dat sy van die onderwyseresse gehou het. Sy weet egter nie of sy meer van die huidige skool se onderwyseresse hou nie, aangesien sy nie die huidige skool se onderwyseresse goed ken nie.

In die vorige skool het sy twee goeie vriende gehad. In die huidige skool het sy geen vriende nie. Die leerlinge in die huidige skool wil nie haar vriende wees nie. Sy het hulle gevra om met haar te speel, maar hulle wil nie en sy kan aan geen redes dink waarom die leerlinge nie met haar wil speel nie. Die leerling noem dat sy graag vriende wil hê. Volgens die leerling wil die leerlinge in die klas haar opsetlik in die moeilikheid bring. Die leerling kan nie aan enigiets dink wat die gedrag veroorsaak nie. By die huis is die leerling heel gelukkig. Die leerling noem dat sy soms nare drome het en skryf dit toe aan die films wat sy tuis sien. Die films kom van oorsee en sy is bang dat dit, wat sy in die films sien, met haar sal gebeur. Die leerling hou nie daarvan om alleen te wees nie. Dit is veral saans wanneer haar moeder uithuisig is dat sy bang is.

Onderhoud met die onderwyseres

Die huidige onderwyseres het die leerling as gevolg van 'n klasverskuiwing slegs vir een week gehad en kon dus nie veel informasie oordra nie. Die onderwyseres is nie bewus van enige probleme nie. Die onderwyseres het al die leerlinge spelwoorde laat neerskryf, pas nadat hulle dit behandel het en die onderwyseres het opgemerk dat die betrokke leerling dit nie kon onthou nie. Al die leerlinge moes weereens al die woorde leer en die leerling het weer drie verkeerd gehad. Woorde wat die vorige dag korrek gespel was, is die volgende dag verkeerd gespel. Dit wil voorkom asof die leerling nie kan konsentreer nie. Haar tafels ken sy en is sy besonder goed mee. Sy is ook

vinnig met flitskaarte vir optel- en aftreksomme. Die leerling se leesvermoë is nie goed nie en die onderwyseres skryf dit toe aan die gebrekkige kennis van klanke. Die leerling is sosiaal heel aanvaarbaar in die klas. Tog is die leerling geneig om in die klas aandag te trek deur uit te roep.

Verslag van vorige skool

Volgens die remediërende onderwyseres het die leerling teen die einde van die vorige jaar ekstra lesse gehad en is die volgende klanke afgehandel:

Al die klanke van die alfabet

Drie-letter-woorde

Konsonante

Die gebruik van k en c

Aan die einde van die eerste eksamen was die punte as volg:

| | |
|---|---|
| English | Ondergemiddeld |
| Afrikaans | Goed |
| Wiskunde | Goed |

Aan die einde van die tweede eksamen was die punte as volg:

| | |
|---|---|
| English | Ondergemiddeld |
| Afrikaans | Goed |
| Wiskunde | Ondergemiddeld |
| Omgewingsleer | Ondergemiddeld |

Aan die einde van die jaar was die uitslag as volg:

| | |
|---|---|
| English | Ondergemiddeld |
| Afrikaans | Goed |
| Wiskunde | Ondergemiddeld |
| Omgewingsleer | Ondergemiddeld |

Die leerling druip die standerd.

Die volgende opmerkings is deur die klasonderwyseres gemaak:

.... probeer hard. Haar probleme met English staan direk in verband met haar swak lees. Hou aan met harde werk en lees soveel as moontlik. Probeer om meer in die klas te konsentreer en werk volgende kwartaal harder.

Geval 5

Geslag en ouderdom

Manlik 7 jaar 7 maande

Familiegeskiedenis

Die leerling is die jongste van 5 kinders waarvan die drie oudstes die skool reeds verlaat het en die vierde tans in standerd vier is. Die ouerhuis is stabiel en die vader asook die moeder is toonaangewende inwoners. Die vader is 'n afgetrede myningenieur en is 50 jaar oud. Die moeder is 'n huisvrou en is 45 jaar oud. Dit is duidelik dat die leerling oorbeskerm is en die meeste van sy voorskoolse tyd saam met die vader deurgebring het.

Skolastiese beeld

Die leerling het nie 'n pre-primêreskool bygewoon nie en is die vorige jaar op 6 jaar 3 maande skool toe.

Die leerling is tans in sub. A (wat hy herhaal).

Dit is die leerling se tweede skool.

Die leerling het aan die begin van die derde kwartaal van die vorige jaar na die huidige skool gekom waar hy aan die einde van die jaar tegnies gedruip het. Die laaste simbole was as volg:

| | |
|---|---|
| English | D |
| Afrikaans | B |
| Wiskunde | D |
| Skrif | C |
| Totaal | C- |

Intelligensiebeeld soos verkry uit die J.S.A.I.S.:

Vormbord 12

Woordeskat 11

Getal en kwantiteitbegrip 8

Syfergeheue 9

Prenteraaisels 11

Woordassosiasie 11

Absurditeite A 15

Absurditeite B 13

Onderhoud met die ouers

Beide ouers was teenwoordig en het besonder goed saamgewerk. Volgens die vader was daar tydens hulle verblyf op die myndorp nie geskikte maats nie aangesien die kinders van die myndorp 'n negatiewe uitwerking op die leerling sou gehad het. Die leerling het meestal op sy eie gespeel en slegs enkele kere 'n pre-primêreskool bygewoon. Hy het slegs sy ouer suster gehad met wie hy kon speel. Hierna het die ouers vir 'n kort rukkie na 'n kleinhoewe verhuis. Daar was geen maats met wie die leerling kon speel nie. Daarna het die ouers na die dorp waar die leerling begin skoolgaan het, verhuis. Die vader sê dat die leerling gaan sit het waar die bure hom kon sien. Dit was die wyse waarop hy wou sê dat hy met die bure se seun wou speel. Die leerling het geen benul gehad hoe om speletjies te speel nie, aangesien hy geen ervaring daarvan gehad het nie. Hy was ook nie blootgestel aan televisie nie. Selfs tydens 'n partytjie, wat vir hom gehou is, het hy onttrek. Volgens die vader was dit baie moeilik. Hierdie gebrek aan sosialisering het voortgeduur totdat die gesin na die huidige dorp getrek het. Hierdie verskuiwing het plaasgevind teen die middel van die vorige jaar. Op die stadium het sy sosiale gedrag begin verander. Volgens die

moeder het die leerling, op die stadium, begin om maatjies op te soek. Dit het meegebring dat die leerling nie in skoolwerk geïnteresseerdwas nie, en dat hy net wou speel. Die leerling het ook aan die onderwyseres genoem dat hy liewers wou speel eerder as om skoolwerk te doen. Die leerling het makliker met volwassesnes geassosieer as met sy portuurgroep. Hy het na die laaste verhuising heelwat maats gehad en hy was net lus vir speel. Volgens die vader het hulle die saak teen die einde van die jaar met die onderwyseres bespreek. Die onderwyseres het saamgestem dat die leerling nie in skoolwerk geïnteresseerdis nie. Die onderwyseres het gevoel dat die leerling nie gereed is vir skool nie. Die ouers en die onderwyseres het 'n ooreenkoms aangegaan en, hoewel dit onwettig was, het die ouers die leerling uit die skool gehou sodra daar tekens was dat die leering nie lus was vir skool nie. Volgens die moeder het hulle die saak met die onderwyseres bespreek en, volgens die onderwyseres, sou dit beter wees as die leerling die jaar herhaal. Volgens die moeder het die leerling net skool toe gegaan om te speel wanneer hy wou. Dit is ook duidelik aan die leerling gestel dat dit nie die daaropvolgende jaar die geval sou wees nie. Die leerling sou vanjaar skool moes bywoon, of hy wou of nie. Die ouers het dit aan die leerling gestel dat hy nie meer die skool hoef te besoek nie, maar die leerling was nie lus om sonder sy maats klaar te kom nie en wou skool bywoon, maar net om te speel. Dit situasie het egter die huidige jaar verander en volgens die moeder, is hy lus vir skool en is hy trots as hy 'n nuwe boek kry. Hy geniet die skool. Volgens die vader het die leerling nie die geleentheid gehad om te eksploreer soos wat 'n normale kind nodig het nie. Die leerling het in die geselskap van volwassenes grootgeword. Aangesien die vader op 'n vroeë ouderdom afgetree het, het die leerling die meeste van sy tyd saam met sy vader deurgebring. Die vader meen dat, as die

sosialisering eers uitgeskakel is, daar nie enige verdere probleme behoort te wees nie. Volgens die moeder het die leerling nie van sy eerste skool gehou nie omdat hy nie met sy onderwyseres kon klaarkom nie. Die moeder verwys na voorvalle waar die onderwyseres en die ouers gebots het en die saak met die skoolhoof uitgeklaar moes word. Die leerling het nie met die onderwyseres klaargekom nie en daar was tekens dat hy bang was vir haar. Die ouers moes lyfstraf toepas om hom in die skool te kry. Die ouers moes soms by hom in die klas gaan sit totdat hy opgehou het met huil voordat hulle hom alleen kon los. Die leerling het reg van die begin af nie van die skool gehou nie en dit was ook een van die redes waarom die ouers verhuis het en na die huidige skool gekom het. Volgens die ouers was die leerling, wat sy lees betref, ver agter by die huidige skool. Volgens die ouers het die eerste onderwyseres tog 'n verslag gestuur aan die huidige skool, maar die opmerkings was erg negatief. Die leerling het niks van die vorige skool vertel nie, maar was geneig om van die huidige skool se gebeure en aktiwiteite, wat niks met skoolwerk te doen gehad het nie, aan die ouers oor te dra. Daar was die eerste ses maande van die vorige jaar geen sosiale interaksie met maats in die vorige dorp nie. Die leerling het nie geweet wat dit is om te speel nie. Volgens die moeder is die leerling besonder geïnteresseerd in temas. Hy neem sy maats en gee letterlik lesings oor die temas waarin hy geïnteresseerd is, terwyl sy maats wil speel. Die geboortegeskiedenis was normaal en daar is, behalwe oorinfeksie, geen ernstige probleme nie. Ondersoeke het gelei tot die verwydering van die mangels. Gehoortoetse is uitgevoer en volgens die vader is daar op die oomblik geen probleme met sy gehoor nie. Die moeder noem dat, wat sy persoonlikheid betref, die leerling op die oomblik baie besitlik is. Die leerling kan dit nie verwerk dat hy vriende met ander moet deel nie. Daar is 'n besondere goeie verhouding tussen die leerling en die suster van elf jaar.

Die leerling neig ook om kinders sowel as volwassenes te terg. Hoewel hy aanvanklik skaam is, sal hy sy ouers aanhou terg totdat hulle dit nie meer kan verduur nie. Soms kla die leerling oor nagmerries, maar word maklik getroos. Soms lag hy in sy slaap. Soms is hy bang om te gaan slaap. Versekering stel hom nie altyd gerus nie. Hy neig om antwoorde op al sy ouers se besware te hê. Dit wil voorkom asof die leerling, volgens die ouers, daarin slaag om hulle te manipuleer op 'n vindingryke wyse. Volgens die moeder het hulle nagelaat om die leerling die nodige verantwoordelikhede te gee omdat hy die jongste in die gesin is. Die ouers het 'n soortgelyke fout gemaak met hul derde seun. Nadat die twee oudste seuns uit die huis is, het hulle probleme ondervind omdat hy niks vir homself kon doen nie. Die ouers maak tans van die ouer dogter gebruik om algemene take te verrig. Die vader is betrokke in die seun se aktiwiteite en beplan om hom die basiese beginsels van rekenaars te leer.

Onderhoud met die leerling

.... wat het jou in die vorige skool gehinder? Volgens die leerling was die werk te moeilik. Die somme asook die lees was moeilik. Die lees was moeilik omdat dit anders was. Die onderwyseres het altyd op hom geskree. Gedurende pouse het die groter kinders hom afgeknou. Die leerling het drie vriende by die vorige skool gehad en hulle het gewoonlik pouse met hom gespeel. Die leerling het nie van die vorige skool gehou nie omdat lyfstraf toegepas is wanneer hy stout was. Verder het hulle ook op hom geskree. Een van sy vriende het opgehou om met hom te speel. Die leerling het na die huidige skool gekom omdat die leerlinge en die onderwysers hom afgeknou het. Dit was by die huidige skool baie beter omdat die onderwysers hom nie afgeknou het nie en omdat die somme makliker was. Dit het ook beter met die

klanke gegaan. Die leerling het ook meer vriende gehad wat hom nie afgeknou het nie. Die leerling het tans vier vriende. Volgens die leerling was hy die vorige jaar te jonk en daarom het hy die skool vier weke voor die einde van die jaar verlaat. Verder was die leerling ook siek en moes hy tuis bly. Dit was lekker by die huis, maar die leerling het ook na sy skoolmaats verlang. Die skool is die huidige jaar baie lekker, want dit is beter as in die vorige skool. Die leerling dink dat hy nie vanjaar dieselfde probleme sal ervaar nie omdat die leerlinge hom nie meer sal afknou nie.

Verslag van die vorige onderwyseres

Volgens die vorige onderwyseres is die leerling nie entoesiasties en gemotiveerd nie. Volgens haar moet hy langs 'n engelssprekende sub. A leerling geplaas word wat wel entoesiasties is. Hy lees sonder enige begrip en kan nie enige kennis van sy klanke toepas nie. Die huidige onderwyseres het op daardie stadium die opmerking gemaak dat die leerling bang is dat hy gaan druip en dat hy nie onder druk geplaas moet word nie. Hy moet die geleentheid gegee word om te ontwikkel en natuurlik te groei.

Verslag van die huidige onderwyseres

.... waarom moes die leerling vier weke voor die einde van die jaar die skool verlaat? Volgens die onderwyseres was dit nie nodig nie. Die moeder het net gesê dat hy nie meer skool toe wou kom nie. Dit het begin met afwesighede wat gaandeweg vermeerder het totdat dit 'n semi-permanente gebruik was. Die onderwyseres het die moeder geskakel en die moeder het gevra of hy nie maar permanent kan wegbly nie, omdat hy so baie gemis het. Die feit dat die leerling eers die tweede helfte van die jaar gekom het, het dit 'n redelike onbevredigende situasie vir die leerling en die onderwyseres gemaak. Die leerling was egter skoolpligtig en die onderwyseres moes dit

eintlik nie toegelaat het nie. Die leerling se gesindheid is tans gans anders. Toe die leerling na die huidige skool gekom het, was die leerling besonder swak. Die onderwyseres was nie seker wat die oorsaak daarvan was nie. Dit was moontlik swak onderrig of gedragsprobleme of gebrekkige intelligensie. Die onderwyseres het op daardie stadium gedink dat die leerling bederf was. Die leerling is 'n laatlammetjie en oorbeskerm. Die vader is baie geïnteresseerd in sport. Die ouers het beide sterk persoonlikhede. Die onderwyseres weet nie wat tuis gebeur nie. Die leerling kon nie konsentreer nie en het gedoen net dit wat hy wou. Die ouers het die leerling na dié skool gebring omdat hulle na die dorp getrek het. Met die aankoms in die nuwe skool was die leerling tranerig en wou hy nie sy samewerking gee nie. Hy was skaam en het voortdurend sy voete gesleep. Die leerling was 'n irriterende kind wat nooit die opdragte wat gegee is, uitgevoer het nie. Die onderwyseres onthou dat die leerling op daardie stadium genoem het dat die vorige onderwyseres op hom geskree het. Die leerling het vriende gemaak met 'n ander leerling wat ook teruggetrokke was. Sodoende het die leerling se belangstelling in die skool begin taan. Die leerling was nie geïnteresseerd in die skool nie en het dwars getrek. Die leerling en die maatjie was voortdurend besig om te speel. Daar was nie geleentheid vir die leerling om met maats wat by hom pas te speel nie. Dit was miskien 'n goeie ding om met die maats te speel, want nou is hy gereed om die werk te doen. Daar is 'n besliste verskil tussen die werk van vanjaar en die werk van die vorige jaar. Hy lees graag en werk saam. Die leerling sal vanjaar slaag. Hy is reeds met sy vierde boek besig en was baie opgewonde toe hy kon leer lees. Die vorige jaar kon hy slegs enkele woorde lees. Aan die begin van die jaar was hy 'n ander kind wat lus was vir die werk. Hy het van die begin af in so 'n mate saamgewerk dat die

onderwyseres verbaas was. Die onderwyseres meen die feit dat die familie gestabiliseer het. het daartoe bygedra dat die leerling beter vaar. Die leerling se vader stel belang in sport, maar die leerling is nie goed daarin nie.

BRONNELYS

AUSUBEL, D.P., 1968, Educational psychology a cognitive view, Holt, Rinehart and Winston Inc., New York.

BIASCO, F., 1973, The elementary school counselor. Elementary-school guidance and counseling: A composite view , edited by Van Hoose, W.H. Pietrofesa, J.J. and Carlson, J., Houghton Mifflin Company, Boston.

BIGGERS, J.L., 1977, The elementary school counselor in Texas: a nine-year follow-up, in Elementary School Guidance and counseling, v.11, pp. 15-19.

BLEDSOE, J., 1967, Self-concept of children and their intelligence, achievement, interests, and anxiety. Child Education 43: pp. 436-538.

BROWN, W.F., and HOLTZMAN, W.H., 1964, Survey of study habits and attitudes, The Psychological Corporation, New York.

BRUCK, M., and BODWIN, R.F., 1962, The relationship between self-concept and the presence and absence of scholastic underachievement, in Journal Clinical Psychology, 18: pp. 181-182.

BRYAN, T.H., and BRYAN J.H., 1978, Understanding learning disabilities, Alfred publishing Co., Inc. Sherman Oaks, California.

CAMPBELL, P.B., 1967, School and self concept. Educational Leadership 24: pp. 510-515.

CARTER, L.B., 1956, The effect of early school entrance on scholastic achievement of elementary school children in the Austin Public Schools, Journal of Educational Research, 50: pp. 91-103.

CHALFANT, J.C., and SCHEFFELIN, M.A., 1969, Central processing dysfunctions in children: A review of research, Ninds Monograph No. 9.

CHRISTENSEN, O.C., 1969, Education: A model for counseling in the elementary school, in Elementary School Guidance and Counseling, v. 3 pp. 12-19.

CLEGG, A., and MEGSON, B., 1968, Children in distress, Penguin Education.

COLEMAN, W., 1963, Some criteria for evaluating elementary school guidance services, Guidance in the elementary school, edited by Peters, H.J., Macmillan Publishing Co., Inc. New York.

CRESCIMBENI, J., 1964, Broken homes affect academic achievement, Education, 84, pp. 437-441.

DE LANGE, J.P., 1981, Report of the work committee: Guidance. Pretoria.

DEPARTMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING, 1982, Jaarverslag, Staatsdrukker, Pretoria.

DEPARTMENT VAN ONDERWYS, 1982, Verslag van die Direkteur van onderwys, Provinsie die Kaap de Goeie Hoop.

DIMICK, K.M. and HUFF, V.E., 1970, Child counseling, William C. Brown Company, Publishers, Dubugue, Iowa.

DINKMEYER, D., 1971, Developmental counseling in the elementary school, Elementary School Guidance and Counseling, edited by Mills, G.D., New York, pp. 130-136.

FLOWERS, J.V., HORSMAN, J., and SCHWARTZ, B., 1982, Raising your gifted child, Englewood Cliffs, Prentice-Hall.

FOURIE, J.J., 1974, 'n Ondersoek na die plek en waarde van skoolvoorligting in 'n gedifferensieerde onderwysstelsel, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, (M.Ed.-verhandeling) Bloemfontein.

FREEMAN, J., 1983, Clever children, A parent's guide, Hamlyn paperbacks.

GAUDRY, E., and SPIELBERGER, C.D., 1971, Anxiety and educational achievement, John Wiley & Sons Australasie Pty Ltd, Sydney.

GIBSON, R.L., MITCHEL, M.H. and HIGGENS, R.E., 1973, The development and management of school guidance programs, Brown Company Publishers, Dubuque Iowa.

GIBSON, R.L. MITCHEL, M.H. and HIGGENS, R.E., 1983, Development and management of counseling programs and guidance services, Macmillan Publishing Co., Inc. New York.

GOODACRE, E.J., 1970, School and home, National Foundation for Educational Research in England and Wales.

GOUWS, D.J., 1961, Die akademiese vordering en aanpassing van eerstejaarstudente, Van Schaik, Pretoria.

GOWAN, J.C., 1960, Factors of achievement in high school and college, Journal of Counseling Psychology, 7: pp. 91-95.

GROBE, R.P., MYATT, K. and WHEELER, S.B., 1978, A systematic planning model for an elementary school guidance program, in Elementary School Guidance and Counseling, v. 12, pp. 256-265.

GUILFORD, J.P., 1959, Three faces of intellect, American Psychologist, pp. 470.

GUNTER, C.F.G., 1969, Fenomenologie en fundamentele opvoedkunde, Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars.

HAASBROEK, J.B., 1970, Die opleiding van voorligters in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande, R.G.N.-verslag nr. 05, Pretoria.

HAMBLIN, D., 1974, The teacher and counseling, Basil Blackwell, Oxford.

HANSEN, J.C., 1978, Counseling process and procedures, Macmillan Publishing Co., New York.

HOLT, J., 1964, How children fail. Penguin Books.

HUNT, J. McV., 1962, Intelligence and experience, Ronald, New York.

JACKSON, R., and JUNIPER, D.F., 1970, A manual of educational guidance. Holt, Rinehart and Winston Ltd, London.

JOHNSON, W.F., 1961, Guidance, counseling and student personnel in education, McGraw-Hill Series in Education.

KAGAN, J., and MOSS, H.A., 1962, Birth to maturity, John Wiley and Sons, Inc., New York.

KAMEEN, M.C. and PARKER, L.G., 1979, The counselor's role in developing the individualized educational program, in Elementary School Guidance and Counseling, v.13, pp. 189-196.

KEAT, D.B., 1974, Fundamentals of child counseling, Houghton Mifflin, Boston.

KOPP, O.W., and McNEFF, M.O., 1969, Guidance handbook for personnel of elementary schools, University of Nebraska.

KOREN, E.T., 1974, Flexible guidance in the elementary school: Tested techniques for a stress-free classroom, The centre for applied Research in education, Inc., New York.

KRUGER, H.B., 1977, Algemene voorligting vir onderwysstudente, Pro Rege. Potchefstroom.

LAMB, J., and DESCHENES, R., 1974, The unique role of the elementary school counselor, in Elementary school guidance and counseling, v.8 pp. 219-223.

LANGEVELD, M.J., 1969, Scholen maken mensen, Tweede druk, J. Muusses nv Purmerend.

MADGE, E.M., 1976 Die junior Suid-Afrikaanse individuele skaal, RGN, Pretoria.

MALAN, J.A., 1978, Skoolvoorligting in die primêreskool, in Die Unie 74(8).

MARX, H., REDDING, J.F. and SMITH, L.J., 1967, A program of group counseling in the elementary school, in Elementary School Guidance and Counseling, v. 1, pp. 32-41.

MASLOW, A.H., 1954, Motivation and personality, Harper and Row, Publishers Inc., New York.

MAY, R.D., 1976, Pennsylvania elementary guidance evaluation instrument, in

Elementary School Guidance and Counseling, V.10, pp. 189 - 194

McKENZIE, J.D. Jr, 1964, The dynamics of deviant achievement, in Personnel and Guidance Journal, 42: pp. 683-686.

MEEKS, A.R., 1968, Guidance in elementary education, The Ronald Press Company, New York.

MEEKS, A.R., 1971, Elementary school counseling, in Elementary School Guidance and counseling, edited by Mills, G.D., Random House, New York, pp. 125-129.

MEEKS, A.R., 1971, Guidance in the elementary school, Elementary School guidance and counceling, edited by Mills, G.D., Random house, New York, pp. 100-103.

MEEKS, A.R., 1973, The counseling process in the elementary education, Elementary school guidance and counseling: A composite view, edited by Van Hoose, W.H., Pietrofesa, J.J., Carlson, J., Houghton Mifflin Company, Boston, pp. 77-85.

MILLS, G.D., 1971, Elementary school guidance and counseling, Random House, New York.

NELSON, R.C., 1969, Issues and dialogue, in Elementary School Guidance and Counseling, V.3, pp. 296 - 297

NELSON, R.C., 1972, Guidance and counseling in the elementary school, Holt Rinehart and Winston, In., New York.

OHLSEN, M.M., 1973, A rationale for elementary school counselor, Elementary School Guidance and Counseling, edited by Mills, G.D., Random House, New York, pp. 104-111.

OHLSEN, M.M., 1973, Counseling children in groups, Holt, Rinehart and Winston, Inc., New York.

OHLSEN, M.M., 1974, Guidance services in the modern school, Harcourt, Brace and Jonanovich Inc., New York.

PATOUILLET, R., 1971, Organizing for guidance in the elementary school, Elementary school guidance and counseling, edited by Mills, G.D., Random Hous, New York, pp. 226-235.

PEEL, E.A., 1976, The pupil's thinking, London and Home Counties Branch of the Library Association.

PURKEY, W.W., 1970, Self concept and school achievement, New Jersey, Prentice Hall.

PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN KAAP DIE GOEIE HOOP, 1981, Departement van Onderwys. Onderwysgidse vir Gesinsvoorligting.

PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP, 1981, ONDERWYSDEPARTEMENT, Voorligtingstuk oor Jeugweerbaarheid in die Primêreskool.

RHODES, J.A., 1968, Vocational education and guidance: A system for the seventies, Charles E. Merrill Publishing Company, Columbus, Ohio.

RILEY, A., 1979, A comprehensive guidance program, in Elementary school guidance and counseling, v 13, pp. 262 - 268

ROBINSON, B.H., and ROBINSON, N.M., 1965, The mentally retarded child, McGraw-Hill book company, New York.

ROGERS, C.R., 1969, Freedom to learn, Charls E. Merrill Publishing Company, Columbus, Ohio.

ROSENTHAL, R., and JACOBSON, L., 1968b, Pygmalion in the classroom: Teacher expectation and pupils' intellectual development, Holt, Rinehart & Winston, Inc., New York.

RöSLER, H.D., 1963, Leistungshemmende Faktoren in der Umwelt des Kindes, Johann Ambrosius Barth, Leipzig (soos aangehaal deur Van Aarde (1967)).

SMALLENBURG, H., 1971, Studying the elementary guidance program, edited by Mills, G.D., Random House, New York, pp. 219-225.

SHAW, M.C., 1964, Note on parent attitudes towards independence training and academic achievement of their children, Journal of Educational Psychology, 55, pp. 371 -37.

SHAW, M.C., and DUTTON, B.E., 1962, The use of parent attitude research inventory with the parents of bright academic underachievers, Journal of Educational Psychology, 53, pp. 203 -208

SHERTZER, B., and STONE, S., 1981, Fundamentals of guidance, Houghton-Mufflin, Boston.

SIBER, J.E., O'Neil, N.F. and TOBIAS, 1977, Anxiety, Learning, and instruction, Lawrence Erlbaum Associates, Publishers Hillsdale, New Jersey.

STAATSKOERANT, 1971, Wet 39 van 1967.

STONE, L.J. and CHURCH, F., 1969, Beknopte Ontwikkelings Psyhologie. Agnon Elsevier, Amsterdam.

STOTT, D.H., 1978, Helping Children with learning difficulties, Ward Lock Educational.

SUTTON, R.S., 1961, An analysis of factors related to educational achievement, Journal of Genetic Psychology, 98, pp. 193 - 201

VAN AARDE, J.A., 1967, 'n Ondersoek na die moontlike verband tussen sekere persoonlikheids- en omgewingsfaktore en onderprestering deur intelligente Laerskoolleerlinge, Universiteit van Port Elizabeth, Ph. D Proefskrif, Port Elizabeth.

VAN HOOSE, W.H., 1970, The Elementary School Counselor, Wane State University Press, De Troit.

VAN HOOSE, W.H., PIETTROFESA, J.J., and CARLSON, J., 1973, Elementary school guidance and counseling: A Composite View, Houghton Mufflin Company, Atlanta.

VAN NIEKERK, J.F., 1967, Skoolvoorligting- teorie en praktyk, Universiteitsuitgewers, Stellenbosch.

VISSER, G., 1981, Die voorligtingstaak van die skoolhoof in die hoërskool in Kaapland. M.Ed-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

WALL, W.D., SHONELL, F.J. and WILLARD, C.O., 1962, Failure in school, Unesco institute for education, Hamburg.

WALKER, S., 1975, Drugging the American child: we've been too cavalier about hyperactivity, Journal of learning disabilities, 6, pp. 354-358.

WOODBY, L.G., 1964, The low achiever in mathematics, U.S. Department of Health, Education and Welfare.